(2) The Authority must give notice of the application in the *Gazette* and—

*(a)* invite interested persons to apply and submit written representations in relation to the application within the period mentioned in the notice;

*(b)* include the percentage of equity ownership to be held by persons from historically disadvantaged groups, which must not be less than 30%, or such higher percentage as may be prescribed;

*(c)* set out the proposed licence conditions that will apply to the licence; and

*(d)* give interested persons an opportunity to submit written responses to any representations submitted in terms of paragraph *(a)*;

*(e)* may conduct a public hearing in relation to any application for an individual licence;

(3) The Authority may require an applicant or an interested party who has submitted written representations in terms of subsection (2)*(a)* to furnish the Authority, within the period specified by the Authority, with such further information as may be reasonably necessary in order to consider the application.

(4) *(a)* Applications, representations, responses and other documents relating to an application which are submitted to the Authority are, subject to this subsection, open to public inspection during the normal office hours of the Authority.

*(b)* The Authority must, at the request of any person and on payment of such fee as may be prescribed, furnish him or her with copies of documents requested by such person.

*(c)* (i) The Authority may, at the request of an applicant or person who has submitted representations or responses, decide that—

*(aa)* any document or information that is commercially sensitive; or

*(bb)* any other matter reasonably justifying confidentiality, is not open to public inspection, if such document or information can be separated from the application, representations or other documents in question.

(ii) for the purposes of this subsection, commercially sensitive document, information or other matter reasonably justifying confidentiality, excludes documents or information that should, as a matter of law be generally available to the public.

*(d)* If the Authority refuses a request referred to in paragraph *(c)*(i), the applicant or person concerned may withdraw the document or information in question.

(5) The Authority must, after considering—

*(a)* any application for an individual licence made in terms of this Act; and

*(b)* any written representations made in terms of subsection (2) in relation to the application,

notify the applicant of its decision, the reasons for that decision and any licence conditions applicable and publish such information in the *Gazette*.

(6) Whenever the Authority grants an individual licence, the Authority—

*(a)* must do so on standard terms and conditions applicable to the type of licence, as prescribed in terms of section 8; and

*(b)* may impose such additional terms and conditions as may be prescribed in terms of section 8(3).

(7) Despite subsection (6), the Authority may impose on the applicant any other specific terms and conditions resulting from undertakings made by the applicant.

(4) Die Owerheid kan by regulasie voorsiening maak vir die aanwysing van lisensiehouers op wie verpligtinge van universele diens en universele toegang van toepassing is.

**Aansoek om en toestaan van individuele lisensies**

**9.** (1) Enige persoon kan behoudens die bepalings van hierdie Wet, op uitnodiging van die Owerheid, op die voorgeskrewe wyse om ’n individuele lisensie aansoek doen.

(2) Die Owerheid moet in die *Staatskoerant* kennis van die aansoek gee en—

*(a)* belanghebbende persone versoek om aansoek te doen en skriftelike vertoë met betrekking tot die aansoek voor te lê binne die tydperk in die kennisgewing vermeld;
*(b)* die persentasie van aandeeleienaarskap insluit wat gehou moet word deur persone van histories benadeelde groepe, wat minstens 30% moet wees of die hoër persentasie wat voorgeskryf word;
*(c)* die voorgestelde lisensievoorwaardes uiteensit wat op die lisensie van toepassing sal wees;
*(d)* aan belanghebbende persone ’n geleentheid bied om skriftelike reaksies voor te lê op enige vertoë wat ingevolge paragraaf *(a)* gerig is; en
*(e)* kan ’n openbare verhoor hou met betrekking tot enige aansoek om ’n individuele lisensie.

(3) Die Owerheid kan van ’n aansoeker of ’n belanghebbende party wat skriftelike vertoë ingevolge subartikel (2)*(a)* gerig het, vereis om die Owerheid binne die tydperk deur die Owerheid bepaal, te voorsien van die verdere inligting wat redelikerwys nodig is om die aansoek te oorweeg.

(4) *(a)* Aansoeke, vertoë, reaksies en ander dokumente rakende ’n aansoek wat aan die Owerheid voorgelê word, is vir die publiek ter insae oop gedurende die gewone kantoorure van die Owerheid, behoudens hierdie subartikel.

*(b)* Die Owerheid moet op versoek van enige persoon en by betaling van die gelde wat voorgeskryf is, hom of haar voorsien van afskrifte van dokumente deur sodanige persoon versoek.

*(c)* (i) Die Owerheid kan op versoek van ’n aansoeker of persoon wat vertoë of reaksies gerig het, besluit dat—

*(aa)* enige dokument of inligting wat kommersieel sensitief is; of
*(bb)* enige ander aangeleentheid wat redelikerwys vertroulikheid regverdig,

nie vir die publiek ter insae oop is nie, indien sodanige dokument of inligting geskei kan word van die onderhawige aansoek, vertoë of ander dokumente.

(ii) By die toepassing van hierdie subartikel sluit kommersieel sensitiewe dokumente, inligting of ander aangeleenthede wat redelikerwys vertroulikheid regverdig, dokumente of inligting uit wat regtens gesproke algemeen beskikbaar vir die publiek moet wees.

*(d)* Indien die Owerheid ’n versoek in paragraaf *(c)*(i) bedoel, weier, kan die betrokke aansoeker of persoon die onderhawige dokument of inligting onttrek.

(5) Die Owerheid moet, na oorweging van—

*(a)* enige aansoek om ’n individuele lisensie ingevolge hierdie Wet; en
*(b)* enige skriftelike vertoë ingevolge subartikel (2) met betrekking tot die aansoek gerig,

die aansoeker verwittig van sy besluit, die redes vir daardie besluit en enige toepaslike lisensievoorwaardes, en sodanige inligting in die *Staatskoerant* publiseer.

(6) Wanneer die Owerheid ’n individuele lisensie toestaan—

*(a)* moet die Owerheid dit doen op standaardbedinge en -voorwaardes van toepassing op die tipe lisensie, soos ingevolge artikel 8 voorgeskryf; en
*(b)* kan die Owerheid die bykomende bedinge en voorwaardes stel wat ingevolge artikel 8(3) voorgeskryf is.

(7) Ondanks subartikel (6) kan die Owerheid enige ander spesifieke bedinge en voorwaardes aan die aansoeker oplê voortspruitend uit ondernemings wat deur die aansoeker gegee is.

**Amendment of individual licence**

**10.** (1) The Authority may amend an individual licence after consultation with the licensee—

*(a)* to make the terms and conditions of the individual licence consistent with the terms and conditions being imposed generally in respect of all individual licences of the same type;
*(b)* for the purpose of ensuring fair competition between licencees;
*(c)* to the extent requested by the licensee provided it will not militate against orderly frequency management and will not prejudice the interests of other licencees;
*(d)* to the extent necessitated by technological change or in the interest of ordely frequency management;
*(e)* in accordance with a decision made by the Authority in terms of section 17E of the ICASA Act following a finding and recommendation by the Complaints and Compliance Committee;
*(f)* where the Authority is satisfied that the amendment is necessary to ensure the achievement of the objectives of this Act;
*(g)* if the amendment relates to universal access or universal service and is necessary, in the opinion of the Authority, as a result of—
  (i) changed circumstances in the market; or
  (ii) lack of electronic communications network services, broadcasting services, or electronic communications services in specifically identified areas of the Republic.
*(h)* if the amendment is in pursuance of and in accordance with the regulations made under Chapter 10.

(2) The provisions of section 9(2) to (6) apply, with the necessary changes, to the amendment of an individual licence.

**Renewal of individual licence**

**11.** (1) A licensee may, subject to the conditions of his or her individual licence, apply for the renewal of his or her individual licence in the manner prescribed by the Authority.

(2) The regulations prescribed by the Authority in terms of subsection (1) must specify, among other things, the form and content of applications for renewal and the time period for applying for renewal.

(3) Except as provided in this section, the provisions of section 9(2) to (6) apply, with the necessary changes, to the renewal of an individual licence.

(4) Except for applications contemplated in subsection (9), the Authority must, subject to subsection (8), make its decision on the application for renewal prior to the expiration of the date specified in the licence.

(5) The Authority may prescribe any fees applicable to the renewal of an individual licence.

(6) Subject to subsection (7), the Authority must renew the individual licence on no less favourable terms and conditions as were applicable during its preceding period of validity except where the amendments meet the requirements set out in section 10.

(7) Subject to subsection (12), the Authority may refuse to renew a licence or may renew the licence on less favourable terms and conditions than those that were applicable during the preceding period of validity or renew the licence with terms and conditions that are not applicable to similar licences if the Authority determines that the licensee has materially and repeatedly failed to comply with—

*(a)* the terms and conditions of the licence;
*(b)* the provisions of this Act or of the related legislation; or
*(c)* any regulation made by the Authority.

(8) If the Authority refuses an application for renewal of the individual licence or renews the licence on less favourable terms and conditions, the Authority—

*(a)* must, as soon as practicable, inform the licensee by written notice, of its decision and the reasons for the decision;

**Wysiging van individuele lisensie**

**10.** (1) Die Owerheid kan 'n individuele lisensie na oorleg met die lisensiehouer wysig—

*(a)* om die bedinge en voorwaardes van die individuele lisensie in ooreenstemming te bring met die bedinge en voorwaardes wat in die algemeen ten opsigte van alle individuele lisensies van dieselfde tipe gestel word;
*(b)* ten einde billike mededinging tussen lisensiehouers te verseker;
*(c)* in soverre dit deur die lisensiehouer versoek word, met dien verstande dat dit nie strydig met ordelike frekwensiebestuur sal wees nie en nie die belange van ander lisensiehouers sal benadeel nie;
*(d)* in soverre dit deur tegnologiese verandering genoodsaak word of in belang van ordelike frekwensiebestuur is;
*(e)* ooreenkomstig 'n besluit deur die Owerheid ingevolge artikel 17E van die OKOSA-wet na 'n bevinding en aanbeveling deur die Klagtes- en Nakomingskomitee;
*(f)* waar die Owerheid oortuig is dat die wysiging nodig is ten einde die bereiking van die oogmerke van hierdie Wet te verseker;
*(g)* indien die wysiging met universele toegang of universele diens verband hou en na die mening van die Owerheid nodig is as gevolg van—
  (i) veranderde omstandighede in die mark; of
  (ii) gebrek aan elektroniese kommunikasienetwerkdienste, uitsaaidienste of elektroniese kommunikasiedienste in spesifiek geïdentifiseerde gebiede van die Republiek;
*(h)* indien die wysiging ingevolge en ooreenkomstig die regulasies uitgevaardig kragtens Hoofstuk 10 is.

(2) Die bepalings van artikel 9(2) tot (6) is met die nodige veranderings van toepassing op die wysiging van 'n individuele lisensie.

**Hernuwing van individuele lisensie**

**11.** (1) 'n Lisensiehouer kan, behoudens die voorwaardes van sy of haar individuele lisensie, aansoek doen om die hernuwing van sy of haar individuele lisensie op die wyse deur die Owerheid voorgeskryf.

(2) Die regulasies ingevolge subartikel (1) deur die Owerheid voorgeskryf, moet onder andere die vorm en inhoud van aansoeke om hernuwing en die tydperk vir aansoek om hernuwing bepaal.

(3) Uitgesonderd soos in hierdie artikel bepaal, is die bepalings van artikel 9(2) tot (6) met die nodige veranderings van toepassing op die hernuwing van 'n individuele lisensie.

(4) Uitgesonderd aansoeke in subartikel (9) beoog, moet die Owerheid, behoudens subartikel (8), sy besluit oor die aansoek om hernuwing neem voor die verstryking van die datum in die lisensie genoem.

(5) Die Owerheid kan enige gelde van toepassing op die hernuwing van 'n individuele lisensie voorskryf.

(6) Behoudens subartikel (7) moet die Owerheid die individuele lisensie hernu op bedinge en voorwaardes wat nie minder gunstig is nie as dié wat van toepassing was gedurende die voorafgaande geldigheidstydperk, uitgesonderd waar die wysigings voldoen aan die vereistes in artikel 10 uiteengesit.

(7) Behoudens subartikel (12) kan die Owerheid weier om 'n lisensie te hernu of kan hy die lisensie hernu op bedinge en voorwaardes wat minder gunstig is as dié wat van toepassing was gedurende die voorafgaande geldigheidstydperk, of die lisensie hernu met bedinge en voorwaardes wat nie op soortgelyke lisensies van toepassing is nie indien die Owerheid bepaal dat die lisensiehouer wesenlik en herhaaldelik versuim het om te voldoen aan—

*(a)* die bedinge en voorwaardes van die lisensie;
*(b)* die bepalings van hierdie Wet of van die verwante wetgewing; of
*(c)* enige regulasie deur die Owerheid uitgevaardig.

(8) Indien die Owerheid 'n aansoek om die hernuwing van die individuele lisensie weier of die lisensie op minder gunstige bedinge en voorwaardes hernu—

*(a)* moet die Owerheid so gou doenlik die lisensiehouer per skriftelike kennisgewing in kennis stel van sy besluit en die redes vir die besluit;

*(b)* must provide the licensee with a reasonable opportunity to make written submissions to the Authority within a time period specified in the notice referred to in paragraph *(a)*;

*(c)* may, upon receipt of the written submission from the licensee, review its decision to refuse the application for renewal;

*(d)* must notify the licensee of its decision after reviewing the application.

(9) The Authority may on good cause shown by the applicant, accept for filing, an application for renewal that is not submitted within the time period prescribed by the Authority in terms of subsection (2).

(10) An individual licence remains valid until such time as the Authority has made a decision on an application for renewal of such individual licence.

(11) Where the Authority grants renewal of the individual licence, such licence becomes effective on the date specified by the Authority unless a stay or equivalent order of a court of competent jurisdiction is granted.

(12) Where the Authority refuses the renewal of an individual licence, such refusal becomes effective, on the date specified in the notice given by the Authority to the licensee in terms of subsection (8)*(d)*, unless a stay or equivalent order of a court of competent jurisdiction is granted.

**Surrender of individual licence**

**12.** A licensee may, at any time, by written notice, surrender an individual licence to the Authority in accordance with the requirements set out in the individual licence or in the manner prescribed by the Authority.

**Transfer of individual licences or change of ownership**

**13.** (1) An individual licence may not be assigned, ceded or transferred to any other person without the prior written permission of the Authority.

(2) An application for permission to assign, cede or transfer an individual licence may be made to the Authority in the prescribed manner.

(3) The Authority may by regulation, set a limit on, or restrict, the ownership or control of an individual licence, in order to—

*(a)* promote the ownership and control of electronic communications services by historically disadvantaged groups; or

*(b)* promote competition in the ICT sector.

(4) The Authority may, subject to Chapter 9, by regulation, set a limit on, or restrict, the ownership or control of an individual licence for broadcasting services in order to promote a diversity of views and opinions.

(5) Regulations contemplated in subsection (3) and (4) must be made—

*(a)* with due regard to the objectives of this Act, the related legislation and where applicable, any other relevant legislation; and

*(b)* after the Authority has conducted an inquiry in terms of section 4B of the ICASA Act, which may include, but is not limited to, a market study.

**Suspension or cancellation of individual licence**

**14.** (1) The Authority may suspend or cancel an individual licence granted in terms of this Act—

*(a)* where the licensee agrees in writing to such suspension or cancellation;

*(b)* in accordance with a decision made by the Authority in terms of section 17E of the ICASA Act; or

*(c)* where the licensee is placed in liquidation, whether voluntary or compulsory or is placed under judicial management, either provisionally or finally.

(2) The suspension or cancellation of an individual licence takes effect on the date set forth in a written notice of suspension or cancellation served on the licensee by the Authority.

(3) Once the suspension or cancellation of an individual licence has taken effect, the Authority must, as soon as practicable, publish the suspension or cancellation in the *Gazette*.

*(b)* moet die Owerheid die lisensiehouer ’n redelike geleentheid bied om skriftelike voorleggings aan die Owerheid te maak binne ’n tydperk vermeld in die kennisgewing in paragraaf *(a)* bedoel;

*(c)* kan die Owerheid by ontvangs van die skriftelike voorlegging van die lisensiehouer sy besluit om die aansoek om hernuwing te weier, hersien;

*(d)* moet die Owerheid die lisensiehouer in kennis stel van sy besluit na hersiening van die aansoek.

(9) Die Owerheid kan by aanvoering van gegronde redes deur die aansoeker ’n aansoek om hernuwing wat nie binne die tydperk deur die Owerheid ingevolge subartikel (2) voorgeskryf, voorgelê is nie, vir indiening aanvaar.

(10) ’n Individuele lisensie bly geldig tot tyd en wyl die Owerheid ’n besluit geneem het oor ’n aansoek om hernuwing van sodanige individuele lisensie.

(11) Waar die Owerheid hernuwing van die individuele lisensie toestaan, tree sodanige lisensie in werking op die datum deur die Owerheid vermeld, tensy ’n uitstel- of ekwivalente bevel van ’n bevoegde hof toegestaan word.

(12) Waar die Owerheid die hernuwing van ’n individuele lisensie weier, tree sodanige weiering in werking op die datum vermeld in die kennisgewing ingevolge subartikel (8)*(d)* deur die Owerheid aan die lisensiehouer gegee, tensy ’n uitstel- of ekwivalente bevel van ’n bevoegde hof toegestaan word.

**Teruggawe van individuele lisensie**

**12.** ’n Lisensiehouer kan te eniger tyd by skriftelike kennisgewing ’n individuele lisensie aan die Owerheid teruggee ooreenkomstig die vereistes uiteengesit in die individuele lisensie of op die wyse deur die Owerheid voorgeskryf.

**Oordrag van individuele lisensie of verandering van eienaarskap**

**13.** (1) ’n Individuele lisensie mag nie sonder die skriftelike toestemming vooraf van die Owerheid aan enige ander persoon afgestaan, gesedeer of oorgedra word nie.

(2) ’n Aansoek om toestemming om ’n individuele lisensie af te staan, te sedeer of oor te dra, kan op die voorgeskrewe wyse aan die Owerheid gerig word.

(3) Die Owerheid kan by regulasie ’n perk stel op die eienaarskap of beheer van ’n individuele lisensie, of dit beperk, ten einde—

*(a)* die eienaarskap en beheer van elektroniese kommunikasiedienste deur histories benadeelde groepe te bevorder; of

*(b)* mededinging in die IKT-sektor te bevorder.

(4) Die Owerheid kan, behoudens Hoofstuk 9, by regulasie ’n perk stel op die eienaarskap of beheer van ’n individuele lisensie vir uitsaaidienste, of dit beperk, ten einde ’n verskeidenheid van menings en sienings te bevorder.

(5) Regulasies in subartikels (3) en (4) beoog, moet uitgevaardig word—

*(a)* met behoorlike inagneming van die oogmerke van hierdie Wet, die verwante wetgewing en, waar toepaslik, enige ander tersaaklike wetgewing; en

*(b)* nadat die Owerheid ’n ondersoek ingevolge artikel 4B van die OKOSA-wet ingestel het, wat ’n markstudie kan insluit maar nie daartoe beperk is nie.

**Opskorting of intrekking van individuele lisensie**

**14.** (1) Die Owerheid kan ’n individuele lisensie wat ingevolge hierdie Wet toegestaan is, opskort of intrek—

*(a)* waar die lisensiehouer skriftelik tot sodanige opskorting of intrekking instem;

*(b)* ooreenkomstig ’n besluit deur die Owerheid ingevolge artikel 17E van die OKOSA-wet; of

*(c)* waar die lisensiehouer in likwidasie geplaas word, hetsy vrywillig of verpligtend, of onder geregtelike bestuur geplaas word, hetsy voorlopig of finaal.

(2) Die opskorting of intrekking van ’n individuele lisensie tree in werking op die datum vermeld in ’n skriftelike kennisgewing van opskorting of intrekking wat deur die Owerheid aan die lisensiehouer beteken word.

(3) Nadat die opskorting of intrekking van ’n individuele lisensie in werking getree het, moet die Owerheid die opskorting of intrekking so gou doenlik in die *Staatskoerant* publiseer.

(4) A delay or failure to publish the notice of suspension or cancellation in the *Gazette*, does not in any manner affect the validity of the suspension or cancellation.

**Effect of suspension, cancellation, surrender or expiry of individual licence**

**15.** (1) Once—

*(a)* the suspension or cancellation of an individual licence under section 14 has taken effect;

*(b)* the surrender of an individual licence under section 12 has taken effect; or

*(c)* an individual licence has expired,

the licensee must immediately cease to provide any service in respect of which the licence was granted, unless such suspension or cancellation is stayed or an equivalent order of a court of competent jurisdiction is granted.

(2) Despite subsection (1), the Authority may authorise the licensee, in writing, to continue providing any service or any part thereof in respect of which the licence was granted, for such duration as the Authority may specify in the authorisation, for the purpose of winding up the licensee's affairs and protecting subscribers to such services.

(3) Despite subsection (1) and subject to section 11, a licensee, whose individual licence has expired, is entitled to continue providing a service as if the licence has not expired upon proof being submitted to the Authority that—

*(a)* the licensee has applied for the renewal of the licence in accordance with section 11; and

*(b)* such application is pending determination by the Authority.

**Class licence**

**16.** (1) The Authority may, upon receipt of a written registration in the manner prescribed and satisfying the conditions provided for in section 5(8), grant a class licence.

(2) Registration for a class licence may be submitted at any time in the manner prescribed by the Authority.

(3) The Authority must maintain a register of all class licensees containing the information set out in subsection (5).

(4) The register must be available to the public.

(5) The Authority must at least once annually update and publish the list of class licensees in the *Gazette*, indicating for each class—

*(a)* the names and contact details of all registered licensees;

*(b)* the nature of the services provided; and

*(c)* the applicable licence terms and conditions.

(6) No class licence may be ceded or transferred without the prior written approval of the Authority.

**Registration for Class Licence**

**17.** (1) A person who intends to operate under a class licence must, in the manner prescribed, submit a registration notice in writing to the Authority.

(2) The registrant must pay to the Authority the registration fee prescribed by the Authority.

(3) Subject to section 18, the Authority must, within sixty (60) days after receipt of a registration notice, grant the class licence and update its internal records by including the—

*(a)* the name of the accepted registrant;

*(b)* the nature of the service that the registrant proposes to provide; and

*(c)* the licence conditions applicable to the class licence.

(4) If the Authority delays the grant of a class licence beyond the sixty (60) day period, the Authority must give written notice of the delay and of the reasons for the delay, to the registrant.

(4) ’n Vertraging of versuim om die kennisgewing van opskorting of intrekking in die *Staatskoerant* te publiseer, raak op geen wyse die geldigheid van die opskorting of intrekking nie.

**Gevolg van opskorting, intrekking, teruggawe of verval van individuele lisensie**

**15.** (1) Nadat—

*(a)* die opskorting of intrekking van ’n individuele lisensie ingevolge artikel 14 in werking getree het;

*(b)* die teruggawe van ’n individuele lisensie ingevolge artikel 12 in werking getree het; of

*(c)* ’n individuele lisensie verval het,

moet die lisensiehouer onmiddellik ophou om enige diens te verskaf ten opsigte waarvan die lisensie toegestaan is, tensy sodanige opskorting of intrekking uitgestel is of ’n ekwivalente bevel van ’n bevoegde hof verleen is.

(2) Ondanks subartikel (1) kan die Owerheid die lisensiehouer skriftelik magtig om voort te gaan met die verskaffing van ’n diens of enige deel daarvan ten opsigte waarvan die lisensie toegestaan is, vir solank as wat die Owerheid in die magtiging bepaal, met die doel om die lisensiehouer se sake af te sluit en intekenaars op sodanige dienste te beskerm.

(3) Ondanks subartikel (1) en behoudens artikel 11 is ’n lisensiehouer wie se individuele lisensie verval het, daarop geregtig om voort te gaan met die verskaffing van ’n diens asof die lisensie nie verval het nie, wanneer bewys aan die Owerheid voorgelê word dat—

*(a)* die lisensiehouer ooreenkomstig artikel 11 aansoek gedoen het om die hernuwing van die lisensie; en

*(b)* sodanige aansoek wag op beslissing deur die Owerheid.

**Klaslisensie**

**16.** (1) Die Owerheid kan, by ontvangs van ’n skriftelike registrasie op die voorgeskrewe wyse en met voldoening aan die voorwaardes in artikel 5(8) bedoel, ’n klaslisensie toestaan.

(2) Registrasie vir ’n klaslisensie kan te eniger tyd voorgelê word op die wyse deur die Owerheid voorgeskryf.

(3) Die Owerheid moet ’n register byhou van alle klaslisensiehouers bevattende die inligting in subartikel (5) uiteengesit.

(4) Die register moet tot beskikking van die publiek wees.

(5) Die Owerheid moet die lys van klaslisensiehouers minstens een keer per jaar bywerk en in die *Staatskoerant* publiseer, met ’n aanduiding vir elke klas van—

*(a)* die name en kontakbesonderhede van alle geregistreerde lisensiehouers;

*(b)* die aard van die dienste gelewer; en

*(c)* die toepaslike lisensiebepalings en -voorwaardes.

(6) Geen klaslisensie mag sonder die skriftelike goedkeuring vooraf van die Owerheid gesedeer of oorgedra word nie.

**Registrasie vir klaslisensie**

**17.** (1) ’n Persoon wat beoog om kragtens ’n klaslisensie te werk, moet op die voorgeskrewe wyse ’n skriftelike registrasiekennisgewing aan die Owerheid voorlê.

(2) Die geregistreerde moet die registrasiegelde deur die Owerheid voorgeskryf aan die Owerheid betaal.

(3) Behoudens artikel 18 moet die Owerheid binne sestig (60) dae na ontvangs van ’n registrasiekennisgewing die klaslisensie verleen en sy interne rekords bywerk deur die volgende in te sluit:

*(a)* die naam van die aanvaarde geregistreerde;

*(b)* die aard van die diens wat die geregistreerde beoog om te verskaf; en

*(c)* die lisensievoorwaardes van toepassing op die klaslisensie.

(4) Indien die Owerheid die verlening van ’n klaslisensie langer as die tydperk van sestig (60) dae vertraag, moet die Owerheid skriftelik kennis van die vertraging en van die redes vir die vertraging aan die geregistreerde gee.

(5) In any case where—

*(a)* the Authority fails to give notice of a delay to the registrant and fails to grant the class licence within the sixty (60) days as required in terms of subsection (4);

*(b)* the registrant has complied with the regulations prescribed in terms of section 5(7) applicable to class licenses;

*(c)* the registrant satisfies the conditions provided for in section 5(8); and

*(d)* the Authority has not declined to accept the registration notice for the class licence in terms of section 18,

the class licence is considered to have been granted by the Authority on the 61st day after receipt of the registration notice by the Authority.

(6) During the term of a class licence the licensee must ensure that the information contained in the register referred to in section 16(3), remains accurate by filing and updating such information where—

*(a)* the licensee surrenders its class licence and ceases to provide the electronic communications network services, electronic communications services or broadcasting services licensed pursuant to such class licence; or

*(b)* the information contained in the register referred to in section 16(3) is no longer accurate.

**Refusal of registration for class licence**

**18.** (1) The Authority may refuse to accept a registration for a class licence if—

*(a)* the registration does not contain the information prescribed by the Authority;

*(b)* the person is in contravention of this Act or the related legislation in relation to other licences that such person may hold; or

*(c)* the registration contains false or misleading information or misrepresentations of fact.

(2) Where a registration is refused, the Authority must, within sixty (60) days of receipt of the registration, send to the registrant, a written notice—

*(a)* stating the reasons for the refusal; and

*(b)* providing the registrant with an opportunity to correct and resubmit the registration.

**Renewal of class licence**

**19.** (1) All class licenses must have a term of validity not exceeding 10 (ten) years, unless specified to the contrary by the Authority.

(2) Class licensees seeking to renew their class licenses must, in writing and not less than six months prior to the expiration of their class licence, notify the Authority of their intention to continue to provide the services.

(3) The renewal notice contemplated in subsection (2) must be submitted to the Authority in the manner prescribed as contemplated in section 5(7).

(4) Within sixty (60) days of the receipt of the written notice submitted in accordance with subsection (2), the Authority must update the register of class licences referred to in section 16(3) to reflect the renewed licences.

(5) Where the Authority fails to update the register referred to in section 16(3), the class licence is considered to have been renewed on the 61st day following receipt by the Authority of the class licensee's written notice.

## CHAPTER 4

## ELECTRONIC COMMUNICATIONS NETWORKS AND ELECTRONIC COMMUNICATIONS FACILITIES

**Application**

**20.** (1) This chapter applies only to electronic communications network service licensees.

(5) In enige geval waar—

*(a)* die Owerheid versuim om kennis van 'n vertraging aan die geregistreerde te gee en versuim om die klaslisensie toe te staan binne die sestig (60) dae soos ingevolge subartikel (4) vereis;

*(b)* die geregistreerde voldoen het aan die regulasies ingevolge artikel 5(7) voorgeskryf wat op klaslisensies van toepassing is;

*(c)* die geregistreerde voldoen aan die voorwaardes in artikel 5(8) bedoel; en

*(d)* die Owerheid nie geweier het om die registrasiekennisgewing vir die klaslisensie ingevolge artikel 18 te aanvaar nie,

word die klaslisensie geag deur die Owerheid verleen te wees op die 61ste dag na ontvangs van die registrasiekennisgewing deur die Owerheid.

(6) Gedurende die termyn van 'n klaslisensie moet die lisensiehouer verseker dat die inligting vervat in die register in subartikel 16(3) bedoel, akkuraat bly deur sodanige inligting in te dien en by te werk waar—

*(a)* die lisensiehouer sy klaslisensie teruggee en ophou om die elektroniese kommunikasienetwerkdienste, elektroniese kommunikasiedienste of uitsaaidienste te verskaf wat ingevolge sodanige klaslisensie gelisensieer is; of

*(b)* die inligting vervat in die register in artikel 16(3) bedoel, nie meer akkuraat is nie.

**Weiering van registrasie vir klaslisensie**

**18.** (1) Die Owerheid kan weier om 'n registrasie vir 'n klaslisensie te aanvaar indien—

*(a)* die registrasie nie die inligting bevat nie wat deur die Owerheid voorgeskryf word;

*(b)* die persoon hierdie Wet of die verwante wetgewing oortree met betrekking tot ander lisensies wat sodanige persoon hou; of

*(c)* die registrasie vals of misleidende inligting of wanvoorstellings van feite bevat.

(2) Waar 'n registrasie geweier word, moet die Owerheid binne sestig (60) dae na ontvangs van die registrasie aan die geregistreerde 'n skriftelike kennisgewing stuur waarin—

*(a)* die redes vir die weiering verstrek word; en

*(b)* die geregistreerde 'n geleentheid gebied word om die registrasie reg te stel en weer voor te lê.

**Hernuwing van klaslisensie**

**19.** (1) Alle klaslisensies moet 'n geldigheidstermyn van hoogstens tien (10) jaar hê, tensy die Owerheid anders bepaal.

(2) Klaslisensiehouers wat hulle klaslisensies wil hernu, moet die Owerheid skriftelik en minstens ses maande voor die verval van hulle klaslisensie in kennis stel van hulle voorneme om aan te hou om die dienste te verskaf.

(3) Die hernuwingskennisgewing in subartikel (2) beoog, moet aan die Owerheid voorgelê word op die wyse voorgeskryf soos in artikel 5(7) beoog.

(4) Binne sestig (60) dae na ontvangs van die skriftelike kennisgewing wat ooreenkomstig subartikel (2) voorgelê is, moet die Owerheid die register van klaslisensies in artikel 16(3) bedoel, bywerk om die hernude lisensies te weerspieël.

(5) Waar die Owerheid versuim om die register in artikel 16(3) bedoel, by te werk, word die klaslisensie geag hernu te wees op die 61ste dag na ontvangs van die klaslisensiehouer se skriftelike kennisgewing deur die Owerheid.

## HOOFSTUK 4

## ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIENETWERKE EN ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIEFASILITEITE

**Toepassing**

**20.** (1) Hierdie hoofstuk is net op lisensiehouers van elektroniese kommunikasienetwerkdienste van toepassing.

(2) An electronic communications network service licensee must perform its obligations in terms of this Chapter and in accordance with the regulations prescribed by the Authority.

**Guidelines for rapid deployment of electronic communications facilities**

**21.** (1) The Minister must, in consultation with the Minister of Provincial and Local Government, the Minister of Land Affairs, the Minister of Environmental Affairs, the Authority and other relevant institutions, develop guidelines for the rapid deployment and provisioning of electronic communications facilities.

(2) The guidelines must provide procedures and processes for—

*(a)* obtaining any necessary permit, authorisation, approval or other governmental authority including the criteria necessary to qualify for such permit, authorisation, approval or other governmental authority; and

*(b)* resolving disputes that may arise between an electronic communications network service licensee and any landowner, in order to satisfy the public interest in the rapid rollout of electronic communications networks and electronic communications facilities.

**Entry upon and construction of lines across land and waterways**

**22.** (1) An electronic communications network service licensee may—

*(a)* enter upon any land, including any street, road, footpath or land reserved for public purposes, any railway and any waterway of the Republic;

*(b)* construct and maintain an electronic communications network or electronic communications facilities upon, under, over, along or across any land, including any street, road, footpath or land reserved for public purposes, any railway and any waterway of the Republic; and

*(c)* alter or remove its electronic communications network or electronic communications facilities, and may for that purpose attach wires, stays or any other kind of support to any building or other structure.

(2) In taking any action in terms of subsection (1), due regard must be had to applicable law and the environmental policy of the Republic.

**Underground pipes for purposes of electronic communications network service**

**23.** (1) If any local authority and an electronic communications network service licensee agree that the provision of the electricity supply and electronic communications network services to a particular area must be provided by means of an underground cable, that local authority may on any premises within the said area, when installing such cable for an underground electricity supply line on the said premises, provide a conduit pipe or other facility for the installation of an underground electronic communications facility from a point of connection on the street boundary to a building on those premises, in accordance with the requirements of the electronic communications network services licensee.

(2) The cost of the provision of the said conduit pipe or other facility—

*(a)* is payable to the local authority in question; and

*(b)* is, for the purpose of any law, considered to be fees payable by the owner of the premises in question to the local authority in respect of the installation of the electricity supply line.

**Pipes under streets**

**24.** (1) A electronic communications network service licensee may, after providing thirty (30) days prior written notice to the local authority or person owning or responsible for the care and maintenance of any street, road or footpath—

*(a)* construct and maintain in the manner specified in that notice any pipes, tunnels or tubes required for electronic communications network facilities under any such street, road or footpath;

(2) 'n Elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer moet sy verpligtinge nakom ingevolge hierdie Hoofstuk en ooreenkomstig die regulasies deur die Owerheid voorgeskryf.

**Riglyne vir vinnige ontplooiing van elektroniese kommunikasiefasiliteite**

**21.** (1) Die Minister moet, in oorleg met die Minister van Provinsiale en Plaaslike Regering, die Minister van Grondsake, die Minister van Omgewingsake, die Owerheid en ander tersaaklike instellings, riglyne ontwikkel vir die vinnige ontplooiing en verskaffing van elektroniese kommunikasiefasiliteite.

(2) Die riglyne moet prosedures en prosesse verskaf vir—

*(a)* die verkryging van enige noodsaaklike permit, magtiging, goedkeuring of ander regeringsmagtiging, insluitend die kriteria wat nodig is om vir sodanige permit, magtiging, goedkeuring of ander regeringsmagtiging te kwalifiseer; en

*(b)* die beslegting van geskille wat tussen 'n elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer en 'n grondeienaar ontstaan, ten einde die openbare belang by die vinnige verskaffing van elektroniese kommunikasienetwerke en elektroniese kommunikasiefasiliteite te bevredig.

**Betreding en oprigting van lyne oor grond en waterweë**

**22.** (1) 'n Elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer kan—

*(a)* enige grond, insluitend enige straat, pad, voetpad of grond gereserveer vir openbare doeleindes, enige spoorlyn en enige waterweg van die Republiek betree;

*(b)* 'n elektroniese kommunikasienetwerk of elektroniese kommunikasiefasiliteite oprig en in stand hou op, onder, oor, langs of dwarsoor enige grond, insluitend enige straat, pad, voetpad of grond gereserveer vir openbare doeleindes, enige spoorlyn en enige waterweg van die Republiek; en

*(c)* sy elektroniese kommunikasienetwerk of elektroniese kommunikasiefasiliteite verander of verwyder, en kan vir daardie doel drade, ankers of enige ander soort stut aan enige gebou of ander struktuur vasheg.

(2) By die doen van enige stappe ingevolge subartikel (1) moet daar behoorlik ag geslaan word op toepaslike reg en die omgewingsbeleid van die Republiek.

**Ondergrondse pype vir doeleindes van elektroniese kommunikasienetwerkdiens**

**23.** (1) Indien enige plaaslike owerheid en 'n elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer ooreenkom dat die elektrisiteitstoevoer en elektroniese kommunikasienetwerkdienste aan 'n bepaalde gebied deur middel van 'n ondergrondse kabel verskaf moet word, kan daardie plaaslike owerheid op enige perseel binne die genoemde gebied, by die installering van sodanige kabel vir 'n ondergrondse elektrisiteitstoevoerlyn op gemelde perseel, 'n geleipyp of ander fasiliteit verskaf vir die installering van 'n ondergrondse elektroniese kommunikasiefasiliteit vanaf 'n aansluitingspunt aan die straatgrens na 'n gebou op daardie perseel, ooreenkomstig die vereistes van die elektroniese kommunikasienetwerkdienstelisensiehouer.

(2) Die koste van die verskaffing van gemelde geleipyp of ander fasiliteit—

*(a)* is aan die betrokke plaaslike owerheid betaalbaar; en

*(b)* word, by die toepassing van enige reg, geag gelde te wees wat deur die eienaar van die onderhawige perseel aan die plaaslike owerheid betaalbaar is ten opsigte van die installering van die elektrisiteitsvoorsieningslyn.

**Pype onder strate**

**24.** (1) 'n Elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer kan, met dertig (30) dae skriftelike kennisgewing vooraf aan die plaaslike owerheid of persoon wat enige straat, pad of voetpad besit of vir die versorging en instandhouding daarvan verantwoordelik is —

*(a)* enige pype, tonnels of buise wat vir elektroniese kommunikasienetwerkfasiliteite onder enige sodanige straat, pad of voetpad nodig is, bou en in stand hou op die wyse in daardie kennisgewing vermeld;

*(b)* alter or remove any pipes, tunnels or tubes required for electronic communications network facilities under any such street, road or footpath and may for such purposes break or open up any street, road or footpath; and

*(c)* alter the position of any pipe, not being a sewer drain or main, for the supply of water, gas or electricity.

(2)The local authority or person to whom any such pipe belongs or by whom it is used is entitled, at all times while any work in connection with the alteration in the position of that pipe is in progress, to supervise that work.

(3)The licensee must pay all reasonable expenses incurred by any such local authority or person in connection with any alteration or removal under this section or any supervision of work relating to such alteration.

**Removal of electronic communications network facilities**

**25.** (1)If an electronic communications network service licensee finds it necessary to move any electronic communications facility, pipe, tunnel or tube constructed upon, in, over, along, across or under any land, railway, street, road, footpath or waterway, owing to any alteration of alignment or level or any other work on the part of any public authority or person, the cost of the alteration or removal must be borne by that local authority or person.

(2) Where any electronic communications network facility passes over any private property or interferes with any building about to be erected on that property, the licensee must, on receiving satisfactory proof that a building is actually to be erected, deviate or alter the positioning of the electronic communications facility in such manner as to remove all obstacles to building operations.

(3) The owner of the property must, in writing, give notice that any such deviation or alteration is required to the electronic communications network service licensee, not less than 28 days before the alteration or deviation is to be effected.

(4) If any deviation or alteration of an electronic communications network facility, pipe, tunnel or tube constructed and passing over any private property is desired on any ground other than those contemplated in subsection (2), the owner of the property must give the electronic communications network service licensee written notice of 28 days, of such deviation or alteration.

(5) The electronic communications network service licensee must decide whether or not the deviation or alteration is possible, necessary or expedient.

(6) If the electronic communications network service licensee agrees to make the deviation or alteration as provided for in subsection (3), the cost of such deviation or alteration must be borne by the person at whose request the deviation or alteration is effected.

(7) If, in the opinion of the electronic communications network service licensee the deviation or alteration is justified, the licensee may bear the whole or any part of the said cost.

(8) Where a dispute arises between any owner of private property and a electronic communications network service licensee in respect of any decision made by a electronic communications network services licensee in terms of subsection (4), such dispute must be referred to the Complaints and Compliance Committee in accordance with section 17C of the ICASA Act.

**Fences**

**26.** (1) If any fence erected or to be erected on land over which an electronic communications network facility, pipe, tunnel or tube is constructed or is to be constructed by an electronic communications network service licensee renders or would render entry to that land impossible or inconvenient, the electronic communications network service licensee may at its own expense—

*(a)* erect and maintain gates in that fence; and

*(b)* provide duplicate keys for such gates, one set of which must be handed to the owner or occupier of the land.

(*b*) enige pype, tonnels of buise wat vir elektroniese kommunikasienetwerkfasiliteite onder enige sodanige straat, pad of voetpad nodig is, verander of verwyder, en kan vir sodanige doeleindes enige straat, pad of voetpad breek of oopmaak; en

(*c*) die posisie van enige pyp, uitgesonderd 'n riooldrein of hoofleiding, vir die voorsiening van water, gas of elektrisiteit verander.

(2) Die plaaslike owerheid of persoon aan wie enige sodanige pyp behoort of deur wie dit gebruik word, is te alle tye, terwyl werk in verband met die verandering van die posisie van daardie pyp aan die gang is, daarop geregtig om toesig oor daardie werk te hou.

(3) Die lisensiehouer moet alle redelike onkoste betaal wat deur enige sodanige plaaslike owerheid of persoon aangegaan word in verband met enige verandering of verwydering kragtens hierdie artikel of enige toesig oor werk in verband met sodanige verandering.

**Verwydering van elektroniese kommunikasienetwerkfasiliteite**

**25.** (1) Indien 'n elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer dit nodig vind om enige elektroniese kommunikasiefasiliteit, pyp, tonnel of buis wat op, in, oor, langs, dwarsoor of onder enige grond, spoorlyn, straat, pad, voetpad of waterweg gebou is as gevolg van enige verandering van belyning of vlak of enige ander werk aan die kant van enige openbare owerheid of persoon te verskuif, moet die koste van die verandering of verwydering deur daardie plaaslike owerheid of persoon gedra word.

(2) Waar enige elektroniese kommunikasienetwerkfasiliteit oor enige private eiendom gaan of inmeng met enige gebou wat opgerig staan te word op daardie eiendom, moet die lisensiehouer, by ontvangs van bevredigende bewys dat 'n gebou werklik opgerig gaan word, die posisie van die elektroniese kommunikasiefasiliteit verskuif of verander sodat alle hindernisse vir boubedrywighede verwyder word.

(3) Die eienaar van die eiendom moet skriftelik kennis gee dat enige sodanige verskuiwing of verandering nodig is aan die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer minstens 28 dae voor die verandering of verskuiwing gedoen moet word.

(4) Indien enige verskuiwing of verandering van 'n elektroniese kommunikasienetwerkfasiliteit, pyp, tonnel of buis oor enige private eiendom opgerig en wat daaroor gaan, verlang word om enige ander rede as dié in subartikel (2) beoog, moet die eienaar van die eiendom die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer skriftelik 28 dae kennis van sodanige verskuiwing of verandering gee.

(5) Die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer moet besluit of die verskuiwing of verandering moontlik, nodig of dienstig is al dan nie.

(6) Indien die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer instem om die verskuiwing of verandering te doen soos in subartikel (3) voorsien, moet die koste van sodanige verskuiwing of verandering gedra word deur die persoon op wie se versoek die verskuiwing of verandering gedoen word.

(7) Indien die verskuiwing of verandering na die mening van die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer geregverdig is, kan die lisensiehouer die geheel of enige deel van gemelde koste dra.

(8) Waar 'n geskil ontstaan tussen enige eienaar van private eiendom en 'n elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer ten opsigte van enige besluit geneem deur 'n elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer ingevolge subartikel (4), moet sodanige geskil ooreenkomstig artikel 17C van die OKOSA-wet na die Klagtes- en Nakomingskomitee verwys word.

**Heinings**

**26.** (1) Indien 'n heining wat opgerig is of opgerig staan te word op grond waaroor 'n elektroniese kommunikasienetwerkfasiliteit, pyp, tonnel of buis opgerig is of opgerig gaan word deur 'n elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer toegang tot daardie grond onmoontlik of ongerieflik maak of sal maak, kan die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer op sy eie koste—

(*a*) hekke in daardie heining oprig en in stand hou; en

(*b*) duplikaatsleutels vir sodanige hekke verskaf, waarvan een stel aan die eienaar of okkupeerder van die grond oorhandig moet word.

(2) Any person intending to erect any such fence must give the electronic communications network service licensee notice in writing of not less than six weeks of his or her intention to erect such fence.

**Trees obstructing electronic communications network facilities**

**27.** (1)Any tree or vegetation which in the opinion of an electronic communications network service licensee—

*(a)* obstructs or interferes; or

*(b)* is likely to obstruct or interfere,

with the working or maintenance of any of the electronic communications network services licensees' electronic communications network or electronic communications facilities, pipes, tunnels or tubes, whether growing upon—

(i) State-owned land;

(ii) any road; or

(iii) private land,

must, after reasonable notice to the owner or occupier of the land, be cut down or trimmed by the authority responsible for the care and the management of such State-owned land, road or private land, in accordance with its requirements or by the owner or occupier of such private land, as the case may be, at the expense of the electronic communications network service licensee.

(2) In the event of failure to comply with a notice referred to in subsection (1)*(b)*, the electronic communications network service licensee may cause the said tree or vegetation to be cut down or trimmed as the electronic communications network service licensee may consider necessary.

(3) Where the electronic communications network or electronic communications facility is actually interfered with or endangered by any such tree or vegetation, the licensee may remove such tree or vegetation without any such notice.

(4) In taking any action in terms of subsections (1), (2) or (3), due regard must be had to the environmental law of the Republic.

**Height or depth of electronic communications network facilities**

**28.** (1)*(a)* Aerial electronic communications networks or electronic communications facilities along any railway or public or private street, road, footpath or land must be at the prescribed height above the surface of the ground.

*(b)* The electronic communications network service licensee must place electronic communications networks and electronic communications facilities, pipes, tunnels and tubes at the prescribed depth below the surface of the ground.

(2) If the owner of any private land proves to the satisfaction of an electronic communications network service licensee that he or she is obstructed in the free use of his or her land because of the insufficient height or depth of any electronic communications network or electronic communications facility, pipe, tunnel or tube constructed by the electronic communications network service licensee, the electronic communications network service licensee may, subject to the provisions of sections 22 and 25, take such steps as he or she may consider necessary for giving relief to that owner.

(3) In taking any action in terms of this section, due regard must be had to the environmental laws of the Republic.

**Electrical works**

**29.** (1)Any person who constructs, equips or carries on any railway or works for the supply of light, heat or power by means of electricity, must—

*(a)* conform to the requirements of an electronic communications network service licensee for the prevention of damage to any of its electronic communications network and electronic communications facilities or works by such construction;

*(b)* before commencing the construction of any such railway or works, give 30 days prior written notice to the electronic communications network service licensee of his or her intention to commence the construction; and

(2) Enige persoon wat voornemens is om enige sodanige heining op te rig, moet die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer skriftelike kennis van minstens ses weke gee van sy of haar voorneme om sodanige heining op te rig.

**Bome wat elektroniese kommunikasienetwerkfasiliteite belemmer**

**27.** (1) Enige boom of plantegroei wat na die mening van ’n elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer die werking of instandhouding van enige van die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer se elektroniese kommunikasienetwerk of elektroniese kommunikasiefasiliteite, pype, tonnels of buise—

*(a)* belemmer of daarmee inmeng; of

*(b)* waarskynlik sal belemmer of waarskynlik daarmee sal inmeng,

ongeag of dit groei op—

(i) grond in Staatsbesit;

(ii) ’n pad; of

(iii) private grond,

moet na redelike kennisgewing aan die eienaar of okkupeerder van die grond afgesaag of gesnoei word deur die owerheid verantwoordelik vir die versorging en die bestuur van sodanige grond in Staatsbesit, pad of private grond, ooreenkomstig sy vereistes of deur die eienaar of okkupeerder van sodanige private grond, na gelang van die geval, op die koste van die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer.

(2) In die geval van versuim om te voldoen aan ’n kennisgewing in subartikel (1)*(b)* bedoel, kan die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer genoemde boom of plantegroei laat afsaag of snoei soos wat die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer nodig ag.

(3) Waar enige sodanige boom of plantegroei met die elektroniese kommunikasienetwerk of elektroniese kommunikasiefasiliteit inmeng of dit in gevaar stel, kan die lisensiehouer sodanige boom of plantegroei sonder enige sodanige kennisgewing verwyder.

(4) By die doen van enige stappe ingevolge subartikel (1), (2) of (3) moet die omgewingsreg van die Republiek behoorlik in ag geneem word.

**Hoogte of diepte van elektroniese kommunikasienetwerkfasiliteite**

**28.** (1)*(a)* Oorhoofse elektroniese kommunikasienetwerke of elektroniese kommunikasiefasiliteite langs ’n spoorlyn of openbare of private straat, pad, voetpad of grond moet op die voorgeskrewe hoogte bo die oppervlak van die grond wees.

*(b)* Die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer moet elektroniese kommunikasienetwerke en elektroniese kommunikasiefasiliteite, pype, tonnels en buise op die voorgeskrewe diepte onder die oppervlak van die grond plaas.

(2) Indien die eienaar van private grond tot tevredenheid van ’n elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer bewys dat hy of sy belemmer word in die vrye gebruik van sy of haar grond as gevolg van die ontoereikende hoogte of diepte van enige elektroniese kommunikasienetwerk of elektroniese kommunikasiefasiliteit, pyp, tonnel of buis wat deur die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer opgerig is, kan die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer, behoudens die bepalings van artikels 22 en 25, sodanige stappe doen as wat hy of sy nodig ag om verligting vir daardie eienaar te bied.

(3) By die doen van enige stappe ingevolge hierdie artikel moet die omgewingsreg van die Republiek behoorlik in ag geneem word.

**Elektriese werke**

**29.** (1) Enige persoon wat ’n spoorlyn of werke vir die voorsiening van lig, hitte of krag deur middel van elektrisiteit oprig, toerus of bedryf, moet—

*(a)* voldoen aan die vereistes van ’n elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer vir die voorkoming van skade aan enige van sy elektroniese kommunikasienetwerke en elektroniese kommunikasiefasiliteite of werke deur sodanige oprigting;

*(b)* voor die begin van die oprigting van enige sodanige spoorlyn of werke die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer vooraf 30 dae skriftelik kennis gee van sy of haar voorneme om met die oprigting te begin; en

(c) furnish the electronic communications network service licensee with—
(i) a plan of the proposed railway or works;
(ii) particulars showing the manner and position in which the railway or works are intended to be constructed, executed and carried on; and
(iii) such further information related to the proposed railway or works as the electronic communications network service licensee may require.

(2) If—
*(a)* it appears to the electronic communications network service licensee that the construction, equipment or operation of any such railway or works is likely to damage any of its electronic communications facilities or works; or
*(b)* any such electronic communications facilities or works are damaged by the construction, equipment or operation of any such railway or works,

the electronic communications network service licensee must give reasonable notice of its requirements to the person concerned.

(3) Any person who, after receiving the notice referred to in subsection (2), proceeds with or causes to be proceeded with any such construction, equipment or operation in contravention of the said requirements, may be liable to the electronic communications network service licensee for damages sustained by the electronic communications network service licensee as a result of a contravention of subsection (1).

## CHAPTER 5

## RADIO FREQUENCY SPECTRUM

### Control of radio frequency spectrum

**30.** (1) In carrying out its functions under this Act and the related legislation, the Authority controls, plans, administers and manages the use and licensing of the radio frequency spectrum except as provided for in section 34.

(2) In controlling, planning, administering, managing and licensing the use of the radio frequency spectrum, the Authority must—
*(a)* comply with the applicable standards and requirements of the ITU and its Radio Regulations, as agreed to or adopted by the Republic;
*(b)* take into account modes of transmission and efficient utilisation of the radio frequency spectrum, including allowing shared use of radio frequency spectrum when interference can be eliminated or reduced to acceptable levels as determined by the Authority;
*(c)* give high priority to applications for radio frequency spectrum where the applicant proposes to utilise digital electronic communications facilities for the provision of broadcasting services, electronic communications services, electronic communications network services, and other services licensed in terms of this Act or provided in terms of a licence exemption;
*(d)* plan for the conversion of analogue uses of the radio frequency spectrum to digital, including the migration to digital broadcasting in the Authority's preparation and modification of the radio frequency spectrum plan; and
*(e)* give due regard to the radio frequency spectrum allocated to security services.

(3) The Authority must, in performing its functions in terms of subsection (1), ensure that in the use of the radio frequency spectrum harmful interference to authorised or licensed users of the radio frequency spectrum is eliminated or reduced to the extent reasonably possible.

(4) The Authority must investigate and resolve all instances of harmful interference to licensed services that are reported to it.

### Radio frequency spectrum licence

**31.** (1) Subject to subsections (5) and (6), no person may transmit any signal by radio or use radio apparatus to receive any signal by radio except under and in accordance

*(c)* die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer voorsien van—
(i) ’n plan van die voorgestelde spoorlyn of werke;
(ii) besonderhede van die wyse waarop en posisie waarin die spoorlyn of werke opgerig, uitgevoer en bedryf staan te word; en
(iii) die verdere inligting rakende die voorgestelde spoorlyn of werke wat die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer verlang.

(2) Indien—
*(a)* dit vir die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer blyk dat die oprigting, toerusting of bedryf van sodanige spoorlyn of werke waarskynlik enige van sy elektroniese kommunikasiefasiliteite of werke sal beskadig; of
*(b)* enige sodanige elektroniese kommunikasiefasiliteite of werke beskadig word deur die oprigting, toerusting of bedryf van enige sodanige spoorlyn of werke,

moet die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer redelike kennis van sy vereistes aan die betrokke persoon gee.

(3) Enige persoon wat na ontvangs van die kennisgewing in subartikel (2) bedoel, voortgaan met of veroorsaak dat daar voortgegaan word met enige sodanige oprigting, toerusting of bedryf in stryd met gemelde vereistes, kan teenoor die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer aanspreeklik wees vir skade gely deur die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer as gevolg van ’n oortreding van subartikel (1).

## HOOFSTUK 5

## RADIOFREKWENSIESPEKTRUM

### Beheer van radiofrekwensiespektrum

**30.** (1) By die uitvoering van sy werksaamhede kragtens hierdie Wet en die verwante wetgewing beheer, beplan, administreer en bestuur die Owerheid die gebruik en lisensiëring van die radiofrekwensiespektrum, uitgesonderd soos in artikel 34 bepaal.

(2) By die beheer, beplanning, administrasie, bestuur en lisensiëring van die gebruik van die radiofrekwensiespektrum moet die Owerheid—
*(a)* voldoen aan die toepaslike standaarde en vereistes van die ITU en sy Radioregulasies, waartoe die Republiek ingestem het of wat hy aangeneem het;
*(b)* modusse van oorsending en doeltreffende benutting van die radiofrekwensiespektrum in aanmerking neem, insluitend voorsiening vir die gedeelde gebruik van die radiofrekwensiespektrum wanneer steuring uitgeskakel of tot aanvaarbare vlakke verminder kan word soos deur die Owerheid bepaal;
*(c)* hoë prioriteit gee aan aansoeke om radiofrekwensiespektrum waar die aansoeker beoog om digitale elektroniese kommunikasiefasiliteite te gebruik vir die verskaffing van uitsaaidienste, elektroniese kommunikasiedienste, elektroniese kommunikasienetwerkdienste en ander dienste wat ingevolge hierdie Wet gelisensieer is of ingevolge ’n lisensievrystelling verskaf word;
*(d)* beplan vir die omskakeling van analoë gebruike van die radiofrekwensiespektrum na digitale gebruike, insluitend die verskuiwing na digitale uitsaai in die Owerheid se voorbereiding en wysiging van die radiofrekwensiespektrumplan; en
*(e)* die radiofrekwensiespektrum wat aan sekuriteitsdienste toegewys is, behoorlik in ag neem.

(3) Die Owerheid moet, by die verrigting van sy werksaamhede ingevolge subartikel (1), verseker dat by die gebruik van die radiofrekwensiespektrum nadelige steuring vir gemagtigde of gelisensieerde gebruikers van die radiofrekwensiespektrum uitgeskakel of verminder word sover dit redelikerwys moontlik is.

(4) Die Owerheid moet alle gevalle van nadelige steuring vir gelisensieerde dienste wat by hom aangemeld word, ondersoek en oplos.

### Radiofrekwensiespektrumlisensie

**31.** (1) Behoudens subartikels (5) en (6) mag geen persoon enige sein per radio oorsend of radioapparaat gebruik om enige sein per radio te ontvang nie, uitgesonderd

with a radio frequency spectrum licence granted by the Authority to such person in terms of this Act.

(2) A radio frequency spectrum licence is required in addition to any service licence contemplated in Chapter 3, where the provision of such service entails the use of radio frequency spectrum.

(3) The Authority may, taking into account the objects of the Act, prescribe procedures and criteria for awarding radio frequency spectrum licences for competing applications or instances where there is insufficient spectrum available to accommodate demand.

(4) The Authority may amend a radio frequency spectrum licence—

*(a)* to implement a change in the radio frequency plan;

*(b)* in the interest of orderly radio frequency spectrum management;

*(c)* to effect the migration of licensees in accordance with a revised radio frequency plan or the transition from analogue to digital broadcasting;

*(d)* if requested by the licensee concerned to the extent that the request is fair and does not prejudice other licensees; or

*(e)* with the agreement of the licensee.

(5) Subsection (1) does not apply to a person who utilises radio frequency spectrum—

*(a)* in the course of making due and proper use, as a subscriber, of an electronic communications service or electronic communications network service, the provision of which is licensed in terms of Chapter 3 or as a recipient of a service subject to a licence exemption;

*(b)* in the course of making due and proper use of an electronic communications service, the provision of which is licensed in terms of Chapter 3 as part of his or her duties in the service of the State or a local authority, including any military force, police service or traffic authority, in instances of *force majeure*; or

*(c)* in accordance with the regulations contemplated in subsection (6).

(6) The Authority may prescribe—

*(a)* types of radio apparatus the use or possession of which; or

*(b)* the circumstances in which the use or possession of radio apparatus,

does not require a radio frequency spectrum licence, including, but not limited to radio frequency spectrum allocated for use in respect of radio astronomy and other scientific uses of radio frequency spectrum that have been coordinated and agreed to by the Authority.

(7) The Authority may, on its own initiative, take appropriate action to ensure compliance with the provisions of this Chapter.

(8) Subject to subsection (9), the Authority may withdraw any radio frequency spectrum licence when the licensee fails to utilise the allocated radio frequency spectrum in accordance with the licence conditions applicable to such licence.

(9) Before the Authority withdraws a radio frequency spectrum licence in terms of subsection (8), it must give the licensee prior written notice of at least 30 days and the licensee must have 7 (seven) business days in which to respond in writing to the notice (unless otherwise extended by the Authority) demonstrating that it is utilising the radio frequency spectrum in compliance with this Act and the licence conditions.

(10) The Authority, based on the written response of the licensee, must notify the licensee of its decision to withdraw or not to withdraw the licence.

**Control of possession of radio apparatus**

**32.** (1) No person may possess any radio apparatus unless he or she is—

*(a)* in possession of a radio frequency spectrum licence granted in terms of this Chapter; or

*(b)* exempted as prescribed in terms of section 31(6).

(2) The Authority may, subject to this Act, the related legislation and other applicable law, enter onto property for purposes of inspecting radio apparatus in accordance with subsection (3).

(3) Where a person is found in possession of any radio apparatus in contravention of the provisions of this section, the Authority may—

kragtens en ooreenkomstig ’n radiofrekwensiespektrumlisensie wat ingevolge hierdie Wet deur die Owerheid aan sodanige persoon toegestaan is.

(2) ’n Radiofrekwensiespektrumlisensie word vereis benewens ’n dienslisensie in Hoofstuk 3 beoog, waar die verskaffing van sodanige diens die gebruik van die radiofrekwensiespektrum behels.

(3) Die Owerheid kan, met inagneming van die oogmerke van hierdie Wet, prosedures en kriteria voorskryf vir die toekenning van radiofrekwensiespektrumlisensies vir mededingende aansoeke of gevalle waar daar ontoereikende spektrum beskikbaar is om die vraag te bevredig.

(4) Die Owerheid kan ’n radiofrekwensiespektrumlisensie wysig—

*(a)* om ’n verandering in die radiofrekwensieplan te implementeer;

*(b)* in belang van ordelike radiofrekwensiespektrumbestuur;

*(c)* om die verskuiwing van lisensiehouers teweeg te bring ooreenkomstig ’n hersiene radiofrekwensieplan of die oorskakeling van analoë na digitale uitsaai;

*(d)* indien deur die betrokke lisensiehouer versoek, in soverre die versoek billik is en nie ander lisensiehouers benadeel nie; of

*(e)* met die instemming van die lisensiehouer.

(5) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op ’n persoon wat die radiofrekwensiespektrum gebruik—

*(a)* in die loop van die behoorlike en gepaste gebruik, as ’n intekenaar, van ’n elektroniese kommunikasiediens of elektroniese kommunikasienetwerkdiens waarvan die verskaffing ingevolge Hoofstuk 3 gelisensieer is, of as ’n ontvanger van ’n diens onderhewig aan ’n lisensievrystelling;

*(b)* in die loop van die behoorlike en gepaste gebruik van ’n elektroniese kommunikasiediens waarvan die verskaffing ingevolge Hoofstuk 3 gelisensieer is as deel van sy of haar pligte in diens van die Staat of ’n plaaslike owerheid, insluitend enige militêre mag, polisiediens of verkeersowerheid, in gevalle van *force majeure*; of

*(c)* ooreenkomstig die regulasies in subartikel (6) beoog.

(6) Die Owerheid kan voorskryf—

*(a)* tipes radioapparaat waarvan die gebruik of besit; of

*(b)* die omstandighede waarin die gebruik of besit van radioapparaat,

nie ’n radiofrekwensiespektrumlisensie vereis nie, insluitend maar nie beperk nie tot die radiofrekwensiespektrum toegeken vir gebruik ten opsigte van radio-astronomie en ander wetenskaplike gebruike van radiofrekwensiespektrum wat deur die Owerheid gekoördineer is en waartoe hy ingestem het.

(7) Die Owerheid kan, uit eie beweging, gepaste stappe doen om nakoming van die bepalings van hierdie Hoofstuk te verseker.

(8) Behoudens subartikel (9) kan die Owerheid ’n radiofrekwensiespektrumlisensie intrek wanneer die lisensiehouer versuim om die toegekende radiofrekwensiespektrum ooreenkomstig die lisensievoorwaardes wat op sodanige lisensie van toepassing is, te gebruik.

(9) Alvorens die Owerheid ’n radiofrekwensiespektrumlisensie ingevolge subartikel (8) intrek, moet hy aan die lisensiehouer vooraf minstens 30 dae skriftelik kennis gee en die lisensiehouer moet 7 (sewe) werkdae hê waarin hy skriftelik op die kennisgewing kan antwoord (tensy andersins deur die Owerheid verleng) om te toon dat hy die radiofrekwensiespektrum ooreenkomstig hierdie Wet en die lisensievoorwaardes gebruik.

(10) Die Owerheid moet, op grond van die skriftelike reaksie van die lisensiehouer, die lisensiehouer in kennis stel van sy besluit om die lisensie in te trek al dan nie.

**Beheer van besit van radioapparaat**

**32.** (1) Geen persoon mag enige radioapparaat besit nie tensy hy of sy—

*(a)* in besit is van ’n radiofrekwensiespektrumlisensie wat ingevolge hierdie Hoofstuk verleen is; of

*(b)* vrygestel is soos ingevolge artikel 31(6) voorgeskryf.

(2) Die Owerheid kan behoudens hierdie Wet, die verwante wetgewing en ander toepaslike reg eiendom betree met die doel om radioapparaat ooreenkomstig subartikel (3) te inspekteer.

(3) Waar ’n persoon aangetref word in besit van enige radioapparaat in stryd met die bepalings van hierdie artikel, kan die Owerheid—

*(a)* seal or alter such apparatus or any part thereof in order to—
(i) prevent the use of that radio apparatus for the purpose of transmission or reception; and
(ii) grant to such person a permit for a limited or indefinite period authorising the possession of that apparatus on condition that it is not, during such period, used for such purpose; or

*(b)* seize such apparatus, whether or not it is sealed as contemplated in paragraph *(a)*, for disposal in terms of subsection (4).

(4) Radio apparatus seized under subsection (3)*(b)* must be held by the Authority at the cost of the person from whom it was seized until—

*(a)* its possession is authorised in terms of section 31; or
*(b)* the matter is dealt with by a court of law.

**Frequency co-ordination**

**33.** (1) Holders of a radio frequency spectrum licence must, in good faith, co-ordinate their respective frequency usage with other such licensees to—

*(a)* avoid harmful interference among radio frequency spectrum licensees;
*(b)* ensure efficient use of any applicable frequency band; and
*(c)* allow for the provision of cost-efficient services.

(2) Where radio frequency spectrum licensees are unable or unwilling to co-ordinate in good faith in terms of subsection (1), the Authority must intervene and resolve the dispute.

(3) The Authority must prescribe regulations governing the co-ordination contemplated in subsection (1), which may include a process for the resolution of disputes among radio frequency spectrum licensees on an expedited basis.

**Radio frequency plan**

**34.** (1) The Minister, in the exercise of his or her functions, represents the Republic in international fora, including the ITU, in respect of—

*(a)* the international allotment of radio frequency spectrum; and
*(b)* the international coordination of radio frequency spectrum usage,

in accordance with international treaties, multinational and bilateral agreements entered into by the Republic.

(2) The Minister must approve the national radio frequency plan developed by the Authority, which must set out the specific frequency bands designated for use by particular types of services, taking into account the radio frequency spectrum bands allocated to the security services.

(3) The Authority must assign radio frequencies consistent with the national radio frequency plan for the use of radio frequency spectrum by licence holders and other services that may be provided pursuant to a licence exemption.

(4) The Authority must, within 12 months of the coming into force of this Act, prepare the national radio frequency plan or make appropriate modification to any existing radio frequency plan to bring it into conformity with this Act.

(5) The national radio frequency plan must be updated and amended when necessary in order to keep the plan current. When updating and amending this plan due regard must be given to the current and future usage of the radio frequency spectrum.

(6)The national radio frequency plan must—

*(a)* designate the radio frequency bands to be used for particular types of services;
*(b)* ensure that the radio frequency spectrum is utilised and managed in an orderly, efficient and effective manner;
*(c)* aim at reducing congestion in the use of the radio frequency spectrum;
*(d)* aim at protecting radio frequency spectrum licensees from harmful interference;
*(e)* provide for flexibility and the rapid and efficient introduction of new technologies;

*(a)* sodanige apparaat of enige deel daarvan verseël of wysig ten einde—
(i) te voorkom dat daardie radioapparaat vir die doel van oorsending of ontvangs gebruik word; en
(ii) aan sodanige persoon 'n permit te verleen vir 'n beperkte of onbepaalde tydperk wat die besit van daardie apparaat magtig op voorwaarde dat dit nie gedurende sodanige tydperk vir sodanige doel gebruik word nie; of

*(b)* op sodanige apparaat beslag lê, ongeag of dit verseël is soos in paragraaf *(a)* bedoel, vir beskikking ingevolge subartikel (4).

(4) Radioapparaat waarop ingevolge subartikel (3)*(b)* beslag gelê is, moet deur die Owerheid gehou word op koste van die persoon van wie dit in beslag geneem is, totdat—

*(a)* die besit daarvan ingevolge artikel 31 gemagtig is; of
*(b)* die aangeleentheid deur 'n geregshof gehanteer is.

**Frekwensiekoördinasie**

**33.** (1) Houers van 'n radiofrekwensiespektrumlisensie moet te goeder trou hulle onderskeie frekwensiegebruik met ander sodanige lisensiehouers koördineer ten einde—

*(a)* nadelige steuring tussen radiofrekwensiespektrumlisensiehouers te vermy;
*(b)* doeltreffende gebruik van enige toepaslike frekwensieband te verseker; en
*(c)* voorsiening te maak vir die verskaffing van kostedoeltreffende dienste.

(2) Waar radiofrekwensiespektrumlisensiehouers nie in staat is nie of onwillig is om te goeder trou te koördineer ingevolge subartikel (1), moet die Owerheid ingryp en die geskil besleg.

(3) Die Owerheid moet regulasies voorskryf wat die koördinasie in subartikel (1) beoog beheer, wat kan insluit 'n proses vir die beslegting van geskille tussen radiofrekwensiespektrumlisensiehouers op 'n versnelde basis.

**Radiofrekwensieplan**

**34.** (1) Die Minister, by die uitoefening van sy of haar werksaamhede, verteenwoordig die Republiek op internasionale forums, insluitend die ITU, ten opsigte van—

*(a)* die internasionale toewysing van radiofrekwensiespektrum; en
*(b)* die internasionale koördinering van radiofrekwensiespektrumgebruik,

ooreenkomstig internasionale verdrae en multinasionale en bilaterale ooreenkomste wat die Republiek aangegaan het.

(2) Die Minister moet die nasionale radiofrekwensieplan goedkeur wat deur die Owerheid ontwikkel is, wat die spesifieke frekwensiebande moet uiteensit wat aangewys is vir gebruik deur bepaalde tipes dienste, met inagneming van die radiofrekwensiespektrumbande wat aan die sekuriteitsdienste toegewys is.

(3) Die Owerheid moet radiofrekwensies ooreenkomstig die nasionale radiofrekwensieplan toewys vir die gebruik van die radiofrekwensiespektrum deur lisensiehouers en ander dienste wat ingevolge 'n lisensievrystelling gelewer kan word.

(4) Die Owerheid moet, binne 12 maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet, die nasionale radiofrekwensieplan opstel of gepaste wysigings aan 'n bestaande radiofrekwensieplan aanbring om dit in ooreenstemming met hierdie Wet te bring.

(5) Die nasionale radiofrekwensieplan moet bygewerk en gewysig word wanneer nodig ten einde die plan geldig te hou. By die bywerking en wysiging van hierdie plan moet daar behoorlik ag geslaan word op die huidige en toekomstige gebruik van die radiofrekwensiespektrum.

(6) Die nasionale radiofrekwensieplan moet—

*(a)* die radiofrekwensiebande aanwys wat vir bepaalde tipes dienste gebruik moet word;
*(b)* verseker dat die radiofrekwensiespektrum op 'n ordelike, doeltreffende en doelmatige wyse gebruik en bestuur word;
*(c)* poog om opeenhoping in die gebruik van die radiofrekwensiespektrum te verminder;
*(d)* poog om die radiofrekwensiespektrumlisensiehouers teen nadelige steuring te beskerm;
*(e)* voorsiening maak vir buigsaamheid en die snelle en doeltreffende invoering van nuwe tegnologieë; en

*(f)* aim at providing opportunities for the introduction of the widest range of services and the maximum number of users thereof as is practically feasible.

(7) In preparing the national radio frequency plan as contemplated in subsection (4), the Authority must—

*(a)* take into account the ITU's international spectrum allotments for radio frequency spectrum use, in so far as ITU allocations have been adopted or agreed upon by the Republic, and give due regard to the reports of experts in the field of spectrum or radio frequency planning and to internationally accepted methods for preparing such plans;

*(b)* take into account existing uses of the radio frequency spectrum and any radio frequency band plans in existence or in the course of preparation; and

*(c)* consult with the Minister to—

(i) incorporate the radio frequency spectrum allocated by the Minister for the exclusive use of the security services into the national radio frequency plan;

(ii) take account of the government's current and planned uses of the radio frequency spectrum, including but not limited to, civil aviation, aeronautical services and scientific research; and

(iii) co-ordinate a plan for migration of existing users, as applicable, to make available radio frequency spectrum to satisfy the requirements of subsection (2) and the objects of this Act and of the related legislation.

(8) The Authority must give notice of its intention to prepare a national radio frequency plan in the *Gazette* and in such notice invite interested parties to submit their written representations to the Authority within such period as may be specified in such notice.

(9) The Authority may, after the period referred to in subsection (8) has passed, hold a hearing in respect of the proposed national radio frequency plan.

(10) After the hearing, if any, and after due consideration of any written representations received in response to the notice mentioned in subsection (8) or tendered at the hearing, the Authority must forward the national radio frequency plan to the Minister for approval.

(11) The Minister must, within 30 days of receipt of the national radio frequency plan, either approve the plan, at which time the plan must become effective, or notify the Authority that further consultation is required.

(12) Upon approval of the national radio frequency plan by the Minister, the Authority must publish the plan in the *Gazette*.

(13) Any radio frequency plan approved in terms of this section and all the comments, representations and other documents received in response to the notice contemplated in subsection (8) or tendered at the hearing must be—

*(a)* kept at the offices of the Authority; and

*(b)* open for public inspection by interested persons during the normal office hours of the Authority.

(14) The Authority must, at the request of any person and on payment of such fee as may be prescribed, furnish him or her with a copy of the radio frequency plan.

(15) The provisions of subsections (6) to (14) apply, with the necessary changes, in relation to any amendment made by the Authority to the radio frequency plan.

(16) The Authority may, where the national radio frequency plan identifies radio frequency spectrum that is occupied and requires the migration of the users of such radio frequency spectrum to other radio frequency bands, migrate the users to such other radio frequency bands in accordance with the national radio frequency plan, except where such migration involves governmental entities or organisations, in which case the Authority—

*(a)* must refer the matter to the Minister; and

*(b)* may migrate the users after consultation with the Minister.

*(f)* poog om geleenthede te bied vir die invoering van die wydste verskeidenheid van dienste en die grootste getal gebruikers daarvan wat prakties doenlik is.

(7) By die opstel van die nasionale radiofrekwensieplan soos in subartikel (4) beoog, moet die Owerheid—

*(a)* die ITU se internasionale spektrumtoewysings vir die gebruik van die radiofrekwensiespektrum in aanmerking neem in soverre ITU-toewysings deur die Republiek aanvaar is en die Republiek daartoe ingestem het, en behoorlik ag slaan op die verslae van kundiges op die gebied van spektrum- of radiofrekwensiebeplanning en op internasionaal aanvaarde metodes vir die opstel van sulke planne;

*(b)* bestaande gebruike van die radiofrekwensiespektrum en enige radiofrekwensiebandplanne wat bestaan of in die proses van opstel is, in aanmerking neem; en

*(c)* met die Minister oorleg pleeg om—

(i) die radiofrekwensiespektrum wat deur die Minister vir die uitsluitlike gebruik van die sekuriteitsdienste toegewys is, in die nasionale radiofrekwensieplan op te neem;

(ii) die regering se huidige en beplande gebruike van die radiofrekwensiespektrum in aanmerking te neem, insluitend maar nie beperk nie tot burgerlugvaart, lugvaartkundige dienste en wetenskaplike navorsing; en

(iii) ’n plan te koördineer vir die verskuiwing van bestaande gebruikers, waar toepaslik, om die radiofrekwensiespektrum beskikbaar te stel om aan die vereistes van subartikel (2) en die oogmerke van hierdie Wet en van die verwante wetgewing te voldoen.

(8) Die Owerheid moet kennis van sy voorneme om ’n nasionale radiofrekwensieplan op te stel, in die *Staatskoerant* gee en in sodanige kennisgewing belanghebbende partye versoek om hulle skriftelike vertoë aan die Owerheid voor te lê binne die tydperk wat in sodanige kennisgewing vermeld word.

(9) Die Owerheid kan na afloop van die tydperk in subartikel (8) bedoel, ’n verhoor hou ten opsigte van die voorgestelde nasionale radiofrekwensieplan .

(10) Na die verhoor, as daar een is, en na behoorlike oorweging van enige skriftelike vertoë wat na aanleiding van die kennisgewing in subartikel (8) vermeld, ontvang is of tydens die verhoor ingedien is, moet die Owerheid die nasionale radiofrekwensieplan aan die Minister voorlê vir goedkeuring.

(11) Die Minister moet, binne 30 dae na ontvangs van die nasionale radiofrekwensieplan, óf die plan goedkeur, op welke tyd die plan in werking moet tree, óf die Owerheid in kennis stel dat verdere oorleg nodig is.

(12) By goedkeuring van die nasionale radiofrekwensieplan deur die Minister moet die Owerheid die plan in die *Staatskoerant* publiseer.

(13) ’n Radiofrekwensieplan wat ingevolge hierdie artikel goedgekeur is en al die kommentaar, vertoë en ander dokumente wat na aanleiding van die kennisgewing in subartikel (8) bedoel ontvang is of by die verhoor ingedien is, moet—

*(a)* by die kantore van die Owerheid gehou word; en

*(b)* gedurende die gewone kantoorure van die Owerheid ter openbare insae lê vir belanghebbende persone.

(14) Die Owerheid moet op versoek van enige persoon en by betaling van die gelde wat voorgeskryf word, hom of haar voorsien van ’n afskrif van die radiofrekwensieplan.

(15) Die bepalings van subartikels (6) tot (14) is met die nodige veranderings van toepassing op enige wysiging wat die Owerheid aan die radiofrekwensieplan aanbring.

(16) Die Owerheid kan, waar die nasionale radiofrekwensieplan die radiofrekwensiespektrum identifiseer wat beset is en die verskuiwing van die gebruikers van sodanige radiofrekwensiespektrum na ander radiofrekwensiebande vereis, die gebruikers na sodanige ander radiofrekwensiebande verskuif ooreenkomstig die nasionale radiofrekwensieplan, uitgesonderd waar sodanige verskuiwing regeringsentiteite of -organisasies behels, in welke geval die Owerheid—

*(a)* die aangeleentheid na die Minister moet verwys; en

*(b)* die gebruikers kan verskuif na oorleg met die Minister.

## CHAPTER 6

## TECHNICAL EQUIPMENT AND STANDARDS

### Approval of type

**35.** (1) No person may use, supply, sell, offer for sale or lease or hire any type of electronic communications equipment or electronic communications facility, including radio apparatus, used or to be used in connection with the provision of electronic communications, unless such equipment, electronic communications facility or radio apparatus has, subject to subsection (2), been approved by the Authority.

(2)The Authority may prescribe—

*(a)* the types of equipment, electronic communications facilities and radio apparatus, the use of which does not require approval where such equipment, electronic communications facilities and radio apparatus has been approved for use by the European Telecommunications Standards Associations or other competent standards body where the equipment complies with type approval standards prescribed by the Authority; and

*(b)* circumstances under which the use of equipment, electronic communications facilities, radio apparatus and subscriber equipment does not require approval, including uses for research and development, demonstrations of prototypes and testing.

### Technical standards for equipment and electronic communications facilities

**36.** (1) The Authority may, subject to the provisions of the Standards Act, 1993 (Act No. 29 of 1993), prescribe standards for the performance and operation of any equipment or electronic communication facility, including radio apparatus.

(2) Any such standard must be aimed at—

*(a)* protecting the integrity of the electronic communications network;

*(b)* ensuring the proper functioning of connected equipment or electronic communications facilities;

*(c)* ensuring interoperability, interconnectability and harmonisation; and

*(d)* avoiding harmful interference with the electronic communications network.

(3) *(a)* The regulations made in terms of subsection (1) may, for the purposes of this section and without publishing the text of the technical standard, incorporate any technical standard by reference to—

(i) the number, title and year of issue of the technical standard; or

(ii) other particulars by which the particular standard can be identified.

*(b)* Any technical standard incorporated as contemplated in paragraph *(a)* is considered to be a regulation to the extent that the technical standard is not contrary to the regulations.

*(c)* Whenever any technical standard is, at any time after its incorporation in terms of paragraph *(a)*, amended or substituted by a competent national body, the regulation in terms of which such technical standard was incorporated in the regulations must, unless otherwise stated therein, be considered to refer to such technical standard as so amended or substituted, as the case may be.

*(d)* The Authority must keep the text of each—

(i) technical standard incorporated in the regulations in terms of paragraph *(a)*; and

(ii) amendment or substitution of the text.

*(e)* The text of each incorporated technical standard must be open to inspection by the public during the normal office hours of the Authority.

*(f)* The Authority may, at the request of any person and on payment of such fee as may be prescribed, furnish him or her with a copy of the text.

## HOOFSTUK 6

## TEGNIESE TOERUSTING EN STANDAARDE

### Goedkeuring van tipe

**35.** (1) Geen persoon mag enige tipe elektroniese kommunikasietoerusting of elektroniese kommunikasiefasiliteit, insluitend radioapparaat, wat gebruik word of gebruik staan te word in verband met die lewering van elektroniese kommunikasie, gebruik, verskaf, verkoop, aanbied vir verkoop of huur of verhuur nie tensy sodanige toerusting, elektroniese kommunikasiefasiliteit of radioapparaat behoudens subartikel (2) deur die Owerheid goedgekeur is.

(2) Die Owerheid kan—

*(a)* die tipes toerusting, elektroniese kommunikasiefasiliteite en radioapparaat voorskryf, waarvan die gebruik nie goedkeuring vereis nie waar sodanige toerusting, elektroniese kommunikasiefasiliteite en radioapparaat goedgekeur is vir gebruik deur die Europese Telekommunikasiestandaardevereniging of ander bevoegde standaardeliggaam waar die toerusting voldoen aan tipe-goedkeuringstandaarde deur die Owerheid voorgeskryf; en

*(b)* omstandighede voorskryf waarin die gebruik van toerusting, elektroniese kommunikasiefasiliteite, radioapparaat en intekenaartoerusting nie goedkeuring vereis nie, insluitend gebruike vir navorsing en ontwikkeling, demonstrasies van prototipes en toetsing.

### Tegniese standaarde vir toerusting en elektroniese kommunikasiefasiliteite

**36.** (1) Die Owerheid kan, behoudens die bepalings van die Wet op Standaarde, 1993 (Wet No. 29 van 1993), standaarde voorskryf vir die verrigting en bedryf van enige toerusting of elektroniese kommunikasiefasiliteit, insluitend radioapparaat.

(2) Enige sodanige standaard moet gemik wees op—

*(a)* die beskerming van die integriteit van die elektroniese kommunikasie-netwerk;

*(b)* die versekering van die behoorlike funksionering van gekoppelde toerusting of elektroniese kommunikasiefasiliteite;

*(c)* die versekering van tussenwerkbaarheid, interkonnekteerbaarheid en harmoniëring; en

*(d)* die vermyding van nadelinge steuring van die elektroniese kommunikasie-netwerk.

(3) *(a)* Die regulasies uitgevaardig ingevolge subartikel (1) kan, by die toepassing van hierdie artikel en sonder dat die teks van die tegniese standaard gepubliseer word, enige tegniese standaard insluit deur verwysing na—

(i) die nommer, titel en jaar van uitreiking van die tegniese standaard; of

(ii) ander besonderhede waaraan die bepaalde standaard geïdentifiseer kan word.

*(b)* Enige tegniese standaard ingesluit soos in paragraaf *(a)* beoog, word geag ’n regulasie te wees in soverre die tegniese standaard nie strydig met die regulasies is nie.

*(c)* Wanneer ’n tegniese standaard te eniger tyd na die insluiting daarvan ingevolge paragraaf *(a)* deur ’n bevoegde nasionale liggaam gewysig of vervang word, moet die regulasie ingevolge waarvan sodanige tegniese standaard by die regulasies ingesluit is, behoudens andersluidende bepalings daarin, geag word te verwys na sodanige tegniese standaard soos aldus gewysig of vervang, na gelang van die geval.

*(d)* Die Owerheid moet die teks hou van elke—

(i) tegniese standaard wat ingevolge paragraaf *(a)* by die regulasies ingesluit is; en

(ii) wysiging of vervanging van die teks.

*(e)* Die teks van elke ingeslote tegniese standaard moet gedurende die normale kantoorure van die Owerheid vir die publiek ter insae lê.

*(f)* Die Owerheid kan op versoek van enige persoon en by betaling van die gelde wat voorgeskryf is, hom of haar van ’n afskrif van die teks voorsien.

## CHAPTER 7

## INTERCONNECTION

### Obligation to interconnect

**37.** (1) Subject to section 38, any person licensed in terms of Chapter 3 must, on request, interconnect to any other person licensed in terms of this Act and persons providing service pursuant to a licence exemption in accordance with the terms and conditions of an interconnection agreement entered into between the parties, unless such request is unreasonable.

(2) Where the reasonableness of any request to interconnect is disputed, the person requesting interconnection may notify the Authority in accordance with the regulations prescribed in terms of section 38 and the Authority must, within 14 days of receiving the request, or such longer period as is reasonably necessary in the circumstances, determine the reasonableness of the request.

(3) For the purposes of subsection (1) a request is reasonable where the Authority determines that the requested interconnection—

*(a)* is technically and financially feasible; and
*(b)* will promote the efficient use of electronic communications networks and services.

(4) In the case of unwillingness or inability of a licensee to negotiate or agree on the terms and conditions of interconnection, either party may notify the Authority in writing and the Authority may—

*(a)* impose terms and conditions for interconnection consistent with this Chapter;
*(b)* propose terms and conditions consistent with this Chapter which, subject to negotiations among the parties, must be agreed to by the parties within such period as the Authority may specify; or
*(c)* refer the dispute to the Complaints and Compliance Committee for resolution on an expedited basis in accordance with the procedures prescribed in terms of section 38.

(5) For purposes of subsection (4), unless otherwise agreed in writing by the parties, a party is considered unwilling to negotiate or unable to agree if an interconnection agreement is not concluded within the time frames prescribed.

(6) The interconnection agreement entered into by a licensee in terms of subsection (1) must, unless otherwise requested by the party seeking interconnection, be non-discriminatory as among comparable types of interconnection and not be of a lower technical standard and quality than the technical standard and quality provided by such licensee to itself or to an affiliate.

### Interconnection regulations

**38.** (1) The Authority must prescribe regulations to facilitate the conclusion of interconnection agreements by stipulating interconnection agreement principles. The regulations may include any regulations referred to in section 39.

(2) Interconnection regulations and interconnection agreement principles must provide for a framework which may include a reference interconnection offer containing model terms and conditions for interconnection.

(3) The interconnection regulations and interconnection agreement principles may include, but are not limited to matters relating to—

*(a)* the time frame and procedure for—
  (i) the negotiation of interconnection agreements;
  (ii) the conclusion of an interconnection agreement; and
  (iii) the technical implementation of the interconnection agreement;
*(b)* the quality, performance and level of service to be provided;
*(c)* subject to and in accordance with section 41, interconnection pricing principles;
*(d)* the provision of electronic communications facilities to establish points of interconnection;

## HOOFSTUK 7

## INTERKONNEKSIE

**Verpligting om te interkonnekteer**

**37.** (1) Behoudens artikel 38 moet enige persoon wat ingevolge Hoofstuk 3 gelisensieer is, op versoek met enige ander persoon wat ingevolge hierdie Wet gelisensieer is en persone wat ingevolge 'n lisensievrystelling 'n diens verskaf, interkonnekteer in ooreenstemming met die bedinge en voorwaardes van 'n interkonneksie-ooreenkoms aangegaan tussen die partye, tensy sodanige versoek onredelik is.

(2) Waar die redelikheid van 'n versoek om te interkonnekteer betwis word, kan die persoon wat interkonneksie versoek, die Owerheid in kennis stel ooreenkomstig die regulasies voorgeskryf ingevolge artikel 38, en die Owerheid moet binne 14 dae na ontvangs van die versoek of die langer tydperk wat in die omstandighede redelikerwys nodig is, die redelikheid van die versoek bepaal.

(3) By die toepassing van subartikel (1) is 'n versoek redelik waar die Owerheid bepaal dat die verlangde interkonneksie—

*(a)* tegnies en finansieel doenlik is; en

*(b)* die doeltreffende gebruik van elektroniese kommunikasienetwerke en -dienste sal bevorder.

(4) In die geval van onwilligheid of onvermoë van 'n lisensiehouer om te onderhandel of ooreen te kom oor die bedinge en voorwaardes van interkonneksie, kan enige party die Owerheid skriftelik in kennis stel, en die Owerheid kan—

*(a)* bedinge en voorwaardes vir interkonneksie stel wat met hierdie Hoofstuk versoenbaar is;

*(b)* bedinge en voorwaardes voorstel wat met hierdie Hoofstuk versoenbaar is, waartoe die partye, behoudens onderhandeling tussen die partye, moet instem binne die tydperk wat die Owerheid bepaal; of

*(c)* die geskil na die Klagtes- en Nakomingskomitee verwys vir beslegting op 'n versnelde basis ooreenkomstig die prosedures ingevolge artikel 38 voorgeskryf.

(5) By die toepassing van subartikel (4), tensy anders skriftelik ooreengekom deur die partye, word 'n party geag onwillig te wees om te onderhandel of nie in staat om in te stem nie indien 'n interkonneksie-ooreenkoms nie binne die voorgeskrewe tydraamwerke bereik word nie.

(6) Die interkonneksie-ooreenkoms aangegaan deur 'n lisensiehouer ingevolge subartikel (1) moet, tensy anders versoek deur die party wat interkonneksie verlang, niediskriminerend wees soos tussen vergelykbare tipes interkonneksie en nie van 'n laer tegniese standaard en gehalte as die tegniese standaard en gehalte wat sodanige lisensiehouer aan homself of aan 'n geaffilieerde verskaf nie.

**Interkonneksieregulasies**

**38.** (1) Die Owerheid moet regulasies voorskryf om die aangaan van interkonneksie-ooreenkomste te fasiliteer deur beginsels vir interkonneksie-ooreenkomste te bepaal. Die regulasies kan enige regulasies in artikel 39 bedoel, insluit.

(2) Interkonneksieregulasies en interkonneksie-ooreenkomsbeginsels moet 'n raamwerk verskaf, wat 'n verwysingsinterkonneksie-aanbod kan insluit wat modelbepalings en -voorwaardes vir interkonneksie bevat.

(3) Die interkonneksieregulasies en interkonneksie-ooreenkomsbeginsels kan insluit, maar is nie beperk nie tot sake rakende—

*(a)* die tydsraamwerk en prosedures vir—

(i) die onderhandeling oor interkonneksie-ooreenkomste;

(ii) die aangaan van 'n interkonneksie-ooreenkoms; en

(iii) die tegniese implementering van die interkonneksie-ooreenkoms;

*(b)* die gehalte, prestasie en vlak van diens wat gelewer moet word;

*(c)* behoudens en ooreenkomstig artikel 41, interkonneksie-prysbeginsels;

*(d)* die verskaffing van elektroniese kommunikasiefasiliteite om punte van interkonneksie te vestig;

*(e)* the sharing of technical information, including obligations imposed in respect of the disclosure of current and future electronic communications network planning activities;
*(f)* contractual dispute-resolution procedures;
*(g)* billing and settlement procedures;
*(h)* interconnection services such as support systems, calling line identification, signalling services, supervision, functionality, unbundling of interconnection services, fault reporting, co-operation in the event of faults and collocation;
*(i)* access and security arrangements;
*(j)* the framework for determining technical and financial feasibility and promotion of efficient use of the electronic communications networks and provision of services contemplated in section 37(3);
*(k)* the requirement that a licensee negotiate and enter into an interconnection agreement with an applicant for an individual licence; and
*(l)* the manner in which interconnection services are to be unbundled and made separately available by licensees.

(4) Where the regulations require negotiations with an applicant as contemplated in subsection (3)*(k)*, reference in this Chapter to a licensee seeking to interconnect must be considered to include a reference to an applicant.

(5) The interconnection regulations may exempt (in whole or in part) licensees from the obligation to interconnect under section 37(1) where the Authority has not found such licensees to have significant market power in the relevant market or market segment in terms of Chapter 10.

(6) Where a licensee is exempt from the obligation to interconnect in terms of subsection (5) and such exempted licensee enters into an interconnection agreement with another exempted licensee, or a person providing services pursuant to a licence exemption, sections 37(6) and 39(3) and (4) do not apply to such an interconnection agreement.

**Filing of interconnection agreements**

**39.** (1) An interconnection agreement must be in writing and must be submitted to the Authority.

(2) An interconnection agreement becomes effective and enforceable upon filing with the Authority in the prescribed manner, unless—
*(a)* an order of a court of competent jurisdiction is granted against such agreement; or
*(b)* the Authority provides the parties with written notice of non-compliance in terms of subsection (5).

(3) The Authority must, at the request of any person and on payment of such fee as may be prescribed, furnish that person with a copy of any interconnection agreement and the rates and charges contained in such agreement.

(4) The Authority must review an interconnection agreement submitted in terms of subsection (1) to determine whether the agreement is consistent with the regulations prescribed.

(5) Where the Authority determines that any term or condition of an interconnection agreement is not consistent with the regulations, the Authority must in writing—
*(a)* notify the parties of the non-complying terms and conditions; and
*(b)* direct the parties to agree on new terms and conditions consistent with the regulations.

(6) The parties must, upon reaching agreement and amending the non-complying terms and conditions of the interconnection agreement, submit the amended agreement to the Authority for consideration and review.

(7) The provisions of subsections (4) and (5) apply, with the necessary changes, to the consideration and review of the amended agreement by the Authority.

*(e)* die deel van tegniese inligting, insluitend verpligtinge gestel ten opsigte van die bekendmaking van huidige en toekomstige elektroniese kommunikasienetwerkbeplanningsaktiwiteite;

*(f)* prosedures vir die beslegting van kontraktuele geskille;

*(g)* prosedures vir die uitstuur van rekeninge en die betaling daarvan;

*(h)* interkonneksiedienste soos steunstelsels, oproeplynidentifikasie, seindienste, toesighouding, funksionaliteit, ontbondeling van interkonneksiedienste, foutaanmelding, samewerking in die geval van foute en plasing;

*(i)* reëlings vir toegang en sekuriteit;

*(j)* die raamwerk vir die bepaling van tegniese en finansiële doenlikheid en die bevordering van doeltreffende gebruik van die elektroniese kommunikasienetwerke en verskaffing van dienste in artikel 37(3) beoog;

*(k)* die vereiste dat 'n lisensiehouer onderhandel oor en 'n interkonneksieooreenkoms aangaan met 'n aansoeker om 'n individuele lisensie; en

*(l)* die wyse waarop interkonneksiedienste ontbondel en afsonderlik beskikbaar gestel moet word deur lisensiehouers.

(4) Waar die regulasies onderhandelings met 'n aansoeker vereis soos in subartikel (3)*(k)* beoog, word verwysing in hierdie Hoofstuk na 'n lisensiehouer wat interkonneksie verlang, geag 'n verwysing na 'n aansoeker in te sluit.

(5) Die interkonneksieregulasies kan lisensiehouers (in geheel of gedeeltelik) vrystel van die verpligting om te interkonnekteer kragtens artikel 37(1) waar die Owerheid nie bevind dat sodanige lisensiehouers beduidende markkrag in die betrokke mark of marksegment ingevolge Hoofstuk 10 het nie.

(6) Waar 'n lisensiehouer ingevolge subartikel (5) vrygestel is van die verpligting om te interkonnekteer en sodanige vrygestelde lisensiehouer 'n interkonneksie-ooreenkoms aangaan met 'n ander vrygestelde lisensiehouer of 'n persoon wat dienste verskaf ingevolge 'n lisensievrystelling, is artikels 37(6) en 39(3) en (4) nie op so 'n interkonneksie-ooreenkoms van toepassing nie.

**Indiening van interkonneksie-ooreenkomste**

**39.** (1) 'n Interkonneksie-ooreenkoms moet skriftelik wees en moet aan die Owerheid voorgelê word.

(2) 'n Interkonneksie-ooreenkoms word van krag en afdwingbaar by indiening by die Owerheid op die voorgeskrewe wyse, tensy—

*(a)* 'n bevel van 'n bevoegde hof teen sodanige ooreenkoms gegee word; of

*(b)* die Owerheid die partye voorsien van skriftelike kennisgewing van nievoldoening ingevolge subartikel (5).

(3) Die Owerheid moet op versoek van enige persoon en by betaling van die gelde wat voorgeskryf is, daardie persoon voorsien van 'n afskrif van 'n interkonneksieooreenkoms en die tariewe en heffings in sodanige ooreenkoms vervat.

(4) Die Owerheid moet 'n interkonneksie-ooreenkoms wat ingevolge subartikel (1) voorgelê is, hersien om te bepaal of die ooreenkoms met die voorgeskrewe regulasies bestaanbaar is.

(5) Waar die Owerheid bepaal dat enige bepaling of voorwaarde van 'n interkonneksie-ooreenkoms nie met die regulasies bestaanbaar is nie, moet die Owerheid—

*(a)* die partye skriftelik in kennis stel van die bedinge en voorwaardes wat nie bestaanbaar is nie; en

*(b)* die partye skriftelik gelas om ooreen te kom op nuwe bedinge en voorwaardes wat met die regulasies bestaanbaar is.

(6) Die partye moet, wanneer 'n ooreenkoms bereik word en die niebestaanbare bedinge en voorwaardes van die interkonneksie-ooreenkoms gewysig word, die gewysigde ooreenkoms aan die Owerheid voorlê vir oorweging en hersiening.

(7) Die bepalings van subartikels (4) en (5) is met die nodige veranderings van toepassing op die oorweging en hersiening van die gewysigde ooreenkoms deur die Owerheid.

### Notification of interconnection disputes

**40.** (1) A party to a dispute arising under an interconnection agreement that has been filed with the Authority may notify the Complaints and Compliance Committee in writing of the dispute and such dispute must be resolved, on an expedited basis, by the Complaints and Compliance Committee in accordance with the regulations prescribed by the Authority.

(2) A party who is seeking to exercise his or her rights under subsection (1) may, at any time, withdraw the notice in writing.

(3) A decision by the Complaints and Compliance Committee concerning any dispute or a decision concerning a dispute contemplated in section 37(4)*(c)* is, in all respects, effective and binding on the parties to the interconnection agreement unless an order of a court of competent jurisdiction is granted against the decision.

### Interconnection pricing principles

**41.** The Authority may prescribe regulations establishing a framework of wholesale interconnection rates to be charged for interconnection services or for specified types of interconnection and associated interconnection services taking into account the provisions of Chapter 10.

### Carrier pre-selection

**42.** (1) The Authority must make regulations—

*(a)* defining the electronic communications services subject to carrier pre-selection; and

*(b)* establishing a framework in terms of which—

  (i) subscribers to an electronic communications service can access the electronic communications services of another electronic communications service licensee; and

  (ii) electronic communications network service licensees must make the necessary electronic communications facilities available for the implementation and proper functioning of carrier pre-selection.

(2) The framework contemplated in subsection (1)*(b)* must be in force not later than 1 July 2006 and ensure that—

*(a)* electronic communications network service licensees implement, operate and maintain the necessary electronic communications facilities to successfully implement carrier pre-selection—

  (i) in an efficient manner;

  (ii) without undue delay; and

  (iii) without discrimination; and

*(b)* electronic communications service licensees honour subscriber requests to access the electronic communications services of another electronic communications service licensee on non-discriminatory terms and without delay.

## CHAPTER 8

## ELECTRONIC COMMUNICATIONS FACILITIES LEASING

### Obligation to lease electronic communications facilities

**43.** (1) Subject to section 44(5) and (6), an electronic communications network service licensee must, on request, lease electronic communications facilities to any other person licensed in terms of this Act and persons providing services pursuant to a licence exemption in accordance with the terms and conditions of an electronic communications facilities leasing agreement entered into between the parties, unless such request is unreasonable.

(2) Where the reasonableness of any request to lease electronic communications facilities is disputed, the party requesting to lease such electronic communications facilities may notify the Authority in accordance with the regulations prescribed in terms of section 44.

**Kennisgewing van interkonneksiegeskille**

**40.** (1) ’n Party by ’n geskil voortspruitend uit ’n interkonneksie-ooreenkoms wat by die Owerheid ingedien is, kan die Klagtes- en Nakomingskomitee skriftelik in kennis stel van die geskil, en sodanige geskil moet op ’n versnelde basis besleg word deur die Klagtes- en Nakomingskomitee ooreenkomstig die regulasies deur die Owerheid voorgeskryf.

(2) ’n Party wat sy of haar regte kragtens subartikel (1) wil uitoefen, kan die kennisgewing te eniger tyd skriftelik terugtrek.

(3) ’n Besluit deur die Klagtes- en Nakomingskomitee rakende ’n geskil of ’n besluit rakende ’n geskil in artikel 37(4)*(c)* beoog, is in alle opsigte geldig en bindend vir die partye by die interkonneksie-ooreenkoms tensy ’n bevel van ’n bevoegde hof teen die besluit verleen word.

**Interkonneksieprysbeginsels**

**41.** Die Owerheid kan regulasies voorskryf vir die instelling van ’n raamwerk van groothandelinterkonneksietariewe wat gevra moet word vir interkonneksiedienste of vir gespesifiseerde tipes interkonneksie en geassosieerde interkonneksiedienste met inagneming van die bepalings van Hoofstuk 10.

**Draervoorafseleksie**

**42.** (1) Die Owerheid moet regulasies uitvaardig—

*(a)* wat die elektroniese kommunikasiedienste omskryf wat aan draervoorafseleksie onderhewig is; en

*(b)* wat ’n raamwerk instel ingevolge waarvan—

(i) intekenaars op ’n elektroniese kommunikasiediens toegang kan kry tot die elektroniese kommunikasiedienste van ’n ander elektroniese kommunikasiedienslisensiehouer; en

(ii) elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouers die nodige elektroniese kommunikasiefasiliteite beskikbaar moet stel vir die implementering en behoorlike funksionering van draervoorafseleksie.

(2) Die raamwerk in subartikel (1)*(b)* beoog, moet van krag wees nie later nie as 1 Julie 2006 en moet verseker dat—

*(a)* elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouers die nodige elektroniese kommunikasiefasiliteite implementeer, bedryf en in stand hou ten einde draervoorafseleksie suksesvol te implementeer—

(i) op ’n doeltreffende wyse;

(ii) sonder onnodige vertraging; en

(iii) sonder diskriminasie; en

*(b)* elektroniese kommunikasiedienslisensiehouers intekenaars se versoeke vir toegang tot die elektroniese kommunikasiedienste van ’n ander elektroniese kommunikasiedienslisensiehouer op niediskriminerende bepalings en sonder versuim eerbiedig.

## HOOFSTUK 8

## VERHURING VAN ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIEFASILITEITE

**Verpligting om elektroniese kommunikasiefasiliteite te verhuur**

**43.** (1) Behoudens artikel 44(5) en (6) moet ’n elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer op versoek elektroniese kommunikasiefasiliteite verhuur aan ’n ander persoon wat ingevolge hierdie Wet gelisensieer is en persone wat ingevolge ’n lisensievrystelling dienste verskaf, in ooreenstemming met die bedinge en voorwaardes van ’n verhuringsooreenkoms vir elektroniese kommunikasiefasiliteite wat tussen die partye aangegaan is, tensy sodanige versoek onredelik is.

(2) Waar die redelikheid van ’n versoek om elektroniese kommunikasiefasiliteite te verhuur betwis word, kan die party wat versoek om sodanige elektroniese kommunikasiefasiliteite te huur, die Owerheid in kennis stel ooreenkomstig die regulasies ingevolge artikel 44 voorgeskryf.

(3) The Authority must, within 14 days of receiving the request, or such longer period as is reasonably necessary in the circumstances, determine the reasonableness of the request.

(4) For purposes of subsection (1), a request is reasonable where the Authority determines that the requested lease of electronic communications facilities—

*(a)* is technically and financially feasible; and
*(b)* will promote the efficient use of electronic communication networks and services.

(5) In the case of unwillingness or inability of an electronic communications network service licensee to negotiate or agree on the terms and conditions of an electronic communications facilities leasing agreement, either party may notify the Authority in writing and the Authority may—

*(a)* impose terms and conditions consistent with this Chapter;
*(b)* propose terms and conditions consistent with this Chapter which, subject to negotiations among the parties, must be agreed to by the parties within such period as the Authority may specify; or
*(c)* refer the dispute to the Complaints and Compliance Committee for resolution on an expedited basis in accordance with the procedures prescribed in terms of section 46.

(6) For the purposes of subsection (5), unless otherwise agreed in writing by the parties, a party is considered unwilling to negotiate or unable to agree if a facilities leasing agreement is not concluded within the time frames prescribed.

(7) The lease of electronic communications facilities by an electronic communications network service licensee in terms of subsection (1) must, unless otherwise requested by the leasing party, be non-discriminatory as among comparable types of electronic communications facilities being leased and not be of a lower technical standard and quality than the technical standard and quality provided by such electronic communications network service licensee to itself or to an affiliate.

(8) The Authority must prescribe a list of essential facilities including but not limited to—

*(a)* electronic communications facilities, including without limitation local loops, sub-loops and associated electronic communications facilities for accessing subscribers and provisioning services;
*(b)* electronic communications facilities connected to international electronic communications facilities such as submarine cables and satellite earth stations; and
*(c)* any other such facilities,

required to be leased by an electronic communications network service licensee in terms of subsection (1).

(9) The Authority must review the list of electronic communications facilities at least once every 36 (thirty six) months and, where the Authority finds market conditions warrant it, make modifications to such list after undertaking an inquiry in accordance with section 4B of the ICASA Act.

(10) An electronic communications network service licensee may not enter into any agreement or other arrangement with any person for access to, or use of, any international electronic communications facilities, including submarine cables and satellites, that—

*(a)* contains an exclusivity provision;
*(b)* contains provisions that create undue barriers to access to and use of such international communication facilities; or
*(c)* otherwise restricts any party to such agreement or other arrangement from—
   (i) leasing;
   (ii) selling; or
   (iii) otherwise entering into an agreement with any licensee under this Act or person providing services pursuant to a licence exemption for access to, and use of, such international electronic communications facilities.

(11) Any exclusivity provision contained in any agreement or other arrangement that is prohibited under subsection (10) is invalid from a date to be determined by the Minister after consultation with relevant parties.

(3) Die Owerheid moet binne 14 dae na ontvangs van die versoek of die langer tydperk wat in die omstandighede redelikerwys nodig is, die redelikheid van die versoek bepaal.

(4) By die toepassing van subartikel (1) is ’n versoek redelik waar die Owerheid bepaal dat die verlangde verhuring van elektroniese kommunikasiefasiliteite—

*(a)* tegnies en finansieel doenlik is; en
*(b)* die doeltreffende gebruik van elektroniese kommunikasienetwerke en -dienste sal bevorder.

(5) In die geval van onwilligheid of onvermoë van ’n elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer om oor die bedinge en voorwaardes van ’n huurkontrak vir elektroniese kommunikasiefasiliteite te onderhandel of daaroor ooreen te kom, kan enige party die Owerheid skriftelik in kennis stel, en die Owerheid kan—

*(a)* bedinge en voorwaardes stel wat met hierdie Hoofstuk versoenbaar is;
*(b)* bedinge en voorwaardes voorstel wat met hierdie Hoofstuk versoenbaar is, waartoe die partye, behoudens onderhandeling tussen die partye, moet instem binne die tydperk wat die Owerheid bepaal; of
*(c)* die geskil na die Klagtes- en Nakomingskomitee verwys vir beslegting op ’n versnelde basis ooreenkomstig die prosedures ingevolge artikel 46 voorgeskryf.

(6) By die toepassing van subartikel (5), tensy anders skriftelik ooreengekom deur die partye, word ’n party geag onwillig te wees om te onderhandel of nie in staat om in te stem nie indien ’n fasiliteitehuurooreenkoms nie binne die voorgeskrewe tydraamwerke bereik word nie.

(7) Die verhuring van elektroniese kommunikasiefasiliteite deur ’n elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer ingevolge subartikel (1) moet, tensy anders versoek deur die party wat verhuur, niediskriminerend wees soos tussen vergelykbare tipes elektroniese kommunikasiefasiliteite wat verhuur word en nie van ’n laer tegniese standaard en gehalte as die tegniese standaard en gehalte wat sodanige elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer aan homself of aan ’n geaffilieerde verskaf nie.

(8) Die Owerheid moet ’n lys noodsaaklike fasiliteite voorskryf wat insluit, maar nie beperk is nie tot—

*(a)* elektroniese kommunikasiefasiliteite, insluitend sonder beperking, plaaslike lusse, sublusse en geassosieerde elektroniese kommunikasiefasiliteite vir toegang deur intekenaars en voorsieningsdienste;
*(b)* elektroniese kommunikasiefasiliteite verbind met internasionale elektroniese kommunikasiefasiliteite soos ondersese kabels en satellietaardstasies; en
*(c)* enige ander sodanige fasiliteite,

wat ingevolge subartikel (1) deur ’n elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer verhuur moet word.

(9) Die Owerheid moet die lys van elektroniese kommunikasiefasiliteite minstens elke 36 (ses en dertig) maande hersien en waar die Owerheid bevind dat marktoestande dit regverdig, sodanige lys verander na ’n ondersoek ooreenkomstig artikel 4B van die OKOSA-wet.

(10) ’n Elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer mag geen ooreenkoms of ander reëling met enige persoon aangaan nie vir toegang tot, of gebruik van, enige internasionale elektroniese kommunikasiefasiliteite, insluitend ondersese kabels en satelliete, wat—

*(a)* ’n eksklusiwiteitbepaling bevat;
*(b)* bepalings bevat wat onbehoorlike versperrings skep vir toegang tot en gebruik van sodanige internasionale kommunikasiefasiliteite; of
*(c)* ’n party by sodanige ooreenkoms of ander reëling andersins beperk om—
  (i) te verhuur;
  (ii) te verkoop; of
  (iii) andersins ’n ooreenkoms met ’n lisensiehouer kragtens hierdie Wet of ’n persoon wat dienste ingevolge ’n lisensievrystelling verskaf, aan te gaan vir toegang tot en gebruik van sodanige internasionale elektroniese kommunikasiefasiliteite.

(11) Enige eksklusiwiteitbepaling vervat in enige ooreenkoms of ander reëling wat kragtens subartikel (10) verbied word, is ongeldig met ingang van ’n datum wat die Minister na oorleg met tersaaklike partye bepaal.

**Electronic communications facilities leasing regulations**

**44.** (1) The Authority must prescribe regulations to facilitate the conclusion of electronic communications facilities leasing agreements by stipulating electronic communications facilities leasing agreement principles and such regulations may include the regulations referred to in section 47.

(2) Electronic communications facilities leasing regulations and electronic communications facilities leasing agreement principles must provide for a framework which may include a reference electronic communications facilities leasing offer containing model terms and conditions for electronic communications facilities listed in section 43(8).

(3) Matters which the electronic communications facilities leasing regulations may address include but are not limited to—

*(a)* the time frame and procedures for—
  - (i) the negotiation of electronic communications facilities leasing agreements;
  - (ii) the conclusion of electronic communications facilities leasing agreements; and
  - (iii) the technical implementation of the electronic communications facilities leasing agreements;

*(b)* the quality, performance and level of service to be provided, including time to repair or restore, performance, latency and availability;

*(c)* subject to and in accordance with section 47, wholesale electronic communications facilities leasing rates and the manner in which the structure of fees and charges for such electronic communications facilities leasing must be determined;

*(d)* the sharing of technical information including obligations imposed in respect of the disclosure of current and future electronic communications network planning activities;

*(e)* contractual dispute resolution procedures;

*(f)* billing and settlement procedures;

*(g)* the list of electronic communications facilities contemplated in section 43(8) as reviewed and modified as contemplated in section 43(9);

*(h)* services associated with leasing electronic communications facilities such as support systems, collocation, fault reporting, supervision, functionality, unbundling, and co-operation in the event of fault;

*(i)* access and security arrangements;

*(j)* the framework in accordance with which an electronic communications network service licensee may refuse a request to lease electronic communications facilities due to such electronic communications network service licensees' planned expansion of its electronic communications network;

*(k)* the framework for determining technical and financial feasibility and promotion of efficient use of electronic communications networks and provision of services contemplated in section 43(4);

*(l)* the requirement that an electronic communications network service licensee negotiate and enter into an electronic communications facilities leasing agreement with an applicant for an individual licence; and

*(m)* the manner in which unbundled electronic communications facilities are to be made available.

(4) Where the regulations require negotiations with an applicant in terms of subsection (3)*(l)*, a reference in this Chapter to a licensee seeking to lease electronic communications facilities must be considered to include such applicant.

(5) The electronic communications facilities leasing regulations may exempt (in whole or in part) electronic communications network service licensees from the obligation to lease electronic communications facilities in terms of section 43(1) where the Authority has not found, in terms of Chapter 10, such electronic communications network service licensees to have significant market power in the relevant market or market segment.

(6) Where a licensee is exempt from the obligation to lease electronic communications facilities in terms of subsection (5) and such exempted licensee enters into a electronic communications facilities leasing agreement with another exempted licensee, or a person providing services pursuant to a licence exemption, section 43(7) and section

**Regulasies vir verhuring van elektroniese kommunikasiefasiliteite**

**44.** (1) Die Owerheid moet regulasies voorskryf om die aangaan van verhuringsooreenkomste vir elektroniese kommunikasiefasiliteite te fasiliteer deur beginsels vir verhuringsooreenkomste vir elektroniese kommunikasiefasiliteite te bepaal, en sodanige regulasies kan die regulasies in artikel 47 bedoel, insluit.

(2) Regulasies oor die verhuring van elektroniese kommunikasiefasiliteite en beginsels vir verhuringsooreenkomste vir elektroniese kommunikasiefasiliteite moet voorsiening maak vir ’n raamwerk wat kan insluit ’n verwysingsverhuringsaanbod vir elektroniese kommunikasiefasiliteite wat modelbedinge en -voorwaardes bevat vir elektroniese kommunikasiefasiliteite in artikel 43(8) gelys.

(3) Aangeleenthede wat in die regulasies oor die verhuring van elektroniese kommunikasiefasiliteite behandel kan word, sluit in maar is nie beperk nie tot—

*(a)* die tydsbestek en prosedures vir—
   (i) die onderhandeling oor verhuringsooreenkomste vir elektroniese kommunikasiefasiliteite;
   (ii) die aangaan van verhuringsooreenkomste vir elektroniese kommunikasiefasiliteite; en
   (iii) die tegniese implementering van verhuringsooreenkomste vir elektroniese kommunikasiefasiliteite;

*(b)* die gehalte, prestasie en vlak van diens wat verskaf moet word, insluitend tyd om prestasie, latentheid en beskikbaarheid te herstel of reg te stel;

*(c)* behoudens en ooreenkomstig artikel 47, groothandelsverhuringstariewe vir elektroniese kommunikasiefasiliteite en die wyse waarop die struktuur van gelde en tariewe vir verhuring van sulke elektroniese kommunikasiefasiliteite bepaal moet word;

*(d)* die deling van tegniese inligting, insluitend verpligtinge opgelê ten opsigte van die openbaring van huidige en toekomstige elektroniese kommunikasie-netwerkbeplanningsaktiwiteite;

*(e)* prosedures vir die beslegting van kontraktuele geskille;

*(f)* prosedures vir die uitstuur van rekeninge en die betaling daarvan;

*(g)* die lys van elektroniese kommunikasiefasiliteite in artikel 43(8) beoog, soos hersien en verander soos in artikel 43(9) beoog;

*(h)* dienste wat gepaardgaan met die verhuring van elektroniese kommunikasie-fasiliteite soos steunstelsels, plasing, foutaanmelding, toesighouding, funksionaliteit, ontbondeling en samewerking in die geval van ’n fout;

*(i)* reëlings vir toegang en sekuriteit;

*(j)* die raamwerk ingevolge waarvan ’n elektroniese kommunikasie-netwerkdienslisensiehouer ’n versoek om elektroniese kommunikasie-fasiliteite te verhuur, kan weier op grond van sodanige elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer se beplande uitbreiding van sy elektroniese kommunikasienetwerk;

*(k)* die raamwerk vir die bepaling van tegniese en finansiële doenlikheid en die bevordering van die doeltreffende gebruik van elektroniese kommunikasie-netwerke en die lewering van dienste in artikel 43(4) beoog;

*(l)* die vereiste dat ’n elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer ’n huurooreenkoms vir elektroniese kommunikasiefasiliteite met ’n aansoeker om ’n individuele lisensie moet beding en aangaan;

*(m)* die wyse waarop ontbondelde elektroniese kommunikasiefasiliteite beskikbaar gestel moet word.

(4) Waar die regulasies ingevolge subartikel (3)*(l)* onderhandelinge vereis, word ’n verwysing in hierdie Hoofstuk na ’n lisensiehouer wat elektroniese kommunikasie-fasiliteite wil verhuur, geag so ’n aansoeker in te sluit.

(5) Die verhuringsregulasies oor elektroniese kommunikasiefasiliteite kan elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouers (in geheel of gedeeltelik) vrystel van die verpligting om elektroniese kommunikasiefasiliteite ingevolge artikel 43(1) te verhuur waar die Owerheid ingevolge Hoofstuk 10 nie bevind het dat sodanige elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouers beduidende markkrag in die betrokke mark of marksegment het nie.

(6) Waar ’n lisensiehouer vrygestel is van die verpligting om elektroniese kommunikasiefasiliteite ingevolge subartikel (5) te verhuur en sodanige vrygestelde lisensiehouer ’n huurooreenkoms vir elektroniese kommunikasiefasiliteite aangaan met ’n ander vrygestelde lisensiehouer of met ’n persoon wat dienste ingevolge ’n

45(3) and (4) do not apply to any such electronic communications facilities leasing agreement.

(7) Despite a finding of significant market power, for purposes of promoting investment in new fibre electronic communications networks, the Authority may exempt an electronic communications network service licensee from the obligation to lease fibre loops and sub-loops serving residential premises if the electronic communications network service licensee meets the following requirements:

*(a)* The new fibre loops and sub-loops, as applicable, have been, or will be, constructed and placed in operation after the coming into force of this Act;

*(b)* the new fibre loops and sub-loops, as applicable, are, or will be—

(i) constructed in, and serve, a geographic area that, at the time of construction, is not then served by the electronic communications network service licensee and such electronic communications network service licensee has no obligation to serve such geographic area; or

(ii) constructed in, and serve, a geographic area that, at the time of construction, is then served by the electronic communications network service licensee and such electronic communications network service licensee maintains and continues to support its existing electronic communications facilities in the geographic area and to make such existing electronic communications facilities available for lease in accordance with the obligations under this Chapter and electronic communications facilities leasing regulations; and

*(c)* the electronic communications network service licensee has not entered into any exclusive arrangement with the owner of the property, local authority or any other person or persons exercising control over the geographic area or parts thereof barring or impeding the construction of competing electronic communications networks in the geographic area.

**Filing of electronic communications facilities leasing agreements**

**45.** (1) An electronic communications facilities leasing agreement must be in writing and must be submitted to the Authority.

(2) Electronic communications facilities leasing agreements are effective and enforceable upon being filed with the Authority in the prescribed manner unless an order of a court of competent jurisdiction is granted against such agreement or the Authority provides the parties with written notice of non-compliance in terms of subsection (6).

(3) The Authority must publish electronic communications facilities leasing agreements submitted in terms of subsection (1).

(4) The Authority must, at the request of any person and on payment of such fee as may be prescribed, furnish that person with a copy of any electronic communications facilities leasing agreement.

(5) The Authority must review electronic communications facilities leasing agreements submitted in terms of subsection (1) to determine whether such agreements are consistent with the regulations prescribed.

(6) Where the Authority determines that any term or condition of an electronic communications facilities leasing agreement is not consistent with the regulations, the Authority must in writing—

*(a)* notify the parties of the non-complying terms and conditions; and

*(b)* direct the parties to agree on new terms and conditions consistent with the regulations.

(7) The parties must, upon reaching agreement and amending the non-complying terms and conditions of the electronic communications facilities leasing agreement, submit the amended agreement to the Authority for consideration and review.

(8) The provisions of subsections (5) and (6) apply, with the necessary changes, to such consideration and review of the amended agreement by the Authority.

lisensievrystelling verskaf, is artikel 43(7) en artikel 45(3) en (4) nie op enige sodanige huurooreenkoms vir elektroniese kommunikasiefasiliteite van toepassing nie.

(7) Ondanks 'n bevinding van beduidende markkrag, vir doeleindes van die bevordering van investering in nuwe veselelektroniese kommunikasienetwerke, kan die Owerheid 'n elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer vrystel van die verpligting om vesellusse en sublusse wat woonpersele bedien, te verhuur indien die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer aan die volgende vereistes voldoen:

*(a)* Die nuwe vesellusse en sublusse, soos toepaslik, is gebou of in diens gestel of gaan gebou of in diens gestel word na die inwerkingtreding van hierdie Wet;

*(b)* die nuwe vesellusse en sublusse, soos toepaslik—

(i) is of gaan opgerig word in 'n geografiese gebied, en gaan sodanige gebied bedien, wat ten tyde van die oprigting daarvan nie deur die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer bedien word nie en sodanige elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer het geen verpligting om sodanige geografiese gebied te bedien nie;

(ii) is of gaan opgerig word in 'n geografiese gebied, en gaan sodanige gebied bedien, wat ten tyde van die oprigting daarvan deur die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer bedien word en sodanige elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer hou sy bestaande elektroniese kommunikasiefasiliteite in die geografiese gebied in stand en gaan voort om dit te steun en om sodanige elektroniese kommunikasiefasiliteite beskikbaar te stel vir verhuring ooreenkomstig die verpligtinge kragtens hierdie Hoofstuk en regulasies oor die verhuring van elektroniese kommunikasiefasiliteite; en

*(c)* die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer het nie 'n eksklusiewe reëling met die eienaar van die eiendom, plaaslike owerheid of enige ander persoon of persone wat beheer oor die geografiese gebied of dele daarvan uitoefen, aangegaan wat die oprigting van mededingende elektroniese kommunikasienetwerke in die geografiese gebied belet of belemmer nie.

**Indiening van verhuringsooreenkomste vir elektroniese kommunikasiefasiliteite**

**45.** (1) 'n Verhuringsooreenkoms vir kommunikasiefasiliteite moet skriftelik wees en moet aan die Owerheid voorgelê word.

(2) Verhuringsooreenkomste vir elektroniese kommunikasiefasiliteite word geldig en afdwingbaar by indiening op die voorgeskrewe wyse by die Owerheid, tensy 'n bevel van 'n bevoegde hof teen sodanige ooreenkoms verleen word of die Owerheid die partye voorsien van 'n skriftelike kennisgewing van nienakoming ingevolge subartikel (6).

(3) Die Owerheid moet verhuringsooreenkomste vir elektroniese kommunikasiefasiliteite wat ingevolge subartikel (1) voorgelê is, publiseer.

(4) Die Owerheid moet op versoek van enige persoon en teen betaling van die voorgeskrewe gelde daardie persoon voorsien van 'n afskrif van 'n verhuringsooreenkoms vir elektroniese kommunikasiefasiliteite.

(5) Die Owerheid moet verhuringsooreenkomste vir elektroniese kommunikasiefasiliteite wat ingevolge subartikel (1) voorgelê is, hersien om te bepaal of sodanige ooreenkomste met die regulasies bestaanbaar is.

(6) Waar die Owerheid bepaal dat 'n beding of voorwaarde van 'n verhuringsooreenkoms vir elektroniese kommunikasiefasiliteite nie met die regulasies bestaanbaar is nie, moet die Owerheid—

*(a)* die partye skriftelik in kennis stel van die onbestaanbare bedinge en voorwaardes; en

*(b)* die partye skriftelik gelas om op nuwe bedinge en voorwaardes wat met die regulasies bestaanbaar is, ooreen te kom.

(7) Die partye moet by die bereiking van ooreenkoms en wysiging van die onbestaanbare bedinge en voorwaardes van die verhuringsooreenkoms vir elektroniese kommunikasiefasiliteite die gewysigde ooreenkoms aan die Owerheid voorlê om oorweeg en hersien te word.

(8) Die bepalings van subartikel (5) en (6) is met die nodige veranderings van toepassing op sodanige oorweging en hersiening van die gewysigde ooreenkoms deur die Owerheid.

**Notification of electronic communications facilities leasing agreement disputes**

**46.** (1) A party to a dispute arising out of an electronic communications facilities leasing agreement may notify the Authority in writing of the dispute and such dispute must be resolved, on an expedited basis, by the Complaints and Compliance Committee in accordance with the regulations prescribed by the Authority.

(2) A party who notifies the Authority of a dispute in terms of subsection (1) may, at any time, withdraw the notice in writing.

(3) A decision by the Complaints and Compliance Committee concerning any dispute or a decision concerning a dispute contemplated in section 43(5)*(c)* is, in all respects, effective and binding on the parties to the electronic communications facilities leasing agreement unless an order of a court of competent jurisdiction is granted against the decision.

**Facilities leasing pricing principles**

**47.** The Authority may prescribe regulations establishing a framework for the establishment and implementation of wholesale rates applicable to specified types of electronic communication facilities and associated services taking into account the provisions of Chapter 10.

## CHAPTER 9

## BROADCASTING SERVICES

**Application**

**48.** This chapter applies only to broadcasting service licensees.

**Public broadcasting service licences**

**49.** In considering the grant of a new public broadcasting service licence the Authority must, with due regard to the objects and principles enunciated in section 2, among others, take into account the following:

*(a)* The demand for the proposed broadcasting service within the proposed licenced area;
*(b)* The need for the proposed broadcasting service within such area, having regard to broadcasting services already existing in that area; and
*(c)* The technical quality of the proposed broadcasting service in regard to developments in broadcasting technology.

**Community broadcasting service licences**

**50.** In considering the grant of a new community broadcasting service licence the Authority must, with due regard to the objects and principles enunciated in section 2, among others, take into account whether—

*(a)* the applicant is fully controlled by a non-profit entity and carried on or is to be carried on for non-profit purposes;
*(b)* the applicant intends to serve the interests of the relevant community;
*(c)* as regards the provision of the proposed broadcasting service, the applicant has the support of the relevant community or of those associated with or promoting the interests of such community, which support must be measured according to such criteria as may be prescribed;
*(d)* the applicant intends to encourage members of the relevant community or those associated with or promoting the interests of such community to participate in the selection and provision of programmes to be broadcast in the course of such broadcasting service; and
*(e)* the applicant has never been convicted of an offence in terms of this Act or the related legislation.

**Kennisgewing van geskille oor verhuringsooreenkomste vir elektroniese kommunikasiefasiliteite**

**46.** (1) 'n Party by 'n geskil wat ontstaan uit 'n verhuringsooreenkoms vir elektroniese kommunikasiefasiliteite kan die Owerheid skriftelik in kennis stel van die geskil, en sodanige geskil moet op 'n versnelde basis deur die Klagtes- en Nakomingskomitee besleg word ooreenkomstig die regulasies deur die Owerheid voorgeskryf.

(2) 'n Party wat die Owerheid ingevolge subartikel (1) van 'n geskil in kennis stel, kan die kennisgewing te eniger tyd skriftelik terugtrek.

(3) 'n Beslissing deur die Klagtes- en Nakomingskomitee rakende enige geskil of 'n beslissing rakende 'n geskil in artikel 43(5)*(c)* bedoel, is in alle opsigte geldig en bindend vir die partye by die verhuringsooreenkoms vir elektroniese kommunikasiefasiliteite, tensy 'n bevel van 'n bevoegde hof teen die beslissing verleen word.

**Beginsels van prysbepaling vir fasiliteitverhuring**

**47.** Die Owerheid kan regulasies voorskryf waarby 'n raamwerk ingestel word vir die instelling en implementering van groothandeltariewe van toepassing op bepaalde tipes elektroniese kommunikasiefasiliteite en geassosieerde dienste met inagneming van die bepalings van Hoofstuk 10.

## HOOFSTUK 9

## UITSAAIDIENSTE

**Toepassing**

**48.** Hierdie Hoofstuk is net op uitsaaidienslisensiehouers van toepassing.

**Openbare uitsaaidienslisensies**

**49.** Wanneer die toestaan van 'n nuwe openbare uitsaaidienslisensie oorweeg word, moet die Owerheid, met behoorlike inagneming van die oogmerke en beginsels in artikel 2 vermeld, onder andere die volgende in aanmerking neem:

*(a)* Die vraag na die voorgestelde uitsaaidiens binne die voorgestelde lisensiegebied;

*(b)* die behoefte aan die voorgestelde uitsaaidiens binne sodanige gebied, met inagneming van uitsaaidienste wat reeds in dié gebied bestaan; en

*(c)* die tegniese gehalte van die voorgestelde uitsaaidiens met betrekking tot ontwikkelings in uitsaaitegnologie.

**Gemeenskapsuitsaaidienslisensies**

**50.** Wanneer die toestaan van 'n nuwe gemeenskapsuitsaaidienslisensie oorweeg word, moet die Owerheid, met behoorlike inagneming van die oogmerke en beginsels in artikel 2 vermeld, onder andere in aanmerking neem of—

*(a)* die aansoeker ten volle beheer word deur 'n entiteit sonder winsoogmerk en vir niewinsdoeleindes bedryf word of bedryf gaan word;

*(b)* die aansoeker beoog om die belange van die betrokke gemeenskap te dien;

*(c)* rakende die verskaffing van die voorgestelde uitsaaidiens, die aansoeker die steun van die betrokke gemeenskap geniet of van diegene wat geassosieer word met die belange van sodanige gemeenskap of daardie belange bevorder, welke steun gemeet moet word volgens die kriteria wat voorgeskryf word;

*(d)* die aansoeker beoog om lede van die betrokke gemeenskap of diegene wat geassosieer word met die belange van sodanige gemeenskap of daardie belange bevorder, aan te moedig om deel te neem aan die keuring en verskaffing van programme vir uitsending in die loop van sodanige uitsaaidiens; en

*(e)* die aansoeker ooit skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet of die verwante wetgewing.

**Commercial broadcasting service licences**

**51.** In considering the grant of a new commercial broadcasting service licence the Authority must, with due regard to the objects and principles enunciated in section 2, among others take into account the following:

*(a)* The demand for the proposed broadcasting service within the proposed licence area;
*(b)* The need for the proposed broadcasting service within such licence area, having regard to the broadcasting services already existing in that area;
*(c)* The expected technical quality of the proposed broadcasting service, having regard to developments in broadcasting technology;
*(d)* The capability, expertise and experience of the applicant;
*(e)* The financial means and business record of the applicant;
*(f)* The business record of persons in a position to control the operations of the licensee, either in an individual capacity or directly or indirectly in relation to management or corporate structure;
*(g)* The applicant's record and the record of those persons referred to in paragraph *(f)*, in relation to situations requiring trust and candour;
*(h)* Whether the applicant is precluded, in terms of section 64 from holding a broadcasting service licence; and
*(i)* Whether either the applicant or persons referred to paragraph *(f)* have been convicted of an offence in terms of this Act or the related legislation.

**Prohibition on granting of broadcasting service licence to party-political entities**

**52.** No broadcasting service licence may be granted to any party, movement, organisation, body or alliance which is of a party-political nature.

**Record of programmes broadcast by broadcasting service licensees**

**53.** (1) A broadcasting service licensee must—

*(a)* on demand by the Authority, produce to the Authority any recording of every programme broadcast in the course of his or her broadcasting service for examination or reproduction, within 60 days from the date of broadcast;
*(b)* on demand of the Complaints and Compliance Committee, produce to the Complaints and Compliance Committee any script or transcript of a programme after the broadcast of the programme.

(2) Nothing in this Act may be construed as requiring or authorising the Authority or the Complaints and Compliance Committee, in the performance of its functions, to view programmes prior to their being broadcast.

**Code of conduct for broadcasting service licensees**

**54.** (1) The Authority must, as soon as reasonably possible after the coming into effect of this Act and subject to this Act, review existing regulations, and prescribe regulations setting out a code of conduct for broadcasting service licensees.

(2) Subject to the provisions of subsection (3), all broadcasting service licensees must adhere to the code of conduct for broadcasting service licensees as prescribed.

(3) The provisions of subsection (2) do not apply to a broadcasting service licensee who is a member of a body which has proved to the satisfaction of the Authority that its members subscribe and adhere to a code of conduct enforced by that body by means of its own disciplinary mechanisms, provided such code of conduct and disciplinary mechanisms are acceptable to the Authority.

**Control over advertisements**

**55.** (1) All broadcasting service licensees must adhere to the Code of Advertising Practice (in this section referred to as the Code) as from time to time determined and administered by the Advertising Standards Authority of South Africa.

**Kommersiële uitsaaidienslisensies**

**51.** Wanneer die toestaan van 'n nuwe kommersiële uitsaaidienslisensie oorweeg word, moet die Owerheid, met behoorlike inagneming van die oogmerke en beginsels in artikel 2 vermeld, onder andere die volgende in aanmerking neem:

*(a)* Die vraag na die voorgestelde uitsaaidiens binne die voorgestelde lisensiegebied;
*(b)* die behoefte aan die voorgestelde uitsaaidiens binne sodanige lisensiegebied, met inagneming van uitsaaidienste wat reeds in dié gebied bestaan;
*(c)* die verwagte tegniese gehalte van die voorgestelde uitsaaidiens met betrekking tot ontwikkelings in uitsaaitegnologie;
*(d)* die vermoë, kundigheid en ondervinding van die aansoeker;
*(e)* die finansiële middele en sakerekord van die aansoeker;
*(f)* die sakerekord van persone in 'n posisie om die bedrywighede van die lisensiehouers te beheer, hetsy in 'n individuele hoedanigheid of regstreeks of onregstreeks met betrekking tot bestuur of korporatiewe struktuur;
*(g)* die aansoeker se rekord en die rekord van die persone in paragraaf *(f)* bedoel met betrekking tot situasies wat vertroue en eerlikheid vereis;
*(h)* of die aansoeker ingevolge artikel 64 uitgesluit word van die hou van 'n uitsaaidienslisensie; en
*(i)* of die aansoeker of persone in paragraaf *(f)* bedoel, skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet of die verwante wetgewing.

**Verbod op toestaan van uitsaaidienslisensie aan partypolitieke entiteite**

**52.** Geen uitsaaidienslisensie mag aan enige party, beweging, organisasie, liggaam of alliansie wat van 'n partypolitieke aard is, verleen word nie.

**Rekord van programme uitgesaai deur uitsaaidienslisensiehouers**

**53.** (1) 'n Uitsaaidienslisensiehouer moet—

*(a)* op versoek deur die Owerheid, enige opname van elke program wat in die loop van sy of haar uitsaaidiens uitgesaai is, binne 60 dae na die uitsaaidatum aan die Owerheid lewer vir ondersoek of reproduksie;
*(b)* op versoek van die Klagtes- en Nakomingskomitee, enige draaiboek of transkripsie van 'n program aan die Klagtes- en Nakomingskomitee verskaf nadat die program uitgesaai is.

(2) Niks in hierdie Wet word so uitgelê dat dit die Owerheid of die Klagtes- en Nakomingskomitee verplig of magtig om in die uitvoering van sy werksaamhede na programme te kyk voordat dit uitgesaai word nie.

**Gedragskode vir uitsaaidienslisensiehouers**

**54.** (1) Die Owerheid moet, so gou redelikerwys moontlik na die inwerkingtreding van hierdie Wet en behoudens hierdie Wet, bestaande regulasies hersien en regulasies voorskryf waarin 'n gedragskode vir uitsaaidienslisensiehouers uiteengesit word.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (3) moet alle uitsaaidienslisensiehouers die gedragskode vir uitsaaidienslisensiehouers nakom soos voorgeskryf.

(3) Die bepalings van subartikel (2) is nie van toepassing nie op 'n uitsaaidienslisensiehouer wat 'n lid is van 'n liggaam wat tot tevredenheid van die Owerheid bewys het dat sy lede 'n gedragskode onderskryf en nakom wat deur daardie liggaam afgedwing word by wyse van sy eie tugmeganismes, mits sodanige gedragskode en tugmeganismes vir die Owerheid aanvaarbaar is.

**Beheer oor advertensies**

**55.** (1) Alle uitsaaidienslisensiehouers moet die Advertensiepraktykkode (in hierdie artikel die Kode genoem) nakom, soos van tyd tot tyd deur die Gesagsliggaam vir Reklamestandaarde van Suid-Afrika bepaal en toegepas word.

(2) The Complaints and Compliance Committee must adjudicate complaints concerning alleged breaches of the Code by broadcasting service licensees who are not members of the Advertising Standards Authority of South Africa, in accordance with section 17C of the ICASA Act.

(3) Where a broadcasting licensee, irrespective of whether or not he or she is a member of the said Advertising Standards Authority, is found to have breached the Code, such broadcasting licensee must be dealt with in accordance with applicable provisions of the ICASA Act.

**Prohibition on broadcasting of party election broadcasts and political advertisements except in certain circumstances**

**56.** A party election broadcast and a political advertisement must not be broadcast on any broadcasting service except during an election period and then only if, and to the extent authorised by the provisions of sections 57 and 58.

**Broadcasting of party election broadcasts on public broadcasting services**

**57.** (1) Subject to the provisions of this section, a public broadcasting service licensee must permit a party election broadcast only during an election period and then only if such a broadcast is produced on behalf of the political party in question at the instance of its duly authorised representative.

(2) The Authority must determine the time to be made available to political parties for the purposes of subsection (1), including the duration and scheduling of party election broadcasts, taking into account the financial and programming implications for the broadcasting services in question.

(3) The Authority must consult with the relevant public broadcasting service licensee and all the political parties prior to making any determination in terms of subsection (2).

(4) In making any determination in terms of subsection (2), the Authority may impose such conditions on a public broadcasting service licensee with respect to party election broadcasts as it considers necessary, having due regard to the fundamental principle that all political parties are to be treated equitably.

(5) A party election broadcast may not contain any material which may reasonably be anticipated to expose the broadcasting service licensee to legal liability if such material were to be broadcast.

(6) A party election broadcast must conform to a technical quality acceptable to the Authority.

(7) No party election broadcast may be broadcast later than 48 hours prior to the commencement of the polling period.

(8) A commercial or community broadcasting service licensee is not required to broadcast party election broadcasts, but if he or she elects to do so, the preceding provisions of this section applies, with the necessary changes.

**Political advertising on broadcasting services**

**58.** (1) A broadcasting service licensee is not required to broadcast a political advertisement, but if he or she elects to do so, he or she must afford all other political parties, should they so request, a like opportunity.

(2) A broadcasting service licensee may broadcast a political advertisement only during an election period and then only if it has been submitted to such licensee on behalf of a political party by its duly authorised representative.

(3) In making advertising time available to political parties, no broadcasting service licensee may discriminate against any political party or make or give any preference to any political party or subject any political party to any prejudice.

(4) A political advertisement may not contain any material which may reasonably be anticipated to expose the broadcasting service licensee to legal liability if such material were to be broadcast.

(5) A political advertisement must conform to a technical quality acceptable to the Authority.

(6) No political advertisement may be broadcast later than 48 hours prior to the commencement of the polling period.

(2) Die Klagtes- en Nakomingskomitee moet ooreenkomstig artikel 17C van die OKOSA-wet beslis oor klagtes rakende beweerde oortredings van die Kode deur uitsaaidienslisensiehouers wat nie lede van die Gesagsliggaam vir Reklamestandaarde van Suid-Afrika is nie.

(3) Waar bevind is dat ’n uitsaaidienslisensiehouer, ongeag of hy of sy ’n lid van die Gesagsliggaam vir Reklamestandaarde van Suid-Afrika is al dan nie, die Kode oortree het, moet daar ooreenkomstig die toepaslike artikels van die OKOSA-wet met sodanige uitsaaidienslisensiehouer gehandel word.

**Verbod op uitsaai van partyverkiesingsuitsendings en politieke advertensies behalwe in sekere omstandighede**

**56.** ’n Partyverkiesingsuitsending en ’n politieke advertensie mag nie op ’n uitsaaidiens uitgesaai word nie, behalwe gedurende ’n verkiesingstydperk en dan slegs indien en in die mate dat dit deur die bepalings van artikels 57 en 58 gemagtig word.

**Uitsaai van partyverkiesingsuitsendings op openbare uitsaaidienste**

**57.** (1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel moet ’n openbare uitsaaidienslisensiehouer ’n partyverkiesingsuitsending slegs gedurende ’n verkiesingstydperk toelaat en dan slegs indien so ’n uitsending namens die betrokke politieke party vervaardig word in opdrag van sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger.

(2) Die Owerheid moet, met behoorlike inagneming van die finansiële en programmeringsimplikasies vir die betrokke uitsaaidienste, die tyd bepaal wat aan politieke partye vir doeleindes van subartikel (1) beskikbaar gestel gaan word, met inbegrip van die duur en skedulering van partyverkiesingsuitsendings.

(3) Die Owerheid moet, voordat hy ’n bepaling ingevolge subartikel (2) maak, met die betrokke openbare uitsaaidienslisensiehouer en al die politieke partye oorleg pleeg.

(4) Wanneer ’n bepaling ingevolge subartikel (2) gemaak word, kan die Owerheid die voorwaardes ten opsigte van partyverkiesingsuitsendings aan ’n openbare uitsaaidienslisensiehouer oplê wat hy nodig vind, met behoorlike inagneming van die fundamentele beginsel dat alle politieke partye billik behandel moet word.

(5) ’n Partyverkiesingsuitsending mag nie materiaal bevat wat redelikerwys verwag kan word die uitsaaidienslisensiehouer aan regsaanspreeklikheid bloot te stel indien sodanige materiaal uitgesaai sou word nie.

(6) ’n Partyverkiesingsuitsending moet voldoen aan ’n tegniese kwaliteit wat vir die Owerheid aanvaarbaar is.

(7) Geen partyverkiesingsuitsending mag later as 48 uur voor die aanvang van die stemtydperk uitgesaai word nie.

(8) ’n Kommersiële of gemeenskapsuitsaaidienslisensiehouer is nie verplig om partyverkiesingsuitsendings uit te saai nie, maar indien hy of sy kies om dit te doen, is die voorafgaande bepalings van hierdie artikel met die nodige veranderings van toepassing.

**Politieke advertensies op uitsaaidienste**

**58.** (1) ’n Uitsaaidienslisensiehouer is nie verplig om ’n politieke advertensie uit te saai nie, maar indien hy of sy kies om dit te doen, moet hy of sy alle ander politieke partye, indien hulle aldus versoek, ’n soortgelyke geleentheid bied.

(2) ’n Uitsaaidienslisensiehouer kan ’n politieke advertensie slegs gedurende ’n verkiesingstydperk uitsaai, en dan slegs indien dit namens ’n politieke party deur sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger aan sodanige lisensiehouer voorgelê is.

(3) Wanneer adverteertyd aan politieke partye beskikbaar gestel word, mag ’n uitsaaidienslisensiehouer nie teen enige politieke party diskrimineer of enige voorkeur aan enige politieke party verleen of enige politieke party aan enige vooroordeel onderwerp nie.

(4) ’n Politieke advertensie mag nie materiaal bevat wat redelikerwys verwag kan word die uitsaaidienslisensiehouer aan regsaanspreeklikheid bloot te stel indien sodanige materiaal uitgesaai sou word nie.

(5) ’n Politieke advertensie moet voldoen aan ’n tegniese gehalte wat vir die Owerheid aanvaarbaar is.

(6) Geen politieke advertensie mag later as 48 uur voor die aanvang van die stemtydperk uitgesaai word nie.

(7) This section is subject to the provisions of any law relating to the expenditure of political parties during an election period.

**Equitable treatment of political parties by broadcasting service licensees during election period**

**59.** (1) If, during an election period, the coverage of any broadcasting service extends to the field of elections, political parties and issues relevant thereto, the broadcasting services licensee concerned must afford reasonable opportunities for the discussion of conflicting views and must treat all political parties equitably.

(2) In the event of any criticism against a political party being levelled in a particular programme of any broadcasting service—

*(a)* without such party having been afforded an opportunity to respond thereto in such programme; or

*(b)* without the view of such political party having been reflected therein,

the broadcasting services licensee concerned must afford such party a reasonable opportunity to respond to the criticism.

(3) If, within 48 hours before the commencement of the polling period or during the polling period, a broadcasting services licensee intends broadcasting a programme in which a particular political party is criticised, the licensee must ensure that the political party in question is given a reasonable opportunity to—

*(a)* respond thereto in the same programme; or

*(b)* respond thereto as soon as is reasonably practicable thereafter.

(4) Subsection (3) does not apply in relation to the contents of any party election broadcast in the circumstances contemplated in section 57 and any political advertisement in the circumstances contemplated in section 58.

**Restriction on subscription broadcasting services**

**60.** (1) Subscription broadcasting services may not acquire exclusive rights that prevent or hinder the free-to-air broadcasting of national sporting events, as identified in the public interest from time to time, by the Authority, after consultation with the Minister and the Minister of Sport and in accordance with the regulations prescribed by the Authority.

(2) In the event of a dispute arising concerning subsection (1), any party may notify the Authority of the dispute in writing and such dispute must be resolved on an expedited basis by the Authority in accordance with the regulations prescribed by the Authority.

(3) The Authority must prescribe regulations regarding the extent to which subscription broadcast services must carry, subject to commercially negotiable terms, the television programmes provided by a public broadcast service licensee.

(4) Subscription broadcasting services may draw their revenues from subscriptions, advertising and sponsorships, however, in no event may advertising or sponsorship, or a combination thereof, be the largest source of annual revenue.

**Preservation of South African programming**

**61.** (1) The Authority may prescribe regulations applicable to broadcasting service licensees regarding the commissioning of independently produced South African programming.

(2) For purposes of this section—

*(a)* ''local television content'' means a television programme, excluding transmission of sporting events and compilations thereof, advertisements, teletext and continuity announcements, which is produced—

(i) by a broadcasting service licensee;

(ii) by a person who is a citizen of, and permanently resident in, the Republic;

(iii) by a juristic person, the majority of the directors, shareholders or members of whom are citizens of, and permanently resident in, the Republic;

(iv) in a co-production in which persons referred to in subparagraphs (i), (ii) or (iii) have at least a fifty percent financial interest;

(v) by persons referred to in subparagraphs (i), (ii), (iii) or (iv), in circumstances where the prescribed number of key personnel who are

(7) Hierdie artikel is onderworpe aan die bepalings van enige reg met betrekking tot die uitgawes van politieke partye gedurende ’n verkiesingstydperk.

**Billike behandeling van politieke partye deur uitsaaidienslisensiehouers tydens verkiesingstydperk**

**59.** (1) Indien die dekking van ’n uitsaaidiens gedurende ’n verkiesingstydperk die terrein van verkiesings, politieke partye en verbandhoudende kwessies raak, moet die betrokke uitsaaidienslisensiehouer redelike geleenthede vir die bespreking van botsende sienings bied en alle politieke partye billik behandel.

(2) In die geval waar in ’n bepaalde program van ’n uitsaaidiens enige kritiek teen ’n politieke party uitgespreek word—

*(a)* sonder dat sodanige party in daardie program ’n geleentheid gebied is om daarop te antwoord; of

*(b)* sonder dat die siening van sodanige politieke party daarin weergegee is,

moet die betrokke uitsaaidienslisensiehouer sodanige party ’n redelike geleentheid bied om op die kritiek te antwoord.

(3) Indien ’n uitsaaidienslisensiehouer binne 48 uur voor die aanvang van die stemtydperk of gedurende die stemtydperk ’n program wil uitsaai waarin ’n bepaalde politieke party gekritiseer word, moet die lisensiehouer verseker dat die betrokke politieke party ’n redelike geleentheid gebied word om—

*(a)* in dieselfde program daarop te antwoord; of

*(b)* so gou daarna as wat redelikerwys doenlik is, daarop te antwoord.

(4) Subartikel (3) is nie van toepassing nie met betrekking tot die inhoud van ’n partyverkiesingsuitsending onder omstandighede in artikel 57 beoog, en ’n politieke advertensie onder omstandighede in artikel 58 beoog.

**Beperking op subskripsie-uitsaaidienste**

**60.** (1) Subskripsie-uitsaaidienste mag nie uitsluitlike regte verkry wat die vry-op-lug uitsaai voorkom of belemmer nie van nasionale sportgebeurtenisse, soos van tyd tot tyd in openbare belang deur die Owerheid bepaal na oorleg met die Minister en die Minister van Sport en ooreenkomstig die regulasies deur die Owerheid voorgeskryf.

(2) In die geval van ’n geskil wat in verband met subartikel (1) voorkom, kan enige party die Owerheid skriftelik van die geskil in kennis stel, en sodanige geskil moet op ’n versnelde basis deur die Owerheid besleg word ooreenkomstig die regulasies deur die Owerheid voorgeskryf.

(3) Die Owerheid moet regulasies voorskryf betreffende die mate waarin subskripsie-uitsaaidienste die televisieprogramme wat deur ’n openbare uitsaaidienslisensiehouer verskaf word, moet dra, behoudens kommersieel bedingbare bepalings.

(4) Subskripsie-uitsaaidienste kan hulle inkomste verkry uit subskripsies, advertensies en borgskappe, maar in geen geval mag advertensie of borgskap, of ’n kombinasie daarvan, die grootste bron van jaarlikse inkomste wees nie.

**Bewaring van Suid-Afrikaanse programme**

**61.** (1) Die Owerheid kan regulasies voorskryf wat op uitsaaidienslisensiehouers van toepassing is betreffende die opdrag gee vir onafhanklik geproduseerde Suid-Afrikaanse programme.

(2) By die toepassing van hierdie artikel—

*(a)* beteken ‘‘plaaslike televisie-inhoud’’ ’n televisieprogram, uitgesonderd die oorsending van sportgebeurtenisse en kompilasies daarvan, advertensies, teleteks en kontinuïteitsaankondigings, wat geproduseer word—

(i) deur ’n uitsaaidienslisensiehouer;

(ii) deur ’n persoon wat ’n burger van, en permanent woonagtig in, die Republiek is;

(iii) deur ’n regspersoon, waarvan die meerderheid van die direkteure, aandeelhouers of lede burgers van, en permanent woonagtig in, die Republiek is;

(iv) in ’n ko-produksie waarin persone bedoel in subparagraaf (i), (ii) of (iii) ’n finansiële belang van minstens vyftig persent het;

(v) deur persone bedoel in subparagraaf (i), (ii), (iii) of (iv) in omstandighede waar die voorgeskrewe getal sleutelpersoneel wat by die

involved in the production of the television programme, are citizens of, and permanently resident in, the Republic; or

(vi) by persons referred to in subparagraphs (i), (ii), (iii) or (iv), in circumstances where the prescribed percentage of the production costs are incurred in the Republic;

*(b)* ''independent television production'' means a production of local television content—

(i) by a person not directly or indirectly employed by any broadcasting service licensee; or

(ii) by a person who is not controlled by or is not in control of any broadcasting service licensee; and

*(c)* a musical work broadcast by a broadcasting service licensee qualifies as ''South African music'' if such work complies with at least two of the following criteria, namely—

(i) if the lyrics (if any) were written by a South African citizen;

(ii) if the music was written by a South African citizen;

(iii) if the music or lyrics was or were principally performed by musicians who are South African citizens;

(iv) if the musical work consists of a live performance which is—

*(aa)* recorded wholly in the Republic; or

*(bb)* performed wholly in the Republic and broadcast live in the Republic.

(3) The Authority may, in respect of the television broadcasting service licence, impose and specify in that licence, such conditions, as prescribed, regarding local television content and independent television production, which without derogating from the generality of the foregoing, may include any conditions requiring the broadcasting service licensee—

*(a)* to annually expend a specified sum of money, subject to reasonable yearly escalation or, alternatively, a specified minimum percentage of its gross revenue, on programmes which have local television content;

*(b)* to allocate a specified minimum percentage of its total broadcasting time to television programmes which have local television content;

*(c)* in the case where the broadcasting service licensee has a regional or local licence area, to allocate a specified minimum percentage of broadcasting time to local television programmes which have been produced in the relevant region or locality; and

*(d)* to allocate a specified minimum portion of the percentage referred to in paragraph *(a)*, *(b)* or *(c)*, whichever is applicable, to a prescribed diversity of television programmes which are independent television productions.

(4) The Authority may, in relation to a sound broadcasting service, prescribe conditions in terms of which the broadcasting service licensee is required to broadcast a specified minimum percentage of musical works which qualify as South African music.

(5) In prescribing any amount or percentage in terms of subsections (3) or (4), the Authority may prescribe the application thereof with regard to—

*(a)* any of the categories of broadcasting service licence referred to in sections 49, 50 and 51;

*(b)* defined viewing and listening times, where applicable;

*(c)* various categories of television programmes, where applicable; and

*(d)* the period within which the broadcasting service licensee must comply with the provisions of this section.

**Broadcasting signal distribution objectives**

**62.** (1) Where an electronic communications network service licensee provides broadcasting signal distribution or multi-channel distribution services, such provider must, subject to the general terms and conditions of its licence as determined by the Authority—

*(a)* give priority to the carriage of South African broadcasting channels, which includes local programming where the Authority considers it appropriate;

*(b)* provide universal access for all South Africans to broadcasting services;

*(c)* provide a diversity of type of broadcasting services;

*(d)* be open, interoperable and harmonised with the Southern African region, and be able to meet international distribution standards.

produksie van die televisieprogram betrokke is, burgers van, en permanent woonagtig in, die Republiek is; of

(vi) deur persone bedoel in subparagraaf (i), (ii), (iii) of (iv) in omstandighede waar die voorgeskrewe persentasie van die produksiekoste in die Republiek aangegaan word;

*(b)* beteken ''onafhanklike televisieproduksie'' 'n produksie van plaaslike televisie-inhoud—

(i) deur 'n persoon wat nie regstreeks of onregstreeks by enige uitsaaidienslisensiehouer in diens is nie; of

(ii) deur 'n persoon wat nie deur enige uitsaaidienslisensiehouer beheer word of nie in beheer van enige uitsaaidienslisensiehouer is nie; en

*(c)* kwalifiseer 'n musiekwerk wat deur 'n uitsaaidienslisensiehouer uitgesaai word, as ''Suid-Afrikaanse musiek'' indien sodanige werk aan minstens twee van die volgende kriteria voldoen, naamlik—

(i) indien die lirieke (indien daar is) deur 'n Suid-Afrikaanse burger geskryf is;

(ii) indien die musiek deur 'n Suid-Afrikaanse burger geskryf is;

(iii) indien die musiek of lirieke uitgevoer is hoofsaaklik deur musikante wat Suid-Afrikaanse burgers is;

(iv) indien die musiekwerk bestaan uit 'n lewende uitvoering wat—

*(aa)* ten volle in die Republiek opgeneem word; of

*(bb)* ten volle in die Republiek uitgevoer en lewend in die Republiek uitgesaai word.

(3) Die Owerheid kan, ten opsigte van die televisie-uitsaaidienslisensie, in daardie lisensie die voorwaardes stel en bepaal wat voorgeskryf is betreffende plaaslike televisie-inhoud en onafhanklike televisieproduksie, wat, sonder om die wye omvang van die voorgaande in te kort, enige voorwaardes kan insluit wat van die uitsaaidienslisensiehouer vereis—

*(a)* om jaarliks 'n bepaalde bedrag geld, behoudens redelike jaarlikse eskalasie of, andersins, 'n bepaalde minimum persentasie van sy bruto inkomste, te bestee aan programme wat plaaslike televisie-inhoud het;

*(b)* om 'n bepaalde minimum persentasie van sy totale uitsaaityd toe te wys aan televisieprogramme wat plaaslike televisie-inhoud het;

*(c)* in die geval waar die uitsaaidienslisensiehouer 'n streek- of plaaslike lisensiegebied het, om 'n bepaalde minimum persentasie uitsaaityd toe te wys aan plaaslike televisieprogramme wat in die betrokke streek of plek geproduseer is;

*(d)* om 'n bepaalde minimum gedeelte van die persentasie in paragraaf *(a)*, *(b)* of *(c)* bedoel, na gelang van die geval, toe te wys aan 'n voorgeskrewe verskeidenheid van televisieprogramme wat onafhanklike televisieproduksies is.

(4) Die Owerheid kan, met betrekking tot 'n klankuitsaaidiens, voorwaardes voorskryf ingevolge waarvan die uitsaaidienslisensiehouer 'n bepaalde minimum persentasie musiekwerke wat as Suid-Afrikaanse musiek kwalifiseer, moet uitsaai.

(5) Wanneer 'n bedrag of persentasie ingevolge subartikel (3) of (4) voorgeskryf word, kan die Owerheid die toepassing daarvan voorskryf met betrekking tot —

*(a)* enige van die kategorieë van uitsaaidienslisensies in artikels 49, 50 en 51 bedoel;

*(b)* omskrewe kyk- en luistertye, waar toepaslik;

*(c)* verskeie kategorieë televisieprogramme, waar toepaslik; en

*(d)* die tydperk waarin die uitsaaidienslisensiehouer aan die bepalings van hierdie artikel moet voldoen.

**Uitsaaiseinverspreidingsoogmerke**

**62.** (1) Waar 'n elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer uitsaaiseinverspreidings- of veelkanaalverspreidingsdienste verskaf, moet sodanige verskaffer, behoudens die algemene bedinge en voorwaardes van sy lisensie soos deur die Owerheid bepaal—

*(a)* voorrang verleen aan die dra van Suid-Afrikaanse uitsaaikanale, wat insluit plaaslike programme waar die Owerheid dit gepas ag;

*(b)* universele toegang vir alle Suid-Afrikaners tot uitsaaidienste verskaf;

*(c)* 'n verskeidenheid van tipes uitsaaidienste verskaf;

*(d)* oop, tusenwerkbaar en geharmonieer met die Suider-Afrikaanse streek wees en aan internasionale verspreidingstandaarde kan voldoen.

(2) An electronic communications network service licensee that provides broadcasting signal distribution or multi-channel distribution services must—

*(a)* comply with the provisions of this Act and the frequency plan of the Authority;

*(b)* provide broadcasting signal distribution only to a broadcasting service provided under an appropriate and valid broadcasting licence; and

*(c)* take due cognisance of the environmental impact of his or her operational activities and comply with all applicable laws relating to the protection of the environment.

(3) A common carrier must—

*(a)* subject to its technological capacity to do so and to the provisions of paragraph *(b)*, provide broadcasting signal distribution to broadcasting licensees upon their request on an equitable, reasonable, non-preferential and non-discriminatory basis;

*(b)* in determining its tariffs, duly take into account the following:

(i) the different categories of broadcasting service licenses referred to in sections 49, 50 and 51; and

(ii) the nature and technical parameters of the service provided to each broadcasting licensee with a view to ensuring that the different tariffs are appropriate to and commensurate with the various broadcasting services to which they relate;

*(c)* carry public broadcasting services, including educational, commercial and community services.

**Self provisioning by broadcasting service licensees**

**63.** (1) Broadcasting service licensees may self provide their broadcasting signal distribution upon obtaining an electronic communications network services licence.

(2) A broadcasting service licensee may also provide any electronic communications service upon obtaining an electronic communications services licence.

(3) A broadcasting service licensee may not provide a broadcasting service utilising any portion of the radio frequency spectrum without first obtaining a radio frequency spectrum licence in terms of this Act.

**Limitations on foreign control of commercial broadcasting services**

**64.** (1) A foreigner may not, whether directly or indirectly—

*(a)* exercise control over a commercial broadcasting licensee; or

*(b)* have a financial interest or an interest either in voting shares or paid-up capital in a commercial broadcasting licensee, exceeding twenty (20) percent.

(2) Not more than twenty (20) percent of the directors of a commercial broadcasting licensee may be foreigners.

**Limitations on control of commercial broadcasting services**

**65.** (1) No person may—

*(a)* directly or indirectly exercise control over more than one commercial broadcasting service licence in the television broadcasting service; or

*(b)* be a director of a company which is, or of two or more companies which between them are, in a position to exercise control over more than one commercial broadcasting service licence in the television broadcasting service; or

*(c)* be in a position to exercise control over a commercial broadcasting service licence in the television broadcasting service and be a director of any company which is in a position to exercise control over any other commercial broadcasting service license in the television broadcasting service.

(2) No person may—

*(a)* be in a position to exercise control over more than two commercial broadcasting service licences in the FM sound broadcasting service;

*(b)* be a director of a company which is, or of two or more companies which between them are, in a position to exercise control over more than two commercial broadcasting service licences in the FM sound broadcasting service;

(2) ’n Elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer wat uitsaaiseinverspreidings- of veelkanaalverspreidingsdienste verskaf, moet—

*(a)* voldoen aan die bepalings van hierdie Wet en die frekwensieplan van die Owerheid;

*(b)* uitsaaiseinverspreiding verskaf net aan ’n uitsaaidiens wat ingevolge ’n geskikte en geldige uitsaailisensie verskaf word; en

*(c)* behoorlik ag slaan op die omgewingsimpak van sy of haar operasionele bedrywighede en voldoen aan alle toepaslike wette met betrekking tot die beskerming van die omgewing.

(3) ’n Gemeenskaplike draer moet—

*(a)* behoudens sy tegnologiese vermoë om dit te doen en die bepalings van paragraaf *(b)*, uitsaaiseinverspreiding aan uitsaaidienslisensiehouers op hulle versoek verskaf, op ’n billike, redelike, nievoorkeur- en niediskriminerende basis;

*(b)* by die bepaling van tariewe, die volgende behoorlik in ag neem:

(i) die verskillende kategorieë uitsaaidienslisensies in artikels 49, 50 en 51 bedoel; en

(ii) die aard en tegniese parameters van die diens wat aan elke uitsaailisensiehouer verskaf word ten einde te verseker dat die verskillende tariewe geskik is vir en eweredig is met die verskillende uitsaaidienste waarop dit betrekking het;

*(c)* openbare uitsaaidienste dra, insluitend opvoedkundige, kommersiële en gemeenskapsdienste.

**Selfvoorsiening deur uitsaaidienslisensiehouers**

**63.** (1) Uitsaaidienslisensiehouers kan self hulle uitsaaiseinverspreiding verskaf by verkryging van ’n elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensie.

(2) ’n Uitsaaidienslisensiehouer kan ook enige elektroniese kommunikasiediens verskaf by verkryging van ’n elektroniese kommunikasiedienstelisensie.

(3) ’n Elektroniese kommunikasiedienslisensiehouer mag nie ’n uitsaaidiens verskaf wat enige deel van die radiofrekwensiespektrum gebruik sonder om eers ’n radiofrekwensiespektrumlisensie ingevolge hierdie Wet te verkry nie.

**Beperkings op buitelandse beheer van kommersiële uitsaaidienste**

**64.** (1) ’n Buitelander mag nie, hetsy regstreeks of onregstreeks—

*(a)* beheer oor ’n kommersiële uitsaailisensiehouer uitoefen nie; of

*(b)* ’n finansiële belang of ’n belang in stemdraende aandele of opbetaalde kapitaal in ’n kommersiële uitsaailisensiehouer van meer as twintig (20) persent hê nie.

(2) Hoogstens twintig (20) persent van die direkteure van ’n kommersiële uitsaailisensiehouer mag buitelanders wees.

**Beperkings op beheer van kommersiële uitsaaidienste**

**65.** (1) Geen persoon mag—

*(a)* regstreeks of onregstreeks beheer oor meer as een kommersiële uitsaaidienslisensie in die televisie-uitsaaidiens uitoefen nie; of

*(b)* ’n direkteur wees van ’n maatskappy wat, of van twee of meer maatskappye wat saam, in ’n posisie is om beheer oor meer as een kommersiële uitsaaidienslisensie in die televisie-uitsaaidiens uit te oefen nie; of

*(c)* in ’n posisie wees om beheer uit te oefen oor ’n kommersiële uitsaaidienslisensie in die televisie-uitsaaidiens en ’n direkteur wees van enige maatskappy wat in ’n posisie is om beheer oor enige ander kommersiële uitsaaidienslisensie in die televisie-uitsaaidiens uit te oefen nie.

(2) Geen persoon mag—

*(a)* in ’n posisie wees om beheer oor meer as twee kommersiële uitsaaidienslisensies in die FM-klankuitsaaidiens uit te oefen nie;

*(b)* ’n direkteur wees van ’n maatskappy wat, of van twee of meer maatskappye wat saam, in ’n posisie is om beheer oor meer as twee kommersiële uitsaaidienslisensies in die FM-klankuitsaaidiens uit te oefen nie;

*(c)* be in a position to exercise control over two commercial broadcasting service licences in the FM sound broadcasting service and be a director of any company which is in a position to exercise control over any other commercial broadcasting licence in the FM sound broadcasting service.

(3) A person referred to in subsection (2) must not be in a position to control two commercial broadcasting service licences in the FM sound broadcasting service, which either have the same licence areas or substantially overlapping licence areas.

(4) No person may—

*(a)* be in a position to exercise control over more than two commercial broadcasting service licences in the AM sound broadcasting service;

*(b)* be a director of a company which is, or of two or more companies which between them are, in a position to exercise control over more than two commercial broadcasting service licences in the AM sound broadcasting services; or

*(c)* be in a position to exercise control over two commercial broadcasting service licences in the AM sound broadcasting service and be a director of any company which is in a position to exercise control over any other commercial broadcasting service licence in the AM sound broadcasting service.

(5) No person referred to in subsection (4) may be in a position to control two commercial broadcasting service licences in the AM sound broadcasting service, which either have the same licence areas or substantially overlapping licence areas.

(6) The Authority may, on application by any person, on good cause shown and without departing from the objects and principles enunciated in section 2, exempt such person from the provisions of subsections (1) to (5).

(7) The Authority may, whenever the Authority considers it necessary in view of the developments in broadcasting technology or for the purposes of advancing the objects and principles enunciated in section 2, institute and conduct a public inquiry and make recommendations to the Minister regarding the amendment of any of the provisions of subsections (1) to (6).

(8) The recommendations contemplated in subsection (7) must be tabled in the National Assembly by the Minister within 14 days of receipt thereof, if the National Assembly is then in session, or if the National Assembly is not in session, within 14 days after the commencement of its next ensuing session.

**Limitations on cross-media control of commercial broadcasting services**

**66.** (1) Cross-media control of broadcasting services must be subject to such limitations as may from time to time be determined by the National Assembly acting on the recommendation of the Authority, after consultation with the Minister, in accordance with the provisions of the Constitution.

(2) No person who controls a newspaper, may acquire or retain financial control of a commercial broadcasting service licence in both the television broadcasting service and sound broadcasting service.

(3) No person who is in a position to control a newspaper may be in a position to control a commercial broadcasting service licence, either in the television broadcasting service or sound broadcasting service, in an area where the newspaper has an average ABC circulation of twenty (20%) percent of the total newspaper readership in the area, if the licence area of the commercial broadcasting service licence overlaps substantially with the said circulation area of the newspaper.

(4) In this section ''Substantial overlap'' means an overlap by fifty (50%) percent or more.

(5) A twenty (20%) percent shareholding in a commercial broadcasting service licence, in either the television broadcasting service or sound broadcasting service, is considered as constituting control.

(6) The Authority may, on good cause shown and without departing from the objects and principles enunciated in section 2, exempt affected persons from any of the limitations provided for in this section.

*(c)* in 'n posisie wees om beheer uit te oefen oor twee kommersiële uitsaaidienslisensies in die FM-klankuitsaaidiens en 'n direkteur wees van enige maatskappy wat in 'n posisie is om beheer oor enige ander kommersiële uitsaaidienslisensie in die FM-klankuitsaaidiens uit te oefen nie.

(3) 'n Persoon in subartikel (2) bedoel, mag nie in 'n posisie wees om twee kommersiële uitsaaidienslisensies in die FM-klankuitsaaidiens wat dieselfde lisensiegebiede het of wesenlik oorvleuelende lisensiegebiede het, te beheer nie.

(4) Geen persoon mag—

*(a)* in 'n posisie wees om beheer oor meer as twee kommersiële uitsaaidienslisensies in die AM-klankuitsaaidiens uit te oefen nie;

*(b)* 'n direkteur wees van 'n maatskappy wat, of van twee of meer maatskappye wat saam, in 'n posisie is om beheer oor meer as twee kommersiële uitsaaidienslisensies in die AM-klankuitsaaidienste uit te oefen nie;

*(c)* in 'n posisie wees om beheer uit te oefen oor twee kommersiële uitsaaidienslisensies in die AM-klankuitsaaidiens en 'n direkteur wees van enige maatskappy wat in 'n posisie is om beheer oor enige ander kommersiële uitsaaidienslisensie in die AM-klankuitsaaidiens uit te oefen nie.

(5) Geen persoon in subartikel (4) bedoel, mag in 'n posisie wees om twee kommersiële uitsaaidienslisensies in die AM-klankuitsaaidiens wat dieselfde lisensiegebiede het of wesenlik oorvleuelende lisensiegebiede het, te beheer nie.

(6) Die Owerheid kan op aansoek deur enige persoon, by aanvoering van gegronde redes en sonder om af te wyk van die oogmerke en beginsels in artikel 2 uiteengesit, sodanige persoon vrystel van die bepalings van subartikels (1) tot (5).

(7) Die Owerheid kan, wanneer die Owerheid dit nodig ag in die lig van die ontwikkelings in uitsaaitegnologie of met die doel om die oogmerke en beginsels in artikel 2 uiteengesit te bevorder, 'n openbare ondersoek instel en hou en aanbevelings aan die Minister maak betreffende die wysiging van enige van die bepalings van subartikels (1) tot (6).

(8) Die aanbevelings in subartikel (7) beoog, moet deur die Minister in die Nasionale Vergadering ter tafel gelê word binne 14 dae na ontvangs daarvan, indien die Nasionale Vergadering dan in sessie is, of indien die Nasionale Vergadering nie dan in sessie is nie, binne 14 dae na die begin van sy volgende sessie.

**Beperkings op kruismediabeheer van kommersiële uitsaaidienste**

**66.** (1) Kruismediabeheer van kommersiële uitsaaidienste moet onderwerp word aan die beperkings wat van tyd tot tyd deur die Nasionale Vergadering bepaal word handelende op aanbeveling van die Owerheid, na oorleg met die Minister, ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet.

(2) Geen persoon wat 'n koerant beheer, mag finansiële beheer van 'n kommersiële uitsaaidienslisensie in sowel die televisie-uitsaaidiens as klankuitsaaidiens verkry of behou nie.

(3) Geen persoon wat in 'n posisie is om 'n koerant te beheer, mag in 'n posisie wees om beheer oor 'n kommersiële uitsaaidienslisensie uit te oefen nie, hetsy in die televisie-uitsaaidiens of klankuitsaaidiens, in 'n gebied waar die koerant 'n gemiddelde ABC-sirkulasiedekking van twintig (20%) persent van die totale koerantleserskap in die gebied het, indien die lisensiegebied van die kommersiële uitsaaidienslisensie wesenlik oorvleuel met genoemde sirkulasiegebied van die koerant.

(4) In hierdie artikel beteken ''wesenlik oorvleuel'' 'n oorvleueling van vyftig (50%) persent of meer.

(5) 'n Aandeelhouding van twintig (20%) persent in 'n kommersiële uitsaaidienslisensie, hetsy in die televisie-uitsaaidiens of klankuitsaaidiens, word geag beheer uit te maak.

(6) Die Owerheid kan, by aanvoering van gegronde redes en sonder om af te wyk van die oogmerke en beginsels in artikel 2 uiteengesit, geaffekteerde persone vrystel van enige van die beperkings waarvoor hierdie artikel voorsiening maak.

(7) The Authority may, whenever the Authority considers it necessary in view of the developments in broadcasting technology or for the purposes of advancing the objects and principles enunciated in section 2, institute and conduct a public inquiry and make recommendations to the Minister regarding amendment of any of the provisions of subsections (1) to (6).

(8) The recommendations contemplated in subsection (7) must be tabled in the National Assembly by the Minister within 14 days of receipt thereof if the National Assembly is then in session, or if the National Assembly is not in session, within 14 days after the commencement of its next ensuing session.

(9) A determination made in terms of subsection (1), whether or not pursuant to an inquiry by the Authority, is not applicable to, and is not enforceable against, any broadcasting service licensee to which such determination relates for the duration of the term of the licence valid at the time such determination is made, but becomes applicable to, and enforceable against, such a broadcasting service licensee only upon the renewal of its licence upon the expiration of such term.

## CHAPTER 10

## COMPETITION MATTERS

### Competition matters

**67.** (1) Where the Authority determines that the holder of a licence under this Act or a person providing a service pursuant to a licence exemption has engaged in an act or intends to engage in any act that is likely to substantially prevent or lessen competition by, among other things,—

*(a)* giving an undue preference to; or

*(b)* causing undue discrimination against,

any other licensee or person providing a service pursuant to a licence exemption, the Authority may direct the licensee, by written notice, to cease or refrain from engaging in such act.

(2) The Authority must prescribe regulations—

*(a)* setting out what actions in terms of subsection (1) would be considered by the Authority as giving undue preference to or causing undue discrimination against another licensee or person providing a service pursuant to a licence exemption;

*(b)* detailing procedures for complaints and the monitoring and investigation of such actions that ensure the protection of the interests of consumers;

*(c)* indicating the penalties that may be imposed for failure to comply with a written notice to cease or refrain from taking such actions as prescribed in terms of subsection (2)*(a)*.

(3) The regulations prescribed in terms of subsection (2) must specify that—

*(a)* the Authority may refrain in whole or in part from the exercise of any power or the performance of any function under subsection (1) where the Authority finds, as a question of fact, that to refrain would be consistent with South African electronic communications and broadcasting policy objectives contained in section 2;

*(b)* no ruling may be made unless, as a question fact, the Authority is satisfied that the service or class of services in question, is or will be subject to competition sufficient to protect the interests of users; and

*(c)* the Authority must not make a ruling if the Authority finds, as a question of fact, that to refrain would be likely to impair the establishment or continuance of a competitive market for that service or class of service.

(4) The Authority must prescribe regulations defining the relevant markets and market segments, as applicable, that pro-competitive conditions may be imposed upon licensees having significant market power where the Authority determines such markets or market segments have ineffective competition. The regulations must, among other things—

(7) Die Owerheid kan, wanneer die Owerheid dit nodig ag in die lig van die ontwikkelings in uitsaaitegnologie of met die doel om die oogmerke en beginsels in artikel 2 uiteengesit te bevorder, 'n openbare ondersoek instel en hou en aanbevelings aan die Minister maak betreffende die wysiging van enige van die bepalings van subartikels (1) tot (6).

(8) Die aanbevelings in subartikel (7) beoog, moet deur die Minister in die Nasionale Vergadering ter tafel gelê word binne 14 dae na ontvangs daarvan, indien die Nasionale Vergadering dan in sessie is, of indien die Nasionale Vergadering nie dan in sessie is nie, binne 14 dae na die begin van sy volgende sessie.

(9) 'n Bepaling wat ingevolge subartikel (1) gemaak is, hetsy ingevolge 'n ondersoek deur die Owerheid al dan nie, is nie van toepassing op, en is nie afdwingbaar teen, enige uitsaaidienslisensiehouer op wie sodanige bepaling betrekking het nie, vir die duur van die termyn van die lisensie wat geldig is op die tydstip wanneer sodanige bepaling gemaak word, maar word van toepassing op en afdwingbaar teen sodanige uitsaaidienslisensiehouer slegs by hernuwing van sy lisensie by die verstryking van sodanige termyn.

## HOOFSTUK 10

## MEDEDINGINGSAANGELEENTHEDE

### Mededingingsaangeleenthede

**67.** (1) Waar die Owerheid bepaal dat die houer van 'n lisensie kragtens hierdie Wet of 'n persoon wat 'n diens ingevolge 'n lisensievrystelling verskaf, 'n handeling onderneem het of voornemens is om 'n handeling te onderneem wat mededinging waarskynlik wesenlik sal voorkom of verminder deur onder andere—

*(a)* onbehoorlike voorkeur te gee aan; of

*(b)* onbehoorlike diskriminasie te veroorsaak teen,

enige ander lisensiehouer of persoon wat 'n diens verskaf ingevolge 'n lisensievrystelling, kan die Owerheid die lisensiehouer by skriftelike kennisgewing gelas om op te hou, of om hom of haar daarvan te weerhou, om sodanige handeling te onderneem.

(2) Die Owerheid moet regulasies voorskryf—

*(a)* wat uiteensit watter handelinge ingevolge subartikel (1) deur die Owerheid beskou sal word as onbehoorlike voorkeur te gee of onbehoorlike diskriminasie te veroorsaak teen 'n ander lisensiehouer of persoon wat 'n diens verskaf ingevolge 'n lisensievrystelling;

*(b)* wat prosedures uiteensit vir klagtes en die monitering en ondersoek van sodanige handelinge wat verseker dat die belange van verbruikers beskerm sal word;

*(c)* wat die strawwe aandui wat opgelê kan word vir versuim om te voldoen aan 'n skriftelike kennisgewing om op te hou, of om hom of haar daarvan te weerhou, om die handelinge te onderneem wat ingevolge subartikel (2)*(a)* voorgeskryf is.

(3) Die regulasies ingevolge subartikel (2) voorgeskryf, moet bepaal dat—

*(a)* die Owerheid hom in geheel of gedeeltelik kan weerhou van die uitoefening van enige bevoegdheid of die verrigting van enige werksaamheid ingevolge subartikel (1) waar die Owerheid bevind, as 'n feitekwessie, dat weerhouding bestaanbaar sal wees met Suid-Afrikaanse elektroniese kommunikasie- en uitsaaibeleidsoogmerke in artikel 2 vervat;

*(b)* geen beslissing gemaak mag word nie tensy, as 'n feitekwessie, die Owerheid oortuig is dat die onderhawige diens of klas dienste onderhewig is of sal wees aan voldoende mededinging om die belange van gebruikers te beskerm; en

*(c)* die Owerheid nie 'n beslissing mag maak nie indien die Owerheid bevind, as 'n feitekwessie, dat weerhouding waarskynlik die vestiging of voortbestaan van 'n mededingende mark vir daardie diens of klas dienste sal benadeel.

(4) Die Owerheid moet regulasies voorskryf wat die betrokke markte en marksegmente, soos toepaslik, omskryf en bepaal dat pro-mededingingsvoorwaardes aan lisensiehouers met 'n beduidende markkrag opgelê kan word waar die Owerheid bepaal dat sodanige markte of marksegmente ondoeltreffende mededinging het. Die regulasies moet onder andere—

*(a)* define and identify the retail or wholesale markets or market segments in which it intends to impose pro-competitive measures in cases where such markets are found to have ineffective competition;

*(b)* set out the methodology to be used to determine the effectiveness of competition in such markets or market segments, taking into account subsection (8);

*(c)* set out the pro-competitive measures the Authority may impose in order to remedy the perceived market failure in the markets or market segments found to have ineffective competition taking into account subsection (7);

*(d)* declare licensees in the relevant market or market segments, as applicable, that have significant market power, as determined in accordance with subsection (6), and the pro-competitive conditions applicable to each such licensee;

*(e)* set out a schedule in terms of which the Authority will undertake periodic review of the markets and market segments, taking into account subsection (9) and the determination in respect of the effectiveness of competition and application of pro-competitive measures in those markets; and

*(f)* provide for monitoring and investigation of anti-competitive behaviour in the relevant market and market segments.

(5) A licensee has significant market power with regard to the relevant market or market segment where the Authority finds that the particular individual licensee or class licensee—

*(a)* is dominant;

*(b)* has control of essential facilities; or

*(c)* has a vertical relationship that the Authority determines could harm competition in the market or market segments applicable to the particular category of licence.

(6) The methodology contemplated in subsection (4)*(b)* must include but is not limited to an assessment of the following:

*(a)* When defining the relevant market or market segments the Authority must consider the non-transitory (structural, legal, or regulatory) entry barriers to the applicable markets or market segments and the dynamic character and functioning of the subject markets or market segments;

*(b)* When conducting an analysis of the effectiveness of competition in the relevant markets or market segments the Authority must take the following factors, among others, into account:

(i) An assessment of relative market share of the various licensees in the defined markets or market segments; and

(ii) A forward looking assessment of the market power of each of the market participants over a reasonable period in terms of, amongst others:

*(aa)* actual and potential existence of competitors;

*(bb)* the level, trends of concentration, and history of collusion, in the market;

*(cc)* the overall size of each of the market participants;

*(dd)* control of essential facilities;

*(ee)* technological advantages or superiority of a given market participant;

*(ff)* the degree of countervailing power in the market;

*(gg)* easy or privileged access to capital markets and financial resources;

*(hh)* the dynamic characteristics of the market, including growth, innovation, and products and services diversification;

*(ii)* economies of scale and scope;

*(jj)* the nature and extent of vertical integration;

*(kk)* the ease of entry into the market, including market and regulatory barriers to entry.

(7) Pro-competitive terms and conditions may include but are not limited to—

*(a)* die klein- of groothandelmarkte of marksegmente omskryf en identifiseer waar hy voornemens is om pro-mededingingsmaatreëls te tref in gevalle waar daar bevind word dat sodanige markte ondoeltreffende mededinging het;
*(b)* die metodologie uiteensit wat gebruik moet word om die doeltreffendheid van mededinging in sodanige markte of marksegmente te bepaal, met inagneming van subartikel (8);
*(c)* die pro-mededingingsmaatreëls uiteensit wat die Owerheid kan tref ten einde die vermeende markmislukking reg te stel in die markte of marksegmente waar daar bevind is dat daar ondoeltreffende mededinging is, met inagneming van subartikel (7);
*(d)* lisensiehouers in die betrokke mark of marksegment, soos toepaslik, verklaar wat beduidende markkrag het, soos bepaal ooreenkomstig subartikel (6), en die pro-mededingingsvoorwaardes van toepassing op elke sodanige lisensiehouer;
*(e)* 'n skedule uiteensit ingevolge waarvan die Owerheid periodieke hersienings van die markte en marksegmente moet doen, met inagneming van subartikel (9) en die bepaling ten opsigte van die doeltreffendheid van mededinging en die toepassing van pro-mededingingsmaatreëls in daardie markte; en
*(f)* voorsiening maak vir die monitering en ondersoek van teenmededingingsgedrag in die betrokke mark en marksegmente.

(5) 'n Lisensiehouer het beduidende markkrag met betrekking tot die betrokke mark of marksegment waar die Owerheid bevind dat die bepaalde individuele lisensiehouer of klaslisensiehouer—
*(a)* dominant is;
*(b)* oor noodsaaklike fasiliteite beheer uitoefen; of
*(c)* 'n vertikale verhouding het wat die Owerheid bepaal mededinging in die mark of marksegment wat op die bepaalde kategorie lisensie van toepassing is, kan benadeel.

(6) Die metodologie in subartikel (4)*(b)* beoog, moet insluit maar is nie beperk nie tot 'n beoordeling van die volgende:
*(a)* Wanneer die betrokke mark of marksegmente omskryf word, moet die Owerheid oorweging skenk aan die niekortstondige (strukturele, wetlike of regulatoriese) toegangshindernisse vir die betrokke markte of marksegmente en die dinamiese aard en funksionering van die betrokke markte of marksegmente;
*(b)* wanneer 'n ontleding gemaak word van die doeltreffendheid van mededinging in die betrokke markte of marksegmente, moet die Owerheid onder andere die volgende faktore in aanmerking neem:
(i) 'n Beoordeling van relatiewe markaandeel van die verskillende lisensiehouers in die omskrewe markte of marksegmente; en
(ii) 'n vooruitskouende beoordeling van die markkrag van elk van die markdeelnemers oor 'n redelike tydperk, met betrekking tot onder andere:
*(aa)* die werklike en potensiële bestaan van mededingers;
*(bb)* die vlak, neigings van konsentrasie en geskiedenis van samespanning in die mark;
*(cc)* die oorkoepelende grootte van elk van die markdeelnemers;
*(dd)* beheer oor noodsaaklike fasiliteite;
*(ee)* tegnologiese voordele of superioriteit van 'n gegewe markdeelnemer;
*(ff)* die graad van kompenserende krag in die mark;
*(gg)* maklike of bevoorregte toegang tot kapitaalmarkte en finansiële hulpbronne;
*(hh)* die dinamiese eienskappe van die mark, insluitend groei, innovering en diversifikasie van produkte en dienste;
*(ii)* skaalbesparing en omvang;
*(jj)* die aard en omvang van vertikale integrasie;
*(kk)* die gemak van toetrede tot die mark, insluitend mark- en regulatoriese hindernisse vir toetrede.

(7) Pro-mededingingsbedinge en -voorwaardes kan insluit, maar is nie beperk nie tot —

*(a)* an obligation to act fairly and reasonably in the way in which the licensee responds to requests for access, provisioning of services, interconnection and facilities leasing;

*(b)* a requirement that the obligations contained in the licence terms and pro-competitive conditions must be complied with within the periods and at the times required by or under such terms and conditions, failing which a penalty may be imposed;

*(c)* a prohibition against discriminating in relation to matters connected with access, provisioning of services, interconnection and facilities leasing;

*(d)* an obligation requiring the licensee to publish, in such manner as the Authority may direct, all such information for the purpose of ensuring transparency in relation to—

(i) access, interconnection and facilities leasing; or

(ii) the provision of electronic communications network services, electronic communications services or any other service offered by the licensee applicable to the relevant market or market segments at issue;

*(e)* an obligation to publish, in such manner as the Authority may direct, the terms and conditions for—

(i) access, interconnection and facilities leasing; or

(ii) the provision of electronic communications network services, electronic communications services or any other service offered by the licensee applicable to the relevant market or market segments at issue which may take the form of a reference offer;

*(f)* an obligation to maintain a separation for accounting purposes between different matters relating to—

(i) access, interconnection and facilities leasing;

(ii) the provision of electronic communications network services, electronic communications services or any other service offered by the licensee applicable to the relevant market or market segments at issue; and

(iii) retail and wholesale prices;

*(g)* a requirement relating to the accounting methods to be used in maintaining the separation of accounts referred to in paragraph *(f)*;

*(h)* such price controls, including requirements relating to the provision of wholesale and retail prices in relation to matters connected with the provision of—

(i) access, interconnection and facilities leasing; or

(ii) electronic communications network services, electronic communications services or any other service offered by the licensee applicable to the relevant market or market segments at issue;

*(i)* matters relating to the recovery of costs and cost orientation and with regard to broadcasting services, the appropriate amount of South African programming, including—

(i) music content;

(ii) news and information programmes; and

(iii) where appropriate, programming of local or regional significance;

*(j)* matters relating to the accounts, records and other documents to be kept and made available for inspection by the Authority.

(8) Review of pro-competitive conditions:

*(a)* Where the Authority undertakes a review of the pro-competitive conditions imposed upon one or more licensees under this subsection, the Authority must—

(i) review the market determinations made on the basis of earlier analysis; and

(ii) decide whether to modify the pro-competitive conditions set by reference to a market determination;

*(b)* Where, on the basis of a review under this subsection, the Authority determines that a licensee to whom any pro-competitive conditions apply is no longer a licensee possessing significant market power in that market or market segment, the Authority must revoke the applicable pro-competitive conditions applied to that licensee by reference to the previous market determination based on earlier analysis;

*(a)* 'n verpligting om billik en redelik op te tree in die wyse waarop die lisensiehouer reageer op versoeke vir toegang, verskaffing van dienste, interkonneksie en verhuring van fasiliteite;

*(b)* 'n vereiste dat die verpligtinge vervat in die lisensiebedinge en pro-mededingingsvoorwaardes nagekom moet word binne die tydperke en op die tye vereis by of kragtens sodanige bedinge en voorwaardes, by versuim waarvan 'n straf opgelê kan word;

*(c)* 'n verbod op diskriminasie met betrekking tot aangeleenthede in verband met toegang, lewering van dienste, interkonneksie en verhuring van fasiliteite;

*(d)* 'n verpligting wat van die lisensiehouer vereis om al sodanige inligting op die wyse wat die Owerheid bepaal, te publiseer met die doel om deursigtigheid te verseker met betrekking tot—

(i) toegang, interkonneksie en verhuring van fasiliteite; of

(ii) die verskaffing van elektroniese kommunikasienetwerkdienste, elektroniese kommunikasiedienste of enige ander diens wat deur die lisensiehouer aangebied word toepaslik vir die betrokke mark of marksegmente;

*(e)* 'n verpligting om op die wyse wat die Owerheid gelas, die bedinge en voorwaardes te publiseer vir—

(i) toegang, interkonneksie en verhuring van fasiliteite; of

(ii) die verskaffing van elektroniese kommunikasienetwerkdienste, elektroniese kommunikasiedienste of enige ander diens wat deur die lisensiehouer aangebied word toepaslik vir die betrokke mark of marksegmente, wat die vorm van 'n verwysingsaanbod kan aanneem;

*(f)* 'n verpligting om vir rekeningkundige doeleindes 'n skeiding te handhaaf tussen verskillende aangeleenthede betreffende—

(i) toegang, interkonneksie en verhuring van fasiliteite; of

(ii) die verskaffing van elektroniese kommunikasienetwerkdienste, elektroniese kommunikasiedienste of enige ander diens wat deur die lisensiehouer aangebied word toepaslik vir die betrokke mark of marksegmente; en

(iii) klein- en groothandelspryse;

*(g)* 'n vereiste betreffende die rekeningkundige metodes wat gebruik moet word om die skeiding van rekeninge in paragraaf *(f)* bedoel, te handhaaf;

*(h)* sodanige prysbeheermaatreëls, insluitend vereistes rakende die verskaffing van groot- en kleinhandelspryse met betrekking tot aangeleenthede rakende die verskaffing van—

(i) toegang, interkonneksie en verhuring van fasiliteite; of

(ii) elektroniese kommunikasienetwerkdienste, elektroniese kommunikasiedienste of enige ander diens wat deur die lisensiehouer aangebied word toepaslik vir die betrokke mark of marksegmente;

*(i)* aangeleenthede rakende die verhaling van koste en koste-oriëntering en met betrekking tot uitsaaidienste, die geskikte hoeveelheid Suid-Afrikaanse programme, insluitend—

(i) musiekinhoud;

(ii) nuus- en inligtingsprogramme; en

(iii) waar geskik, programme van plaaslike of streekbelang;

*(j)* aangeleenthede rakende die rekeninge, rekords en ander dokumente wat gehou en beskikbaar gestel moet word vir insae deur die Owerheid.

(8) Hersiening van pro-mededingingsvoorwaardes:

*(a)* Waar die Owerheid 'n hersiening onderneem van pro-mededingingsvoorwaardes wat ingevolge hierdie subartikel aan een of meer lisensiehouers opgelê is, moet die Owerheid—

(i) die markbepalings hersien wat op die grondslag van vroeëre ontleding gedoen is; en

(ii) besluit of die pro-mededingingsvoorwaardes wat met verwysing na 'n markbepaling gestel is, gewysig moet word;

*(b)* waar, op grond van 'n hersiening kragtens hierdie subartikel, die Owerheid bepaal dat 'n lisensiehouer op wie enige pro-mededingingsvoorwaardes van toepassing is, nie meer 'n lisensiehouer is wat beduidende markkrag in daardie mark of marksegment het nie, moet die Owerheid die toepaslike pro-mededingingsvoorwaardes wat op daardie lisensiehouer toegepas is met verwysing na die vorige markbepaling gegrond op vroeër ontleding, herroep;

(c) Where, on the basis of such review, the Authority determines that the licensee to whom pro-competitive conditions apply continues to possess significant market power in that market or market segment, but due to changes in the competitive nature of such market or market segment the pro-competitive conditions are no longer proportional in accordance with subsection (7), the Authority must modify the applicable pro-competitive conditions applied to that licensee to ensure proportionality.

(9) Subject to the provisions of this Act, the Competition Act applies to competition matters in the electronic communications industry.

(10) The Authority is, for the purposes of the Competition Act, a regulatory authority defined in section 1 of that Act.

(11) The Authority may ask for and receive from the Competition Commission, assistance or advice on relevant proceedings of the Authority, including proceedings under this Chapter.

(12) The Competition Commission may ask for and receive from the Authority, assistance or advice on relevant proceedings of the Competition Commission.

## CHAPTER 11

## NUMBERING

### Numbering plans and number portability

**68.** (1) The Authority must make regulations prescribing—

*(a)* a numbering plan which must be amended and updated as the Authority considers necessary—

(i) for efficient use and allocation of numbers; and

(ii) to accommodate the varied protocols used and services provided by licensees under this Act; and

*(b)* measures to ensure that number portability is introduced in 2005 or soon thereafter, as far as is practicably possible, including—

(i) the creation of a national number portability database; and

(ii) cost allocation and cost recovery among licensees.

(2) A numbering plan must consist of a scheme of identification so as to ensure that electronic communications are correctly and efficiently directed to the point of reception for which they are intended.

(3) Subject to subsection (7), the Authority must, in preparing a numbering plan, take account of existing numbering plans or schemes.

(4) The numbering plan contemplated in subsection (1)*(a)* must be non-discriminatory.

(5) The Authority must maintain and manage a central numbering database system.

(6) Every individual electronic communications service licensee and individual electronic communications network service licensee, as applicable, must submit information on all numbers, including numbers of pre-paid subscribers allocated in terms of its licence, to the Authority.

(7) The regulations made in terms of subsection (1) must include matters relating to—

*(a)* the fees licensees must pay for the allocation of numbers to recover administration costs;

*(b)* the conditions under which a licensee may be required to surrender unused numbers to the Authority for reallocation;

*(c)* the allocation of responsibility between electronic communications service licensees and electronic communications network service licensees for the implementation of the numbering plan and number portability to—

(i) ensure effective functionality;

(ii) ensure access and routing within electronic communications networks; and

(iii) allow licensees to assign numbers to subscribers and transfer numbers when subscribers change services in an efficient manner without unreasonable delay or disruption of service;

*(c)* waar, op grond van sodanige hersiening, die Owerheid bepaal dat die lisensiehouer op wie pro-mededingingsvoorwaardes van toepassing is, steeds beduidende markkrag in daardie mark of marksegment het, maar as gevolg van veranderinge in die mededingingsaard van sodanige mark of marksegment die pro-mededingingsvoorwaardes nie meer proporsioneel ooreenkomstig subartikel (7) is nie, moet die Owerheid die toepaslike pro-mededingingsvoorwaardes wat op daardie lisensiehouer toegepas word, wysig ten einde proporsionaliteit te verseker.

(9) Behoudens die bepalings van hierdie Wet is die Wet op Mededinging van toepassing op mededingingsaangeleenthede in die elektroniese kommunikasiebedryf.

(10) Die Owerheid is by die toepassing van die Wet op Mededinging ’n regulerende owerheid in artikel 1 van daardie Wet omskryf.

(11) Die Owerheid kan van die Mededingingskommissie hulp of advies vra en ontvang oor tersaaklike verrigtinge van die Owerheid, insluitend verrigtinge kragtens hierdie Hoofstuk.

(12) Die Mededingingskommissie kan van die Owerheid hulp of advies vra en ontvang oor tersaaklike verrigtinge van die Mededingingskommissie.

## HOOFSTUK 11

## NOMMERING

### Nommeringsplanne en nommerdraagbaarheid

**68.** (1) Die Owerheid moet regulasies uitvaardig wat—

*(a)* ’n nommeringsplan voorskryf, wat gewysig en bygewerk moet word soos die Owerheid nodig ag—

(i) vir die doeltreffende gebruik en toewysing van nommers; en

(ii) om die uiteenlopende protokolle wat gebruik word en dienste wat verskaf word deur lisensiehouers kragtens hierdie Wet, te akkommodeer; en

*(b)* maatreëls voorskryf om te verseker dat nommerdraagbaarheid in 2005 of gou daarna ingevoer word, insluitend sover prakties moontlik—

(i) die skepping van ’n nasionale databasis vir nommerdraagbaarheid; en

(ii) die toewysing en verhaling van koste tussen lisensiehouers.

(2) ’n Nommeringsplan moet bestaan uit ’n skema van uitkenning om te verseker dat elektroniese kommunikasies korrek en doeltreffend gerig word na die punt van ontvangs waarvoor dit bedoel is.

(3) Behoudens subartikel (7) moet die Owerheid by die opstel van ’n nommeringsplan bestaande nommeringsplanne of skemas in ag neem.

(4) Die nommeringsplan in subartikel (1)*(a)* beoog, moet niediskriminerend wees.

(5) Die Owerheid moet ’n sentrale nommeringsdatabasisstelsel onderhou en bestuur.

(6) Elke individuele elektroniese kommunikasiedienslisensiehouer en individuele elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer, soos van toepassing, moet inligting oor alle nommers, insluitend nommers van voorafbetaalde intekenaars, wat ingevolge sy lisensie toegewys is, aan die Owerheid voorlê.

(7) Die regulasies ingevolge subartikel (1) uitgevaardig, moet aangeleenthede insluit met betrekking tot—

*(a)* die gelde wat lisensiehouers vir die toewysing van nommers moet betaal om administrasiekoste te verhaal;

*(b)* die voorwaardes waarop ’n lisensiehouer verplig kan word om ongebruikte nommers aan die Owerheid terug te gee vir hertoewysing;

*(c)* die toewysing van verantwoordelikheid tussen elektroniese kommunikasiedienslisensiehouers en elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouers vir die implementering van die nommeringsplan en nommerdraagbaarheid om—

(i) effektiewe funksionaliteit te verseker;

(ii) toegang en roetering binne elektroniese kommunikasienetwerke te verseker; en

(iii) lisensiehouers toe te laat om, op ’n doeltreffende wyse sonder onredelike vertraging of onderbreking van diens, nommers aan intekenaars toe te wys en nommers oor te dra wanneer intekenaars van diens verander;

*(d)* the protection for consumers including disclosure of consumer rights relating to—
(i) numbers and number portability; and
(ii) the process and procedures to be followed for resolving subscriber complaints and affording subscribers remedies in the form of discounts and credits when the electronic communications network service licensee or electronic communications services licensee fails to meet its obligations under this section; and

*(e)* a framework, including a schedule for transforming the numbering plan to a non-geographic numbering system taking into account similar non-geographic numbering plans adopted in other jurisdictions and implementation of electronic numbering, allowing the inter-operation between telephone numbers and the Internet domain name system.

## CHAPTER 12

## CONSUMER ISSUES

### Code of conduct, end-user and subscriber service charter

**69.** (1) The Authority must, as soon as reasonably possible after the coming into force of this Act, prescribe regulations setting out a code of conduct for licensees subject to this Act and persons exempted from holding a licence in terms of section 6 to the extent such persons provide a service to the public.

(2) The Authority may develop different codes of conduct applicable to different types of services. All electronic communications network services licence and electronic communications service licensees must comply with the Code of Conduct for such services as prescribed.

(3) The Authority must, as soon as reasonably possible after the coming into force of this Act, prescribe regulations setting out the minimum standards for and end-user and subscriber service charters.

(4) The Authority may develop different minimum standards for and end-user and subscriber service charters for different types of services.

(5) The matters which an end-user and subscriber service charter may address include, but are not limited to—

*(a)* the provision of information to end-users and subscribers regarding services, rates, and performance procedures;
*(b)* provisioning and fault repair services;
*(c)* the protection of private end-user and subscriber information;
*(d)* end-user and subscriber charging, billing, collection and credit practices;
*(e)* complaint procedures and the remedies that are available to address the matters at issue; and
*(f)* any other matter of concern to end-users and subscribers.

(6) Where an end-user or subscriber is not satisfied after utilising the complaint procedures set out in the regulations, his or her complaint may be submitted to the Authority in accordance with the provisions of section 17C of the ICASA Act.

### People with disabilities

**70.** The Authority must prescribe regulations setting out a code on people with disabilities that will be applicable to all categories of licences.

### Consumer Advisory Panel

**71.** (1) The Authority must establish a consumer advisory panel that will advise the Authority on matters relating to consumer issues in the Republic.

(2) The constitution of the consumer advisory panel must be as prescribed.

*(d)* die beskerming van verbruikers, insluitend openbaring van verbruikersregte met betrekking tot—
  (i) nommers en nommerdraagbaarheid; en
  (ii) die proses en prosedures wat gevolg moet word om intekenaarklagtes op te los en aan intekenaars verhaal te verleen in die vorm van afslag en krediet wanneer die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer of elektroniese kommunikasiedienstelisensiehouer versuim om sy verpligtinge kragtens hierdie artikel na te kom; en

*(e)* 'n raamwerk, insluitend 'n skedule om die nommeringsplan te omvorm in 'n niegeografiese nommeringstelsel, met inagneming van soortgelyke niegeografiese nommeringsplanne wat in ander jurisdiksies aangeneem is en die implementering van elektroniese nommering, wat die tussenwerkbaarheid tussen telefoonnommers en die Internetdomeinnaamstelsel moontlik maak.

## HOOFSTUK 12

## VERBRUIKERSKWESSIES

### Gedragskode, eindgebruiker- en intekenaardienshandves

**69.** (1) Die Owerheid moet so gou redelikerwys moontlik na die inwerkingtreding van hierdie Wet regulasies voorskryf wat 'n gedragskode vir lisensiehouers onderhewig aan hierdie Wet en persone wat ingevolge artikel 6 vrygestel is om 'n lisensie te hou, uiteensit in soverre sulke persone 'n diens aan die publiek verskaf.

(2) Die Owerheid kan verskillende gedragskodes ontwikkel wat op verskillende tipes dienste van toepassing is. Alle elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouers en elektroniese kommunikasiedienslisensiehouers moet die gedragskode vir sodanige dienste voorgeskryf, nakom.

(3) Die Owerheid moet so gou redelikerwys moontlik na die inwerkingtreding van hierdie Wet regulasies voorskryf wat die minimum standaarde vir eindgebruiker- en intekenaardienshandveste uiteensit.

(4) Die Owerheid kan verskillende minimum standaarde vir eindgebruiker- en intekenaardienshandveste vir verskillende tipes dienste ontwikkel.

(5) Die aangeleenthede waaroor 'n eindgebruiker- en intekenaardienshandves kan handel, sluit in maar is nie beperk nie tot—

*(a)* die voorsiening van inligting aan eindgebruikers en intekenaars oor dienste, tariewe en prestasieprosedures;
*(b)* voorsienings- en foutherstelldienste;
*(c)* die beskerming van private eindgebruikers- en intekenaarsinligting;
*(d)* praktyke vir heffing, uitstuur van rekeninge, invordering en krediet vir eindgebruikers en intekenaars;
*(e)* klagteprosedures en die verhaal wat beskikbaar is om die onderhawige kwessies te hanteer; en
*(f)* enige ander aangeleentheid van belang vir eindgebruikers en intekenaars.

(6) Waar 'n eindgebruiker of intekenaar na gebruik van die klagteprosedure in die regulasies uiteengesit nie tevrede is nie, kan sy of haar klagte aan die Owerheid voorgelê word ooreenkomstig die bepalings van artikel 17C van die OKOSA-wet.

### Mense met gestremdhede

**70.** Die Owerheid moet regulasies voorskryf wat 'n kode oor mense met gestremdhede uiteensit, wat op alle kategorieë lisensies van toepassing sal wees.

### Verbruikersadviespaneel

**71.** (1) Die Owerheid moet 'n verbruikersadviespaneel instel wat die Owerheid adviseer oor aangeleenthede rakende verbruikerskwessies in die Republiek.

(2) Die grondwet van die verbruikersadviespaneel moet soos voorgeskryf wees.

## CHAPTER 13

## GENERAL

### Establishment of Electronic Communications and ICT Museum, information communication technology for government and other related services

**72.** (1) The Director-General must establish and manage a museum that depicts the evolution and the history of the communications and information communication technology sectors in South Africa.

(2) The museum and its contents are part of the national estate as defined in the National Heritage Resources Act, 1999 (Act No. 25 of 1999).

(3) The contents of the museum housed in the Telkom Museum on Telecommunication History must be transferred to the museum established in terms of subsection (1).

(4) The Minister must, after consultation with the cabinet member responsible for government communications, establish a centre for government departments and entities to communicate with the public to ensure efficiency in administrative services.

(5) The centre must also serve as the directory of contact using SMS and other related services.

(6) The Authority must allocate a four-digit number through which the public can access government directory information services free of charge.

(7) The cost of providing the government directory information service must be borne by the licensee.

### E-rate

**73.** (1) Internet services, provided to all public schools as defined in the South African Schools Act, 1996 (Act No. 84 of 1996), and all public further education and training institutions as defined in the Further Education and Training Act, 1998 (Act No. 98 of 1998), must be provided at a minimum discounted rate of 50% off the total charge levied by the licensee providing Internet services to such institutions.

(2) The discount is applicable of the total charge levied by the licensee which includes but is not limited to the following:

*(a)* Any connectivity charges for access to the Internet;
*(b)* charges for any equipment used for or in association with connectivity to the Internet; and
*(c)* all calls made to an Internet Service Provider.

(3) Where the licensee, who provides Internet services to the institutions as contemplated in subsection (1), obtains its electronic communications facilities for the provision of Internet services from a electronic communications network service licensee, the licensee is entitled to a minimum of 50% off the retail rate charged to it by the electronic communications network service licensee for the facilities in question.

(4) The implementation of this section must be in the manner prescribed.

(5) The Minister may, in consultation with the Minister responsible for Education, declare categories of independent schools or private further education and training institutions to be entitled to the discount mentioned in subsection (1).

### Offences and penalties

**74.** (1) Any natural person, juristic person or licensee who contravenes or fails to comply with any licence condition contained in the licence, is guilty of an offence and is liable on conviction to the penalties set out in subsection (2).

(2) Any natural person, juristic person or licensee who contravenes or fails to materially comply with any specific terms and conditions contained in the licence relating to construction or placing into service of electronic communications facilities or electronic communications networks, is guilty of an offence and upon conviction, such natural person, juristic person or licensee must outsource—

## HOOFSTUK 13

## ALGEMEEN

**Instelling van Museum van Elektroniese Kommunikasie en IKT, inligtingskommunikasietegnologie vir regerings- en ander verwante dienste**

**72.** (1) Die Direkteur-generaal moet 'n museum instel en bestuur wat die evolusie en die geskiedenis van die kommunikasie- en inligtingkommunikasietegnologie-sektore in Suid-Afrika uitbeeld.

(2) Die museum en sy inhoud is deel van die nasionale besit soos omskryf in die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet No. 25 van 1999).

(3) Die inhoud van die museum gehuisves in die Telkom Museum oor Telekommunikasiegeskiedenis moet oorgeplaas word na die museum wat ingevolge subartikel (1) ingestel is.

(4) Die Minister moet na oorleg met die kabinetslid verantwoordelik vir regeringskommunikasie 'n sentrum vir staatsdepartemente en -entiteite instel om met die publiek te kommunikeer ten einde doeltreffende administratiewe dienste te verseker.

(5) Die sentrum moet ook dien as die kontakgids deur die gebruik van KBD en ander verwante dienste.

(6) Die Owerheid moet 'n viersyfernommer toewys waardeur die publiek gratis toegang tot regeringsgidsinligtingsdienste kan kry.

(7) Die koste om die regeringsgidsinligtingsdiens te verskaf, moet deur die lisensiehouer gedra word.

**E-tarief**

**73.** (1) Internetdienste, wat gelewer word aan alle openbare skole soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996), en alle openbare instellings vir verdere onderwys en opleiding soos omskryf in die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding, 1998 (Wet No. 98 van 1998), moet gelewer word teen 'n minimum verdiskonteerde tarief van 50% van die totale koste wat gehef word deur die lisensiehouer wat internetdienste aan sulke instellings lewer.

(2) Die diskonto is van toepassing op die totale koste wat gehef word deur die lisensiehouer, wat die volgende insluit maar nie daartoe beperk is nie:

*(a)* Enige konnektiwiteitsgelde vir toegang tot die Internet;
*(b)* heffings vir enige toerusting wat gebruik word vir of saam met konnektiwiteit tot die Internet; en
*(c)* alle oproepe wat na 'n internetdiensverskaffer gemaak word.

(3) Waar die lisensiehouer wat internetdienste verskaf aan die instellings in subartikel (1) beoog sy elektroniese kommunikasiefasiliteite vir die lewering van internetdienste van 'n elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer verkry, is die lisensiehouer geregtig op 'n minimum van 50% van die kleinhandelstarief wat die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer hom vir die betrokke fasiliteite laat betaal.

(4) Die implementering van hierdie artikel moet op die voorgeskrewe wyse geskied.

(5) Die Minister kan, in oorleg met die Minister verantwoordelik vir Onderwys, kategorieë van onafhanklike skole of private instellings vir verdere onderwys en opleiding verklaar wat geregtig is op die diskonto in subartikel (1) bedoel.

**Misdrywe en strawwe**

**74.** (1) 'n Natuurlike persoon, regspersoon of lisensiehouer wat enige lisensievoorwaarde in die lisensie vervat, oortree of versuim om daaraan te voldoen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe in subartikel (2) uiteengesit.

(2) 'n Natuurlike persoon, regspersoon of lisensiehouer wat enige spesifieke bedinge en voorwaardes in die lisensie vervat met betrekking tot die oprigting of indiensstelling van elektroniese kommunikasiefasiliteite of elektroniese kommunikasienetwerke oortree of versuim om wesenlik daaraan te voldoen, begaan 'n misdryf en by skuldigbevinding moet sodanige natuurlike persoon, regspersoon of lisensiehouer—

*(a)* the construction; or
*(b)* placing into service,

of the electronic communications facilities or electronic communications networks, or parts thereof, that are the subject of the contravention or failure to comply, by entering into one or more agreements with a third-party engaging such person to build or operate the electronic communications facilities or electronic communications networks in accordance with the specific terms and conditions contained in the licence.

(3) The agreements contemplated in subsection (2) are subject to the following:

*(a)* The natural person, juristic person or licensee must enter into the outsource agreement within (90) ninety days of a finding of a contravention or failure to comply with the terms and conditions of the licensee; and
*(b)* The particular electronic communications facilities or electronic communications networks must be constructed and placed in operation as soon as practicable after conclusion of the outsource agreement subject to oversight and review by the Authority.

(4) In the case of unwillingness or inability of the licensee to negotiate or agree on the terms and conditions of the outsource agreement, within the period specified in subsection (3)*(a)*, the Authority may—

*(a)* impose terms and conditions consistent with the specific terms and conditions contained in the licence, this Act and the related legislation, as applicable; or
*(b)* propose terms and conditions, which, subject to negotiations among the parties, must be agreed to by the parties within the period specified in subsection (3)*(a)*.

(5) The construction or placing into service of the electronic communications facilities or electronic communications networks, or parts thereof, contemplated in subsection (2) may be undertaken by—

*(a)* the third-party outsource contractor under the authority of the licence held by the natural person, juristic person or licensee that is a party to the outsource agreement; or
*(b)* in terms of an individual or class licence held by the third-party outsource contractor, provided, that the natural person, juristic person or licensee must remain liable under its licence and the outsource agreement must be subject to the terms and conditions of such licence, this Act and the related legislation, as applicable.

**Directory services**

**75.** The Authority may prescribe or impose through licence conditions, as the case may be, measures in respect of directories and directory enquiry services, regarding—

*(a)* the protection of personal data;
*(b)* the protection of privacy;
*(c)* language preferences;
*(d)* the prevention of fraud;
*(e)* the prohibition of marketing and unfair trading practices;
*(f)* the provision of assistance to security services or other public safety officials;
*(g)* related charges;
*(h)* the establishment of a national directory information database;
*(i)* the availability of a directory; and
*(j)* such other related matters as the Authority may determine.

**Establishment of public emergency communications centres**

**76.** (1) The Minister may by notice in the *Gazette* establish public emergency communications centres to be known as ‘‘112 Emergency Centres’’.

(2) A 112 Emergency Centre is a service by means of which a subscriber has the ability to contact an emergency centre by dialling the numerals 112 in order to request an emergency service.

(3) 112 Emergency Centres must be accountable to the Minister.

*(a)* die oprigting; of

*(b)* die indiensplasing,

van die elektroniese kommunikasiefasiliteite of elektroniese kommunikasienetwerke, of dele daarvan, wat die onderwerp van die oortreding of versuim om te voldoen is, uitkontrakteer deur een of meer ooreenkomste aan te gaan met 'n derde party om sodanige persoon te betrek om die elektroniese kommunikasiefasiliteite of elektroniese kommunikasienetwerke te bou of te bedryf ooreenkomstig die spesifieke bedinge en voorwaardes in die lisensie vervat.

(3) Die ooreenkomste in subartikel (2) beoog, is aan die volgende onderhewig:

*(a)* Die natuurlike persoon, regspersoon of lisensiehouer moet die uitkontrakteringsooreenkoms aangaan binne negentig (90) dae na 'n bevinding van 'n oortreding of versuim om aan die bedinge en voorwaardes van die lisensiehouer te voldoen; en

*(b)* die bepaalde elektroniese kommunikasiefasiliteite of elektroniese kommunikasienetwerke moet opgerig en in bedryf gestel word so gou prakties moontlik na die aangaan van die uitkontrakteringsooreenkoms, behoudens toesig en hersiening deur die Owerheid.

(4) In die geval van onwilligheid of onvermoë van die lisensiehouer om te onderhandel of oor die bedinge en voorwaardes van die uitkontrakteringsooreenkoms ooreen te kom binne die tydperk in subartikel (3)*(a)* bepaal, kan die Owerheid—

*(a)* bedinge en voorwaardes oplê in ooreenstemming met die spesifieke bedinge en voorwaardes in die lisensie, hierdie Wet en die verwante wetgewing vervat, soos toepaslik; of

*(b)* bedinge en voorwaardes voorstel, waaroor die partye, behoudens onderhandelings tussen die partye, moet ooreenkom binne die tydperk in subartikel (3)*(a)* bepaal.

(5) Die oprigting of indiensstelling van die elektroniese kommunikasiefasiliteite of elektroniese kommunikasienetwerke, of dele daarvan, in subartikel (2) beoog, kan onderneem word—

*(a)* deur die derdeparty-uitkontrakteringskontrakteur kragtens die gesag van die lisensie gehou deur die natuurlike persoon, regspersoon of lisensiehouer wat 'n party by die uitkontrakteringsooreenkoms is; of

*(b)* ingevolge 'n individuele of klaslisensie deur die derdeparty-uitkontrakteringskontrakteur gehou, met dien verstande dat die natuurlike persoon, regspersoon of lisensiehouer kragtens sy lisensie aanspreeklik moet bly en die uitkontrakteringsooreenkoms onderhewig moet wees aan die bedinge en voorwaardes van sodanige lisensie, hierdie Wet en die verwante wetgewing, soos van toepassing.

**Gidsdienste**

**75.** Die Owerheid kan maatreëls voorskryf of deur lisensievoorwaardes oplê, na gelang van die geval, ten opsigte van gidse en gidsnavraagdienste betreffende—

*(a)* die beskerming van persoonlike data;

*(b)* die beskerming van privaatheid;

*(c)* taalvoorkeure;

*(d)* die voorkoming van bedrog;

*(e)* die verbod op bemarking en onbillike handelspraktyke;

*(f)* die verlening van bystand aan sekuriteitsdienste of ander openbare veiligheidsbeamptes;

*(g)* verwante heffings;

*(h)* die instelling van 'n nasionale gidsinligtingsdatabasis;

*(i)* die beskikbaarheid van 'n gids; en

*(j)* die ander verwante aangeleenthede wat die Owerheid bepaal.

**Instelling van openbare noodkommunikasiesentrums**

**76.** (1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* openbare noodkommunikasiesentrums instel, wat as ''112-noodsentrums'' bekend staan.

(2) 'n 112-noodsentrum is 'n diens by wyse waarvan 'n intekenaar die vermoë het om met 'n noodsentrum in verbinding te tree deur die syfers 112 te skakel ten einde 'n nooddiens te versoek.

(3) 112-noodsentrums is verantwoordingspligtig teenoor die Minister.

(4) Electronic communications network service licensees and electronic communications service licensees must—

*(a)* carry communications to 112 Emergency Centres and from 112 Emergency Centres to emergency organisations; and

*(b)* make automatic number identity, such as caller line identity, and automatic location identity available to 112 Emergency Centres.

(5) The obligation imposed on licensees in terms of subsection (4)*(b)* supersedes any request by a subscriber to withhold their identity or location, which may be permitted under any applicable law or licence condition.

(6) Licensees are exempted from liability for all claims arising out of acts done in meeting their obligation under subsection (4)*(b)*.

(7) The Authority may make regulations to—

*(a)* ensure the implementation of sections 76, 77 and 78; and

*(b)* extend the obligations under subsection (4) to other holders of class and individual licences.

(8) Where the Authority extends the obligations under subsection (4) to other licensees the provisions of sections 76, 77 and 78 apply to such licensees.

**Duties of 112 Emergency Centres and licensees**

**77.** (1) 112 Emergency Centres must transmit a request for an emergency service to an emergency organisation.

(2) Licensees required to carry communications to 112 Emergency Centres may not levy any charge on the caller for placing calls to 112 Emergency Centres.

(3) The cost of transporting any communications, including automatic number identity and automatic location identity, to and from 112 Emergency Centres to any emergency organisation must be borne by the licensee.

**National Public emergency number**

**78.** (1) The number 112 is hereby established as the exclusive national public emergency number.

(2) No person may apply for the registration, in terms of applicable intellectual property legislation or any other law, of any mark or domain name containing the numerals 1-1-2 in that sequence.

(3) No person may call the national emergency telecommunication number 112 for any purpose other than to request an emergency service.

**Standards, capabilities and operating procedures of 112 Emergency Centres**

**79.** (1) As far as practicably possible, 112 Emergency Centres must have voice, SMS, data and global positioning systems capability.

(2) The Minister may, from time to time, by notice in the *Gazette* direct 112 Emergency Centres to develop and apply common technical standards and standard operating procedures.

(3) 112 Emergency Centres may, subject to the provisions of Chapter 3, establish their own radio networks, if such networks are used exclusively to communicate calls and SMS to 112 Emergency Centres or emergency organisations.

(4) Emergency Centres may display the 112 public emergency numbers on public roads and other public places without cost.

## CHAPTER 14

## UNIVERSAL SERVICE AND ACCESS AGENCY OF SOUTH AFRICA

**Continued existence of Universal Service Agency**

**80.** (1) Despite the repeal of the Telecommunications Act by this Act, the Universal Service Agency established in terms of section 58(1) of the Telecommunications Act continues to exist as a juristic person in terms of this Act and will henceforth be called the Universal Service and Access Agency of South Africa.

(4) Elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouers en elektroniese kommunikasiedienslisensiehouers moet—

*(a)* kommunikasies na 112-noodsentrums en vanaf 112-noodsentrums na noodorganisasies dra; en

*(b)* outomatiese nommeridentiteit, soos oproeperlynidentiteit en outomatiese plekidentiteit, aan 112-noodsentrums beskikbaar stel.

(5) Die verpligting ingevolge subartikel (4)*(b)* aan lisensiehouers opgelê, oorheers enige versoek deur 'n intekenaar om sy of haar identiteit of plek te weerhou wat kragtens enige toepaslike wet of lisensievoorwaarde toegelaat kan word.

(6) Lisensiehouers is vrygestel van aanspreeklikheid vir alle eise voortspruitend uit handelinge verrig ter uitvoering van hulle verpligting kragtens subartikel (4)*(b)*.

(7) Die Owerheid kan regulasies uitvaardig om—

*(a)* die implementering van artikels 76, 77 en 78 te verseker; en

*(b)* die verpligtinge kragtens subartikel (4) na ander houers van individuele en klaslisensies uit te brei.

(8) Waar die Owerheid die verpligtinge kragtens subartikel (4) na ander lisensiehouers uitbrei, is die bepalings van artikels 76, 77 en 78 op sodanige lisensiehouers van toepassing.

**Pligte van 112-noodsentrums en lisensiehouers**

**77.** (1) 112-noodsentrums moet 'n versoek vir 'n nooddiens aan 'n noodorganisasie oorsend.

(2) Lisensiehouers wat kommunikasies na 112-noodsentrums moet dra, mag geen gelde aan 'n oproeper oplê om oproepe na 'n 112-noodsentrum deur te stuur nie.

(3) Die koste van vervoer van enige kommunikasies, insluitend outomatiese nommeridentiteit en outomatiese plekidentiteit, na en van 112-noodsentrums aan enige noodorganisasie moet deur die lisensiehouer gedra word.

**Nasionale openbare noodnommer**

**78.** (1) Die nommer 112 word hierby ingestel as die eksklusiewe nasionale openbare noodnommer.

(2) Niemand mag ingevolge toepaslike wetgewing oor intellektuele goedere of enige ander reg aansoek doen vir registrasie van enige merk of domeinnaam wat die syfers 1-1-2 in daardie volgorde bevat nie.

(3) Niemand mag die nasionale noodtelekommunikasienommer 112 vir enige ander doel as 'n versoek vir 'n nooddiens skakel nie.

**Standaarde, vermoëns en bedryfsprosedures van 112-noodsentrums**

**79.** (1) Sover doenlik moet 112-noodsentrums die vermoë van stem-, KBD-, data- en globale plekbepalingstelsels hê.

(2) Die Minister kan van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* 112-noodsentrums gelas om algemene tegniese standaarde en standaard-bedryfsprosedures te ontwikkel en toe te pas.

(3) Behoudens die bepalings van Hoofstuk 3 kan 112-noodsentrums hulle eie radionetwerke instel, mits sodanige netwerke uitsluitlik gebruik word om oproepe en KBD na 112-noodsentrums of noodorganisasies te skakel.

(4) Noodsentrums kan die 112 openbare noodnommer op openbare paaie en ander openbare plekke kosteloos vertoon.

## HOOFSTUK 14

## UNIVERSELE DIENS-EN-TOEGANGSAGENTSKAP VAN SUID-AFRIKA

**Voortbestaan van Universele Diens-agentskap**

**80.** (1) Ondanks die herroeping van die Telekommunikasiewet deur hierdie Wet bly die Universele Diens-agentskap ingestel ingevolge artikel 58(1) van die Telekommunikasiewet voortbestaan as 'n regspersoon ingevolge hierdie Wet, en dit heet voortaan die Universele Diens-en-Toegangsagentskap van Suid-Afrika.

(2) The Minister may, by notice in the *Gazette*, appoint a board of up to seven members to provide oversight of and guidance to the Agency.

(3) A board appointed by the Minister in terms of section 58(2) of the Telecommunications Act is considered to have been appointed in terms of this Act.

**Functions of Board**

**81.** (1) The Agency's board must exercise the powers conferred, and perform the duties imposed, upon it in accordance with any policy direction issued by the Minister.

(2) The board must—

*(a)* represent the Agency before the Minister and the Authority;

*(b)* oversee the functions of the Agency;

*(c)* prepare and update a strategic plan for the Agency at least once every three years to be used by the Agency in exercising its powers and carrying out its functions;

*(d)* approve the annual report referred to in section 86 prior to submission to the Minister;

*(e)* approve the statement of estimated income and expenditures and any adjusted statements referred to in section 84 prior to submission to the Minister;

*(f)* approve the Chief Executive Officer's (CEO's) recommendations referred to in section 83(3)*(b)*;

*(g)* oversee the accounts of the Agency referred to in sections 84, 85 and 91; and

*(h)* take such other decisions as may be requested by the CEO of the Agency in terms of this Chapter.

**Functions of Agency**

**82.** (1) The Agency must—

*(a)* strive to promote the goal of universal access and universal service;

*(b)* encourage, facilitate and offer guidance in respect of any scheme to provide—

(i) universal access or universal service; or

(ii) telecommunication services as part of reconstruction and development projects and programmes contemplated in section 3*(a)* of the Reconstruction and Development Programme Fund Act, 1994 (Act No. 7 of 1994), where such provision will contribute to the attainment of the object of the project or programme in question; and

*(c)* foster the adoption and use of new methods of attaining universal access and universal service.

(2) For purposes of subsection (1)*(b)*(ii), reference to telecommunication services in relation to development projects and programmes contemplated in section 3*(a)* of the Reconstruction and Development Programme Fund Act, 1994, must be regarded as reference to electronic communications network services under this Act.

(3) *(a)* The Agency must from time to time, with due regard to circumstances and attitudes prevailing in the Republic and after obtaining public participation to the greatest degree practicable, make recommendations to enable the Minister to determine what constitutes—

(i) universal access by all areas and communities in the Republic to electronic communications services and electronic communications network services; and

(ii) the universal provision for all persons in the Republic of electronic communications services and access to electronic communications networks, including any elements or attributes thereof.

*(b)* Such a determination—

(i) must be published in the *Gazette*; and

(ii) may be amended or substituted by the Minister on the recommendation of the Agency as provided for in this subsection.

(4) The Agency—

*(a)* may undertake such investigations into matters relating to its functions as it may consider necessary;

(2) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n raad met hoogstens sewe lede aanstel om toesig oor en leiding aan die Agentskap te bied.

(3) 'n Raad wat ingevolge artikel 58(2) van die Telekommunikasiewet aangestel is, word geag ingevolge hierdie Wet aangestel te wees.

**Werksaamhede van Raad**

**81.** (1) Die Agentskap se raad moet die bevoegdhede aan hom opgedra en die pligte wat hom opgelê is, uitoefen en verrig ooreenkomstig enige beleidsvoorskrif deur die Minister uitgereik.

(2) Die raad moet—

*(a)* die Agentskap voor die Minister en die Owerheid verteenwoordig;
*(b)* oor die werksaamhede van die Agentskap toesig hou;
*(c)* minstens een keer elke drie jaar 'n strategiese plan vir die Agentskap opstel en bywerk vir gebruik deur die Agentskap by die uitoefening van sy bevoegdhede en die uitvoering van sy werksaamhede;
*(d)* die jaarverslag in artikel 86 bedoel, goedkeur voordat dit aan die Minister voorgelê word;
*(e)* die staat van geraamde inkomste en uitgawes en enige aangepaste state in artikel 84 bedoel, goedkeur voordat dit aan die Minister voorgelê word;
*(f)* die Hoof- Uitvoerende Beampte (HUB) se aanbevelings in artikel 83(3)*(b)* bedoel, goedkeur;
*(g)* toesig hou oor die Agentskap se rekeninge in artikels 84, 85 en 91 bedoel; en
*(h)* die ander besluite neem wat deur die HUB van die Agentskap ingevolge hierdie Hoofstuk versoek word.

**Werksaamhede van Agentskap**

**82.** (1) Die Agentskap moet—

*(a)* daarna streef om die doelwit van universele toegang en universele diens te bevorder;
*(b)* aanmoedig, vergemaklik en leiding bied ten opsigte van enige skema vir die verskaffing van—
  (i) universele toegang of universele diens; of
  (ii) telekommunikasiedienste as deel van heropbou- en ontwikkelingsprojekte en -programme beoog in artikel 3*(a)* van die Wet op die Heropbou- en Ontwikkelingsprogramfonds, 1994 (Wet No. 7 van 1994), waar sodanige verskaffing sal bydra tot die bereiking van die oogmerk van die betrokke projek of program; en
*(c)* die aanneem en gebruik van nuwe metodes vir die bereiking van universele toegang en universele diens bevorder.

(2) By die toepassing van subartikel (1)*(b)*(ii) word 'n verwysing na telekommunikasiedienste met betrekking tot ontwikkelingsprojekte en -programme beoog in artikel 3*(a)* van die Wet op die Heropbou- en Ontwikkelingsprogramfonds, 1994, geag 'n verwysing te wees na elektroniese kommunikasienetwerkdienste kragtens hierdie Wet.

(3) *(a)* Die Agentskap moet van tyd tot tyd, met behoorlike inagneming van heersende omstandighede en houdings in die Republiek en na verkryging van die grootste doenlike mate van openbare deelname, aanbevelings maak om die Minister in staat te stel om te bepaal wat behels—

  (i) universele toegang deur alle gebiede en gemeenskappe in die Republiek tot elektroniese kommunikasiedienste en elektroniese kommunikasienetwerkdienste; en
  (ii) die universele verskaffing aan alle persone in die Republiek van elektroniese kommunikasiedienste en toegang tot elektroniese kommunikasienetwerke, insluitend enige elemente of eienskappe daarvan.

*(b)* So 'n bepaling—

  (i) moet in die *Staatskoerant* gepubliseer word; en
  (ii) kan deur die Minister gewysig of vervang word op aanbeveling van die Agentskap soos in hierdie subartikel bepaal.

(4) Die Agentskap—

*(a)* kan die ondersoeke na aangeleenthede rakende sy werksaamhede onderneem wat hy nodig ag;

*(b)* must conduct research into and keep abreast of developments in the Republic and elsewhere on information communication technology, electronic communications services and electronic communications facilities;
*(c)* must continually survey and evaluate the extent to which universal access and service have been achieved;
*(d)* may issue information from time to time on the provision of electronic communications services and electronic communications networks in the Republic and access thereto;
*(e)* must, when so requested by the Minister, make recommendations to the Minister in relation to policy on any matter relating to universal access and universal service;
*(f)* must, when so requested by the Authority, advise the Authority on any matter relating to universal access and universal service;
*(g)* must continually evaluate the effectiveness of this Act and things done in terms thereof towards the achievement of the goal of universal access and universal service;
*(h)* may liaise, consult and co-operate with any person or authority;
*(i)* may appoint experts and other consultants on such conditions as the Agency may determine.

(5) The Agency must manage the Universal Service and Access Fund in accordance with the provisions of this Chapter.

**CEO and staff of Agency**

**83.** (1) The Agency is under the direction and control of the CEO appointed by the Board.

(2) The CEO—
*(a)* must be a suitably qualified and experienced person;
*(b)* is subject to the direction and oversight of the board in the performance of all financial and administrative functions as well as other work as may arise from the performance of the Agency's functions under this Act; and
*(c)* must exercise any powers delegated to him or her by the board.

(3) Without derogating from his or her general powers, duties and functions as set forth in this section, the CEO must—
*(a)* approve of expenditures from the universal service and access fund;
*(b)* conduct competitive tenders in terms of section 90 and make recommendations to the board.

(4) The CEO must enter into a performance agreement with the Board. The perfomance agreement must, amongst other things—
*(a)* set appropriate key performance indicators; and
*(b)* set measurable perfomance targets.

(5) The CEO must employ a staff, including senior management and such other persons as may be necessary to assist him or her with the performance of the functions of the Agency.

(6) The staff of the Agency is accountable to and must enter into a performance agreement with the CEO.

(7) The CEO must manage and direct the activities of the Agency.

(8) The CEO must, in the selection of the staff of the Agency—
*(a)* promote the empowerment of historically disadvantaged persons, including women, the youth and people with disabilities;
*(b)* subject to paragraph *(a)*, apply equal opportunity employment practices.

(9) The CEO and other staff of the Agency must be appointed on the grounds of their qualifications, expertise or experience in the fields, when viewed collectively, of development planning, community development, social sciences, economics, electronic communications and publicity.

(10) A person may not be appointed or continue in office as CEO or other member of the staff of the Agency if he or she becomes unfit to hold the office or becomes incapacitated.

(11) The CEO of the Agency must be appointed for such period not exceeding five years as may be determined when he or she is appointed.

*(b)* moet navorsing doen oor, en op die hoogte bly van, ontwikkelings in die Republiek en elders in inligtingskommunikasietegnologie, elektroniese kommunikasiedienste en elektroniese kommunikasiefasiliteite;

*(c)* moet voortdurend opnames maak en evaluasie doen oor die mate waarin universele toegang en diens bereik is;

*(d)* kan van tyd tot tyd inligting uitreik oor die verskaffing van elektroniese kommunikasiedienste en elektroniese kommunikasienetwerke in die Republiek en toegang daartoe;

*(e)* moet, wanneer aldus deur die Minister versoek, aanbevelings aan die Minister maak met betrekking tot beleid oor enige aangeleentheid rakende universele toegang en universele diens;

*(f)* moet, wanneer aldus deur die Minister versoek, die Owerheid adviseer oor enige aangeleentheid rakende universele toegang en universele diens;

*(g)* moet voortdurend die doeltreffendheid van hierdie Wet en dinge ingevolge daarvan gedoen, evalueer met die oog op die bereiking van die doelwit van universele toegang en universele diens;

*(h)* kan met enige persoon of owerheid skakel, oorleg pleeg en saamwerk; en

*(i)* kan deskundiges en ander konsultante aanstel op die voorwaardes wat die Agentskap bepaal.

(5) Die Agentskap moet die Universele Diens-en-Toegangsfonds ooreenkomstig die bepalings van hierdie Hoofstuk bestuur.

**Hoof- uitvoerende beampte en personeel van Agentskap**

**83.** (1) Die Agentskap staan onder leiding en beheer van die HUB, wat deur die Raad aangestel word.

(2) Die HUB—

*(a)* moet 'n paslik gekwalifiseerde en ervare persoon wees;

*(b)* is onderhewig aan die leiding en toesig van die raad by die verrigting van alle finansiële en administratiewe werksaamhede asook ander werk voortspruitend uit die verrigting van die Agentskap se werksaamhede kragtens hierdie Wet; en

*(c)* moet enige bevoegdhede uitoefen wat deur die raad aan hom of haar gedelegeer word.

(3) Sonder om afbreuk te doen aan sy of haar algemene bevoegdhede, pligte en werksaamhede soos in hierdie artikel uiteengesit, moet die HUB—

*(a)* uitgawes uit die Universele Diens-en-Toegangsfonds goedkeur;

*(b)* mededingende tenders ingevolge artikel 90 bedryf en aanbevelings aan die raad doen.

(4) Die HUB moet 'n prestasie-ooreenkoms met die raad sluit. Die prestasie-ooreenkoms moet onder andere—

*(a)* gepaste sleutelprestasie-aanwysers bepaal; en

*(b)* meetbare prestasieteikens stel.

(5) Die HUB moet personeel in diens neem, insluitend senior bestuur en die ander persone wat nodig is om hom of haar met die verrigting van die werksaamhede van die Agentskap by te staan.

(6) Die personeel van die Agentskap is aanspreeklik teenoor en moet 'n prestasie-ooreenkoms aangaan met die HUB.

(7) Die HUB moet die bedrywighede van die Agentskap bestuur en beheer.

(8) Die HUB moet by die keuring van die personeel van die Agentskap—

*(a)* die bemagtiging van histories benadeelde persone, insluitend vroue, die jeug en persone met gestremdhede, bevorder; en

*(b)* behoudens paragraaf *(a)*, gelykegeleentheid-indiensnemingspraktyke toepas.

(9) Die HUB en ander personeel van die Agentskap moet aangestel word op grond van hulle kwalifikasies, kundigheid of ondervinding op die gebiede van, gesamentlik beskou, ontwikkelingsbeplanning, gemeenskapsontwikkeling, sosiale wetenskappe, ekonomie, elektroniese kommunikasie en publisiteit.

(10) 'n Persoon mag nie aangestel word of aanbly in die pos van HUB of ander lid van die personeel van die Agentskap nie indien hy of sy ongeskik word om die pos te beklee of onbekwaam raak.

(11) Die HUB van die Agentskap word aangestel vir die tydperk van hoogstens vyf jaar wat bepaal word wanneer hy of sy aangestel word.

(12) The CEO and other employees of the Agency hold office on such conditions as to remuneration and otherwise—

*(a)* in the case of the CEO, as the Minister may determine with the concurrence of the Minister of Finance;

*(b)* in the case of other employees, as the CEO may determine with the concurrence of the Minister and the Minister of Finance.

(13) Different periods and conditions may be determined under subsections (11) or (12) in respect of different employees.

**Financing of Agency**

**84.** (1) The operating and capital costs of the Agency must be financed from money appropriated by Parliament from time to time for that purpose.

(2) The Agency must utilise any money contemplated in subsection (1) in accordance with the statement of estimated income and expenditure referred to in subsection (3).

(3) The Agency—

*(a)* must in each financial year, at a time determined by the Minister, submit a statement of estimated income and expenditure for the following financial year to the Minister for his or her approval, granted with the concurrence of the Minister of Finance; and

*(b)* may in any financial year submit adjusted statements of estimated income and expenditure to the Minister for his or her approval, granted with the concurrence of the Minister of Finance.

**Banking account**

**85.** The Agency must, with the approval of the Director-General, open and maintain with a bank, registered as such in terms of the Banks Act, 1990 (Act No. 94 of 1990), an account in which there must be deposited the money received by the Agency and from which payments for it or on its behalf may be made.

**Annual and other reports**

**86.** (1) The Agency must submit to the Minister—

*(a)* such information and particulars as he or she may from time to time, in writing, require in connection with the activities of the Agency; and

*(b)* a report in regard to the functions, affairs and activities of the Agency, annually and as soon as is reasonably practicable after the end of each period of 12 months ending on 31 March, in respect of such period.

(2) Without derogating from the generality of the provisions of subsection (1), the annual report must, among others, include—

*(a)* information regarding progress towards achieving the goal of universal service; and

*(b)* such other information as the Minister may determine.

(3) The Minister must table a copy of the annual report in Parliament within 30 days after it is received by him or her if Parliament is then in ordinary session or, if Parliament is not then in ordinary session, within 30 days after the commencement of its next ordinary session.

**Continued existence and control of Universal Service Fund**

**87.** (1) Despite the repeal of the Telecommunications Act by this Act, the Universal Service Fund established in terms of section 65(1) of the Telecommunications Act continues to exist in terms of this Act and will henceforth be called the Universal Service and Access Fund, and the Agency must keep account of the Fund in its books and credit the Fund with—

*(a)* universal service contributions referred to in section 89; and

*(b)* money accruing to the Universal Service and Access Fund from any other source.

(2) All money received, the amounts of which in terms of subsection (1) must be credited to the Universal Service and Access Fund in the books of the Agency, must be paid into the National Revenue Fund established by section 185 of the Constitution.

(12) Die HUB en ander werknemers van die Agentskap beklee hulle ampte op die voorwaardes rakende besoldiging en andersins—

*(a)* in die geval van die HUB, wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal; en

*(b)* in die geval van die ander werknemers, wat die HUB met die instemming van die Minister en die Minister van Finansies bepaal.

(13) Verskillende tydperke en voorwaardes kan kragtens subartikel (11) of (12) ten opsigte van verskillende werknemers bepaal word.

**Finansiering van Agentskap**

**84.** (1) Die bedryfskoste en kapitaalkoste van die Agentskap moet gefinansier word uit geld wat van tyd tot tyd deur die Parlement vir daardie doel bewillig word.

(2) Die Agentskap moet enige geld in subartikel (1) beoog, gebruik ooreenkomstig die staat van geraamde inkomste en uitgawes in subartikel (3) bedoel.

(3) Die Agentskap—

*(a)* moet in elke finansiële jaar op die tyd deur die Minister bepaal, 'n staat van geraamde inkomste en uitgawes vir die daaropvolgende finansiële jaar aan die Minister voorlê vir sy of haar goedkeuring, wat met die instemming van die Minister van Finansies verleen word; en

*(b)* kan in enige finansiële jaar aangesuiwerde state van inkomste en uitgawes aan die Minister voorlê vir sy of haar goedkeuring, wat met die instemming van die Minister van Finansies verleen word.

**Bankrekening**

**85.** Die Agentskap moet, met die goedkeuring van die Direkteur-generaal, by 'n bank wat as sodanig ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990), geregistreer is, 'n rekening open en onderhou waarin die geld wat deur die Agentskap ontvang word, gedeponeer moet word en waaruit betalings vir of namens die Agentskap gedoen kan word.

**Jaarverslag en ander verslae**

**86.** (1) Die Agentskap moet aan die Minister voorlê—

*(a)* die inligting en besonderhede wat hy of sy van tyd tot tyd skriftelik verlang in verband met die bedrywighede van die Agentskap; en

*(b)* 'n verslag oor die werksaamhede, sake en bedrywighede van die Agentskap, jaarliks en so gou redelikerwys doenlik na die einde van elke tydperk van 12 maande eindigend op 31 Maart, ten opsigte van sodanige tydperk.

(2) Sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van die bepalings van subartikel (1), moet die jaarverslag onder andere insluit—

*(a)* inligting oor vordering na die bereiking van die oogmerk van universele diens; en

*(b)* die ander inligting wat die Minister bepaal.

(3) Die Minister moet 'n eksemplaar van die jaarverslag in die Parlement ter tafel lê binne 30 dae na ontvangs deur hom of haar indien die Parlement dan in gewone sessie is of, indien die Parlement nie dan in gewone sessie is nie, binne 30 dae na die begin van sy volgende gewone sessie.

**Voortbestaan en beheer van Universele Diens-fonds**

**87.** (1) Ondanks die herroeping van die Telekommuniekasiewet deur hierdie Wet bly die Universele Diens-fonds ingestel ingevolge artikel 65(1) van die Telekommuniekasiewet voortbestaan ingevolge hierdie Wet, en dit heet voortaan die Universele Diens-en-Toegangsfonds, en die Agentskap moet in sy boeke 'n rekening van die Fonds hou en die Fonds krediteer met—

*(a)* universele diensbydraes in artikel 89 bedoel; en

*(b)* geld wat uit enige ander bron aan die Universele Diens-en-Toegangsfonds toeval.

(2) Alle geld ontvang, waarmee die Universele Diens-en-Toegangsfonds gekrediteer moet word in die Agentskap se boeke, moet gestort word in die Nasionale Inkomstefonds by artikel 185 van die Grondwet ingestel.

(3) Subsidies paid from the Universal Service and Access Fund in terms of section 88 must be financed from money appropriated by Parliament for that purpose.

(4) The Universal Service and Access Fund must be administered by the Agency subject to the control and in accordance with the instructions of the Minister.

**Application of money in Universal Service and Access Fund**

**88.** (1) The money in the Universal Service and Access Fund must be utilised exclusively for the payment of subsidies—

*(a)* for the assistance of needy persons towards the cost of the provision to, or the use by, them of broadcasting and electronic communications services;

*(b)* subject to subsection (2), to any broadcasting service licensee and electronic communications network service licensee for the purpose of financing the construction or extension of electronic communications networks in under-serviced areas as prescribed;

*(c)* to public schools and public further education and training institutions as defined in the South African Schools Acts, 1996 (Act No. 84 of 1996), and the Further Education and Training Act, 1998 (Act No. 98 of 1998), respectively, for the procurement of broadcasting and electronic communications services and access to electronic communications networks;

*(d)* to schools and further education and training institutions as defined in the South African Schools Acts, 1996 (Act No. 84 of 1996), and the Further Education and Training Act, 1998 (Act No. 98 of 1998), respectively, for the procurement of broadcasting and electronic communications services and access to electronic communications networks: Provided that—

(i) in the case of public schools, they are recognised by their provincial Departments of Education as falling into the lowest three quintiles for socio-economic redress in terms of the National Norms and Standards for School Funding (1998); and

(ii) in the case of independent schools and independent further education and training institutions—

*(aa)* they are registered with the Commissioner for Inland Revenue as public benefit organisations in terms of section 10(1)(cN) of the Income Tax Act, 1962 (Act No. 58 of 1962); and

*(bb)* they are registered with their provincial Departments of Education or the National Department of Education (as the case may be) for the receipt of state subsidies;

*(e)* for the establishment and operation of broadcasting services and for the establishment and operation, including training of and the payment of allowances to personnel of centres where access can be obtained to electronic communications networks.

(2) The Authority must, by regulation, for purposes of subsection (1)*(b)*, define under-serviced areas.

(3) The Authority must at least bi-annually review and update, the prescribed definition of under-serviced area and the list of designated under-serviced areas eligible for construction payments from the Universal Service and Access Fund.

(4) The Minister may, for the purposes of payments referred to in subsection (1)*(a)*, by notice in the *Gazette* determine—

*(a)* types of needy persons to whom assistance may be given;

*(b)* the persons who must apply for assistance and the manner in which such applications must be made;

*(c)* the manner in which and persons to whom subsidies may be paid.

**Contributions to Universal Service and Access Fund**

**89.** (1) Subject to subsection (3), every holder of a licence granted or considered to have been granted in terms of Chapter 3 must pay, in addition to any other fees contemplated in this Act or the related legislation, the prescribed annual contributions of the licensee's licensed activity to the Universal Service and Access Fund.

(3) Subsidies wat ingevolge artikel 88 uit die Universele Diens-en-Toegangsfonds betaal word, moet gefinansier word uit geld wat die Parlement vir daardie doel bewillig.

(4) Die Universele Diens-en-Toegangsfonds moet deur die Agentskap geadministreer word, onderworpe aan die beheer en ooreenkomstig die opdragte van die Minister.

**Aanwending van geld in Universele Diens-en-Toegangsfonds**

**88.** (1) Die geld in die Universele Diens-en-Toegangsfonds moet uitsluitlik gebruik word vir die betaling van subsidies—

*(a)* vir bystand aan behoeftige persone vir die koste van die verskaffing aan of die gebruik deur hulle van uitsaai- en elektroniese kommunikasiedienste;

*(b)* behoudens subartikel (2), aan 'n uitsaaidienslisensiehouer en elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer vir die doel van die finansiering van die oprigting of uitbreiding van elektroniese kommunikasienetwerke in onderbediende gebiede soos voorgeskryf;

*(c)* aan openbare skole en openbare instellings vir verdere onderwys en opleiding soos omskryf in onderskeidelik die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996), en die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding, 1998 (Wet No. 98 van 1998), vir die verkryging van uitsaai- en elektroniese kommunikasiedienste en toegang tot elektroniese kommunikasienetwerke;

*(d)* aan skole en instellings vir verdere onderwys en opleiding soos omskryf in onderskeidelik die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996), en die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding, 1998 (Wet No. 98 van 1998), vir die verkryging van uitsaai- en elektroniese kommunikasiedienste en toegang tot elektroniese kommunikasienetwerke: Met dien verstande dat—

(i) in die geval van openbare skole, hulle deur hulle provinsiale onderwysdepartemente erken word as synde in die laagste drie kwintiele vir sosio-ekonomiese herstel ingevolge die Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing (1998); en

(ii) in die geval van onafhanklike skole en onafhanklike instellings vir verdere onderwys en opleiding—

*(aa)* hulle by die Kommissaris van Binnelandse Inkomste geregistreer is as openbare weldaadsorganisasies ingevolge artikel 10(1)(cN) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962); en

*(bb)* hulle by hulle provinsiale onderwysdepartemente of die nasionale Departement van Onderwys (na gelang van die geval) geregistreer is vir die ontvangs van staatsubsidies;

*(e)* vir die instelling en bedryf van uitsaaidienste en vir die instelling en bedryf, insluitend opleiding van en die betaling van toelaes aan personeel van sentrums waar toegang tot elektroniese kommunikasienetwerke verkry kan word.

(2) Die Owerheid moet, by die toepassing van subartikel (1)*(b)*, onderbediende gebiede by regulasie omskryf.

(3) Die Owerheid moet die voorgeskrewe omskrywing van onderbediende gebied en die lys van aangewese onderbediende gebiede wat vir oprigtingbetalings uit die Universele Diens-en-Toegangsfonds in aanmerking kom, minstens halfjaarliks hersien en bywerk.

(4) Die Minister kan, vir doeleindes van betalings in subartikel (1)*(a)* bedoel, by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

*(a)* tipes behoeftige persone bepaal aan wie bystand verleen kan word;

*(b)* die persone bepaal wat vir bystand aansoek moet doen en die wyse waarop sulke aansoeke gedoen moet word;

*(c)* die wyse waarop en die persone aan wie subsidies betaal kan word, bepaal.

**Bydraes tot Universele Diens-en-Toegangsfonds**

**89.** (1) Behoudens subartikel (2) moet elke houer van 'n lisensie wat ingevolge Hoofstuk 3 toegestaan is of geag word toegestaan te gewees het, benewens enige ander gelde in hierdie Wet of die verwante wetgewing beoog, die voorgeskrewe jaarlikse bydraes van die lisensiehouer se gelisensieerde bedrywigheid aan die Universele Diens-en-Toegangsfonds betaal.

(2) The Authority must prescribe—

*(a)* the basis and manner of determination of such contributions, which must not exceed 1 per cent of the licensee's annual turnover or such other percentage of the licensee's annual turnover as may be determined by the Minister after consultation with the affected parties, by notice in the *Gazette*; and

*(b)* the dates when such contributions become payable and the manner in which they may be paid.

(3) Broadcasting service licensees contributing to the Media Development and Diversity Agency (''MDDA'') must have their annual MDDA contribution set off against their prescribed annual contribution to the Universal Service and Access Fund.

**Competitive tender for universal service and access projects**

**90.** (1) The Agency must provide incentives to electronic communications network service licensees to construct, operate and maintain electronic communications networks in under-serviced areas through the award of project grants.

(2) The Agency must, in consultation with the Authority—

*(a)* publish a notice in the *Gazette* stating its intention to award one or more project grants and invite interested electronic communications network service licensees to submit proposals;

*(b)* identify the targeted under-serviced area or under-serviced areas where project grants will be awarded and determine—

(i) the time and place for submitting proposals;

(ii) the scope of the projects which may vary according to the needs of the targeted under-serviced area or under-serviced areas;

(iii) the criteria for evaluating proposals;

(iv) the projected cost of the proposed project; and

(v) such other matters as may be helpful in securing qualified proposals.

(3) The criteria for evaluating proposals may take into consideration—

*(a)* the objects of this Act set out in section 2;

*(b)* the scope of the electronic communications network service licensee's proposal, including the electronic communications network proposed for construction in the under-serviced area and the technologies proposed;

*(c)* any electronic communications services the electronic communications network service licensee proposes to offer in terms of its electronic communications network service licence and, as applicable, any electronic communications service licence or other licence held by the electronic communications network service licensee;

*(d)* the terms and conditions relating to any proposed services, including wholesale and retail pricing, taking into account the lack of competitive electronic communications networks and services in the targeted under-serviced area; and

*(e)* such other matters as the Agency, in consultation with the Authority, finds appropriate for the targeted under-serviced area.

(4) The subsidy for project grants must be paid out of the Universal Service and Access Fund.

(5) The Agency must supervise the execution of projects awarded under subsection (1).

**Accounts of Universal Service and Access Fund**

**91.** (1) The Agency must—

*(a)* cause full records to be kept of the transactions of the Universal Service and Access Fund;

*(b)* as soon as possible, but not later than three months after 31 March in each year, cause the books and accounts relating to such transactions to be balanced as at that date and thereafter prepare a statement showing in all necessary detail—

(2) Die Owerheid moet—

*(a)* die grondslag en wyse van bepaling van sodanige bydraes voorskryf, wat nie 1 persent van die lisensiehouer se jaarlikse omset of die ander persentasie van die lisensiehouer se jaarlikse omset wat deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* na oorleg met die betrokke partye bepaal word, mag oorskry nie; en

*(b)* die datums voorskryf wanneer sodanige bydraes betaalbaar word en die wyse waarop dit betaal kan word.

(3) Uitsaaidienslisensiehouers wat tot die Media-ontwikkelings- en Diversiteitsagentskap (MODA) bydra, se jaarlikse MODA-bydraes moet verreken word teen hulle voorgeskrewe jaarlikse bydrae tot die Universele Diens-en-Toegangsfonds.

**Mededingende tender vir universele diens-en-toegangsprojekte**

**90.** (1) Die Agentskap moet aansporings voorsien aan elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouers om elektroniese kommunikasienetwerke in onderbediende gebiede op te rig, te bedryf en in stand te hou deur die toekenning van projektoelaes.

(2) Die Agentskap moet, in oorleg met die Owerheid—

*(a)* 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* publiseer waarin sy voorneme verklaar word om een of meer projektoelaes toe te ken en belangstellende elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouers genooi word om voorstelle in te dien;

*(b)* die geteikende onderbediende gebied of onderbediende gebiede identifiseer waar projektoelaes toegeken gaan word, en—

(i) die tyd en plek vir die indiening van voorstelle bepaal;

(ii) die omvang van die projekte bepaal, wat kan verskil volgens die behoeftes van die geteikende onderbediende gebied of onderbediende gebiede;

(iii) die kriteria vir die evaluering van die voorstelle bepaal;

(iv) die geprojekteerde koste van die voorgestelde projek bepaal; en

(v) die ander aangeleenthede bepaal wat van hulp kan wees om gekwalifiseerde voorstelle te verkry.

(3) Die kriteria vir die evaluering van voorstelle kan in aanmerking neem—

*(a)* die oogmerke van hierdie Wet in artikel 2 uiteengesit;

*(b)* die omvang van die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer se voorstel, insluitend die elektroniese kommunikasienetwerk voorgestel vir oprigting in die onderbediende gebied en die voorgestelde tegnologieë;

*(c)* enige elektroniese kommunikasiedienste wat die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer beoog om aan te bied ingevolge sy elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensie en, soos toepaslik, enige elektroniese kommunikasiedienslisensie of ander lisensie wat deur die elektroniese kommunikasienetwerkdienslisensiehouer gehou word;

*(d)* die bedinge en voorwaardes met betrekking tot enige voorgestelde dienste, insluitend groot- en kleinhandelprysbepaling, met inagneming van die gebrek aan mededingende elektroniese kommunikasienetwerke en -dienste in die geteikende onderbediende gebied; en

*(e)* die ander aangeleenthede wat die Agentskap, in oorleg met die Owerheid, toepaslik vind vir die geteikende onderbediende gebied.

(4) Die subsidie vir projektoelaes moet uit die Universele Diens-en-Toegangsfonds betaal word.

(5) Die Agentskap moet toesig hou oor die uitvoering van projekte wat ingevolge subartikel (1) toegeken is.

**Rekeninge van Universele Diens-en-Toegangsfonds**

**91.** (1) Die Agentskap moet—

*(a)* volledige rekords laat hou van die transaksies van die Universele Diens-en-Toegangsfonds;

*(b)* so gou moontlik, maar nie later nie as drie maande na 31 Maart elke jaar, die boeke en rekeninge met betrekking tot sodanige transaksies laat balanseer soos op daardie datum, en daarna 'n staat opstel wat in alle nodige besonderhede—

(i) the income and expenditure of the Fund during the preceding financial year; and

(ii) a balance sheet showing the assets and liabilities of the Fund as at the end of that year.

(2) The accounts and balance sheet of the Fund must be audited by the Auditor-General.

(3) As soon as possible after the accounts and balance sheet for any year have been audited, the Agency must submit a copy of the accounts and balance sheet to the Minister.

(4) The Minister must table a copy of the audited accounts and balance sheet in Parliament—

*(a)* within 30 days after they have been received by him or her if Parliament is then in ordinary session or, if Parliament is not then in ordinary session, within 30 days after the commencement of its next ordinary session; or

*(b)* if so determined by the Minister, together with the annual report of the Agency in regard to the period concerned.

(5) For the purposes of this section, ''financial year'' means the period extending from 1 April in any year to 31 March in the next succeeding year.

## CHAPTER 15

## TRANSITIONAL PROVISIONS

### Existing licences

**92.** (1) All licences granted, issued or considered to have been granted or issued in terms of the Telecommunications Act, the Broadcasting Act or the IBA Act, (in this chapter collectively referred to as ''existing licences'') remain valid under this Act until converted by the Authority in terms of this Chapter.

(2) Any person who, immediately before the commencement of this Act, lawfully provided any service or used the radio frequency spectrum in terms of the Telecommunications Act, the Broadcasting Act or the IBA Act without a licence, is considered to have a licence exemption in terms of section 6 to continue to provide such service or use the radio frequency spectrum, unless notified in writing by the Authority that such service or the use of the radio frequency spectrum requires a licence in terms of this Act.

(3) Where sections of the related legislation and the IBA Act did not apply to broadcasting services pending a recommendation by the Authority, the equivalent sections in this Act will not apply to such services until the recommendation has been adopted in the National Assembly.

(4) Where the Authority notifies a person that a license is required in terms of subsection (2), the notification must provide the terms and schedule in terms of which a licence will be issued.

(5) Any person, who immediately before the commencement of this Act, lawfully provided any service or used the radio frequency spectrum in terms of the Telecommunications Act, Broadcasting Act or IBA Act without a licence is considered to have permission to continue to provide such a service on the same conditions and terms, or use the frequency spectrum on the same conditions and terms without a licence until such time as the Authority has granted or refused a licence application.

(6) Existing licences referred to in subsection (1) must be converted by the Authority in terms of this Chapter within 24 months from the commencement date of this Act or such extension period, which must not exceed an additional 6 months, from the expiry of the 24 month period.

(7) Any current applications, process, recommendations and regulations pending before the Authority or the Minister upon the coming into force of this Act must be considered to have been submitted in accordance with the provisions of this Act and must be considered in terms of the relevant sections of this Act.

### Licence conversion

**93.** (1) Subject to subsection (4), the Authority must convert existing licences by granting one or more new licences that comply with this Act on no less favourable terms.

(i) die inkomste en uitgawes van die Fonds gedurende die voorafgaande finansiële jaar toon; en

(ii) 'n balansstaat toon wat die bates en laste van die Fonds toon soos aan die einde van daardie jaar.

(2) Die rekeninge en balansstaat van die Fonds moet deur die Ouditeur-generaal geouditeer word.

(3) So gou moontlik nadat die rekeninge en balansstaat vir 'n jaar geouditeer is, moet die Agentskap 'n afskrif van die rekeninge en balansstaat aan die Minister voorlê.

(4) Die Minister moet 'n afskrif van die geouditeerde rekeninge en balansstaat in die Parlement ter tafel lê—

*(a)* binne 30 dae nadat hy of sy dit ontvang het, indien die Parlement dan in gewone sessie is of, indien die Parlement nie dan in gewone sessie is nie, binne 30 dae na die begin van sy volgende gewone sessie; of

*(b)* indien aldus deur die Minister bepaal, saam met die jaarverslag van die Agentskap met betrekking tot die betrokke tydperk.

(5) By die toepassing van hierdie artikel beteken ''finansiële jaar'' die tydperk wat strek van 1 April in enige jaar tot 31 Maart in die daaropvolgende jaar.

## HOOFSTUK 15

## OORGANGSBEPALINGS

**Bestaande lisensies**

**92.** (1) Alle lisensies wat ingevolge die Telekommunikasiewet, die Uitsaaiwet of die OUO-wet toegestaan of uitgereik is of geag word toegestaan of uitgereik te wees (hierna in hierdie hoofstuk gesamentlik ''bestaande lisensies'' genoem), bly geldig kragtens hierdie Wet totdat hulle ingevolge hierdie Hoofstuk deur die Owerheid omskep is.

(2) Enige persoon wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet wettig enige diens verskaf het of die radiofrekwensiespektrum gebruik het ingevolge die Telekommunikasiewet, die Uitsaaiwet of die OUO-wet sonder 'n lisensie, word geag 'n lisensievrystelling ingevolge artikel 6 te hê om voort te gaan om sodanige diens te verskaf of die radiofrekwensiespektrum te gebruik, tensy hy of sy skriftelik deur die Owerheid in kennis gestel is dat sodanige diens of die gebruik van die radiofrekwensiespektrum 'n lisensie ingevolge hierdie Wet vereis.

(3) Waar artikels van die verwante wetgewing en die OUO-wet nie op uitsaaidienste van toepassing was nie hangende 'n aanbeveling deur die Owerheid, sal die ekwivalente artikels van hierdie Wet nie op sodanige dienste van toepassing wees nie totdat die aanbeveling deur die Nasionale Vergadering aangeneem is.

(4) Waar die Owerheid 'n persoon in kennis stel dat 'n lisensie ingevolge subartikel (2) vereis word, moet die kennisgewing die bedinge en skedule bevat ingevolge waarvan 'n lisensie uitgereik sal word.

(5) Enige persoon wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet wettig enige diens verskaf het of die radiofrekwensiespektrum gebruik het ingevolge die Telekommunikasiewet, die Uitsaaiwet of die OUO-wet sonder 'n lisensie, word geag toestemming te hê om voort te gaan om sodanige diens te verskaf op dieselfde voorwaardes en bedinge of die radiofrekwensiespektrum op dieselfde voorwaardes en bedinge te gebruik sonder 'n lisensie tot tyd en wyl die Owerheid 'n lisensieaansoek toegestaan of geweier het.

(6) Bestaande lisensies in subartikel (1) bedoel, moet ingevolge hierdie Hoofstuk deur die Owerheid omskep word binne 24 maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet of die verlengde tydperk van hoogstens 'n bykomende ses maande na die verstryking van die tydperk van 24 maande.

(7) Enige huidige aansoeke, proses, aanbevelings en regulasies hangende voor die Owerheid of die Minister by die inwerkingtreding van hierdie Wet moet geag word ingedien te gewees het ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet en moet ingevolge die toepaslike bepalings van hierdie Wet oorweeg word.

**Omskepping van lisensies**

**93.** (1) Behoudens subartikel (4) moet die Owerheid bestaande lisensies omskep deur een of meer nuwe lisensies toe te staan wat aan hierdie Wet voldoen op bedinge wat nie minder gunstig is nie.

(2) Despite sections 5(10) and 19(1), all licenses converted in accordance with this Chapter retain their original term of validity unless otherwise specified by the Authority.

(3) Within 30 days of the commencement of this Act, the Authority must, by notice in the *Gazette*, publish a schedule, subject to section 92(4), in terms of which the Authority plans to undertake the existing licence conversion process. The notice must—

*(a)* identify the holders of existing licences and the nature of the existing licence and those services that are exempted as provided for in section 6;

*(b)* subject to section 92(4), set out a time frame for such conversion, including but not limited to the expected time frame for granting new licences under this Act;

*(c)* set out the form and content, including the information that must be provided to the Authority by the holders of existing licences to assist the Authority in the conversion process;

*(d)* set out the process the Authority plans to undertake in converting such existing licences; and

*(e)* confirm the rights of the applicants to participate in such process.

(4) The following framework must be used by the Authority for converting existing licences and issuing new licences:

*(a)* Where an existing licence authorises the holder of such licence to both provide services and operate electronic communications facilities or networks, the Authority must issue to that licence holder—

(i) a licence relating to the electronic communications services or broadcasting services, if applicable, that coincide with the services authorised in the existing licence;

(ii) a separate licence relating to any radio frequency spectrum authorised in the existing licence; and

(iii) a separate licence relating to the electronic communications network services,

consistent with the licence types set out in Chapter 3.

*(b)* As part of the conversion process, the Authority may grant rights and impose obligations on the licensee, in order to ensure that the existing licenses comply with this Act, including the continuation of any obligations imposed upon existing licensees by virtue of a previous determination. Such obligations remain in force until such time as the Authority completes a review in terms of section 67(8).

(5) Upon conversion of any existing licence through the process of granting a new licence or exemption of any service in terms of section 6—

*(a)* such new licence or exempted service, as applicable, is governed by the provisions of this Act; and

*(b)* the existing licence is considered to have been surrendered and has no further force or effect.

(6) All holders of existing licences must comply with the terms of the notice for converting their licences published by the Authority in terms of subsection (3), including—

*(a)* supplying the Authority with any information requested; and

*(b)* participating in any process set out by the Authority for converting the applicable licences to meet the deadline for converting existing licences set out in section 92(6).

(7) The Authority may not grant or include in any licence converted in terms of this Chapter any monopoly or exclusionary rights in any network or service contemplated by this Act or the related legislation.

(8) Any monopoly or exclusive rights existing by virtue of the related legislation, the IBA Act, the Sentech Act or theTelecommunications Act is null and void, but radio frequency spectrum that is assigned by the Authority to a licence holder is not considered a monopoly or exclusionary rights under this subsection.

(9) No existing licensee may have any claim against the Authority or any other person asserting such monopoly or exclusionary rights.

(10) During the transition period, existing licences are considered to be—

*(a)* individual licences for the provision of electronic communications network services, broadcasting services, or electronic communications services, as applicable; and

(2) Ondanks artikels 5(10) en 19(1) behou alle lisensies wat ooreenkomstig hierdie Hoofstuk omskep is, hulle oorspronklike termyn van geldigheid tensy anders bepaal deur die Owerheid.

(3) Binne 30 dae na die inwerkingtreding van hierdie Wet moet die Owerheid by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n skedule publiseer, behoudens artikel 92(4), ingevolge waarvan die Owerheid beplan om die proses van omskepping van bestaande lisensies te onderneem. Die kennisgewing moet—

*(a)* die houers van bestaande lisensies en die aard van die bestaande lisensie en die dienste wat vrygestel is soos in artikel 6 beoog, identifiseer;
*(b)* behoudens artikel 92(4) 'n tydraamwerk vir sodanige omskepping uiteensit, insluitend maar nie beperk nie tot die verwagte tydraamwerk vir die toestaan van nuwe lisensies kragtens hierdie Wet;
*(c)* die vorm en inhoud uiteensit, insluitend die inligting wat aan die Owerheid verskaf moet word deur die houers van bestaande lisensies om die Owerheid by te staan met die proses van omskepping;
*(d)* die proses uiteensit wat die Owerheid beoog om te onderneem om sodanige bestaande lisensies te omskep; en
*(e)* die regte bevestig van die aansoekers om aan sodanige proses deel te neem.

(4) Die volgende raamwerk moet deur die Owerheid gebruik word om bestaande lisensies te omskep en nuwe lisensies uit te reik:

*(a)* Waar 'n bestaande lisensie die houer van daardie lisensie magtig om dienste te verskaf asook elektroniese kommunikasiefasiliteite of -netwerke te bedryf, moet die Owerheid aan daardie lisensiehouer uitreik—
  (i) 'n lisensie betreffende die elektroniese kommunikasiedienste of uitsaaidienste, indien van toepassing, wat ooreenstem met die dienste wat in die bestaande lisensie gemagtig word;
  (ii) 'n afsonderlike lisensie betreffende enige radiofrekwensiespektrum wat in die bestaande lisensie gemagtig word; en
  (iii) 'n afsonderlike lisensie betreffende die elektroniese kommunikasie-netwerkdienste,

  bestaanbaar met die lisensietipes in Hoofstuk 3 uiteengesit.
*(b)* As deel van die omskeppingsproses kan die Owerheid regte verleen en verpligtinge aan die lisensiehouers oplê om te verseker dat die bestaande lisensies aan hierdie Wet voldoen, insluitend die voortsetting van enige verpligtinge wat kragtens 'n vorige bepaling op bestaande lisensiehouers gelê is. Sulke verpligtinge bly van krag tot tyd en wyl die Owerheid 'n hersiening ingevolge artikel 67(8) voltooi.

(5) By omskepping van 'n bestaande lisensie deur die proses van die toestaan van 'n nuwe lisensie of die vrystelling van 'n diens ingevolge artikel 6—

*(a)* word sodanige nuwe lisensie of vrygestelde diens, na gelang van die geval, deur die bepalings van hierdie Wet beheer; en
*(b)* word die bestaande lisensie geag terugbesorg te wees en het dit geen verdere uitwerking nie.

(6) Alle houers van bestaande lisensies moet voldoen aan die bedinge van die kennisgewing vir die omskepping van hulle lisensies wat die Owerheid ingevolge subartikel (3) gepubliseer het, insluitend—

*(a)* die verskaffing van enige verlangde inligting aan die Owerheid; en
*(b)* deelname aan enige proses deur die Owerheid uiteengesit vir die omskepping van die toepaslike lisensies om die sperdatum te haal vir die omskepping van bestaande lisensies wat in artikel 92(6) uiteengesit is.

(7) Die Owerheid mag nie 'n monopolie of eksklusiewe regte in enige netwerk of diens wat by hierdie Wet of die verwante wetgewing beoog word, toestaan of insluit by enige lisensie wat ingevolge hierdie Hoofstuk omskep word nie.

(8) Enige monopolie of eksklusiewe regte wat ingevolge die verwante wetgewing, die OUO-wet, die Sentech-wet of die Telekommunikasiewet bestaan, is ongeldig, maar die radiofrekwensiespektrum wat deur die Owerheid aan 'n lisensiehouer toegeken is, word nie kragtens hierdie subartikel as 'n monopolie of eksklusiewe regte beskou nie.

(9) Geen bestaande lisensiehouer kan enige eis hê teen die Owerheid of enige ander persoon wat sodanige monopolie of eksklusiewe regte uitoefen nie.

(10) Gedurende die oorgangstydperk word bestaande lisensies geag—

*(a)* individuele lisensies te wees vir die verskaffing van elektroniese kommunikasienetwerkdienste, uitsaaidienste of elektroniese kommunikasie-dienste, soos van toepassing; en

*(b)* for the use of the radio frequency spectrum granted by the Authority in terms of this Act.

(11) Despite section 8, existing licences remain subject to all terms and conditions associated with such licences that are not inconsistent with this Act until such licences are converted and re-issued in terms of this Chapter.

**Conflicts**

**94.** In the event of any conflict between the provisions of this Act, the related legislation or any other law relating to the regulation of broadcasting or electronic communications, the provisions of this Act prevail.

**Existing regulations**

**95.** (1) Within twenty-four months of the coming into force of this Act, the Authority may, if the Authority considers it necessary, repeal or amend the regulations made under—

*(a)* section 119A of the Post Office Act, 1958 (Act No. 44 of 1958);
*(b)* the Telecommunications Act;
*(c)* the Broadcasting Act;
*(d)* the IBA Act;
*(e)* the Radio Act, 1952 (Act No. 3 of 1952); and
*(f)* the Sentech Act,

which were in force immediately prior to the commencement of this Act.

(2) The regulations referred to in subsection (1) remain in force until they are amended or repealed in terms of this Act.

**Application of Act**

**96.** This Act binds the State.

**Repeal and amendment of laws**

**97.** The laws referred to in the first column of the Schedule are repealed or amended to the extent indicated in the third column.

**Short title and commencement**

**98.** This Act is called the Electronic Communications Act, 2005, and comes into operation on a date determined by the President by proclamation in the *Gazette*.

*(b)* vir die gebruik te wees van die radiofrekwensiespektrum wat ingevolge hierdie Wet deur die Owerheid verleen is.

(11) Ondanks artikel 8 bly bestaande lisensies onderhewig aan alle bedinge en voorwaardes gepaard met sodanige lisensies wat nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie totdat sodanige lisensies ingevolge hierdie Hoofstuk omskep en heruitgereik is.

**Botsings**

**94.** In die geval van 'n botsing tussen die bepalings van hierdie Wet, die verwante wetgewing of enige ander wet met betrekking tot die regulering van uitsaai of elektroniese kommunikasie geld die bepalings van hierdie Wet.

**Bestaande regulasies**

**95.** (1) Binne vier en twintig maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet kan die Owerheid, indien die Owerheid dit nodig ag, die regulasies uitgevaardig kragtens—

*(a)* artikel 119A van die Poskantoorwet, 1958 (Wet No. 44 van 1958);
*(b)* die Telekommunikasiewet;
*(c)* die Uitsaaiwet;
*(d)* die OUO-wet;
*(e)* die Radiowet, 1952 (Wet No. 3 van 1952); en
*(f)* die Sentech-wet,

wat van krag was onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, herroep of wysig.

(2) Die regulasies in subartikel (1) bedoel, bly van krag totdat hulle ingevolge hierdie Wet gewysig of herroep word.

**Toepassing van Wet**

**96.** Hierdie Wet bind die Staat.

**Herroeping en wysiging van wette**

**97.** Die wette vermeld in die eerste kolom van die Bylae word herroep of gewysig in die mate in die derde kolom aangedui.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**98.** Hierdie Wet heet die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005, en tree in werking op 'n datum wat die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

## SCHEDULE

| No. and year of Act | Short Title | Extent of repeal or amendment |
|---|---|---|
| Act No. 153 of 1993 | Independent Broadcasting Authority Act, 1993 | The whole |
| Act No. 103 of 1996 | Telecommunications Act, 1996 | The whole |
| Act No. 4 of 1999 | Broadcasting Act, 1999 | 1. Repeal of sections 4, 29, 30, 31, 32, 33, 34, 35, 36, 37, 39 and 40(1)*(a)*, *(b)* and (2).<br>2. Amendment of section 1—<br>*a)* by the substitution for the words ‘‘IBA Act’’ and ‘‘telecommunications’’, wherever they occur of the words ‘‘Electronic Communications Act’’ and ‘‘electronic communications’’ respectively;<br>*b)* by the substitution for the word ‘‘radio’’ in the definition of ‘‘broadcasting’’ of the words: ‘‘radio frequency spectrum’’;<br>*c)* by the substitution for the words ‘‘means of telecommunication’’ for the word ‘‘ electronic communications network’’;<br>*d)* by the substitution for the definition of ‘‘broadcasting service’’ of the following definition: ‘‘**broadcasting service**’’ means ‘‘broadcasting service’’ as defined in the Electronic Communications Act;<br>*e)* by the substitution for the word ‘‘a telecommunication process’’ in the definition of ‘‘broadcasting signal distribution’’ of the word ‘‘electronic communications’’;<br>*f)* by the deletion of the following definitions: ‘‘broadcasting signal distribution licensee’’; ‘‘IBA Act’’; ‘‘telecommunications’’;<br>*g)* by the insertion of the following definitions:<br>‘‘**Electronic Communications Act**’’ means the Electronic Communications Act, 2005;<br>‘‘**electronic communications**’’ means ‘‘**electronic communications**’’ as defined in the Electronic Communications Act;<br>‘‘**electronic communications service**’’ means electronic communications service as defined in the Electronic Communications Act;<br>‘‘**electronic communications service licensee**’’ means electronic communications licensee as defined in the Electronic Communications Act; |

## BYLAE

| **No. en jaar van Wet** | **Kort titel** | **Mate van herroeping of wysiging** |
|---|---|---|
| Wet No. 153 van 1993 | Wet op die Onafhanklike Uitsaai-owerheid, 1993 | Die geheel |
| Wet No. 103 van 1996 | Telekommunikasiewet, 1996 | Die geheel |
| Wet No. 4 van 1999 | Uitsaaiwet, 1999 | 1. Herroeping van artikels 4, 29, 30, 31, 32, 33, 34, 35, 36, 37, 39 en 40(1)*(a)*, *(b)* en (2).<br>2. Die wysiging van artikel 1—<br>*a)* deur die woorde ‘‘OUO-wet’’ en ‘‘telekommunikasie’’, waar hulle ook al voorkom, deur onderskeidelik die woorde ‘‘Wet op Elektroniese Kommunikasie’’ en ‘‘elektroniese kommunikasie’’ te vervang;<br>*b)* deur die woord ‘‘radiogolwe’’ in die omskrywing van ‘‘uitsaai’’ deur die woord ‘‘radiofrekwensiespektrumgolwe’’ te vervang;<br>*c)* deur die woorde ‘‘vorm van telekommunikasie’’ deur die woorde ‘‘elektroniese kommunikasienetwerk’’ te vervang;<br>*d)* deur die omskrywing van ‘‘uitsaaidiens’’ deur die volgende omskrywing te vervang:<br>‘‘ ‘**uitsaaidiens**’ uitsaaidiens soos omskryf in die Wet op Elektroniese Kommunikasie;’’;<br>*e)* deur in die omskrywing van ‘‘uitsaaiseinverspreiding’’ die woorde ‘‘ ’n telekommunikasie-proses’’ deur die woorde ‘‘elektroniese kommunikasie’’ te vervang;<br>*f)* deur die volgende omskrywings te skrap: ‘‘uitsaaiseinverspreidings-lisensiehouer’’; ‘‘OUO-wet’’ en ‘‘telekommunikasie’’;<br>*g)* deur die volgende omkrywings in te voeg:<br>‘‘ ‘**Wet op Elektroniese Kommunikasie**’ die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005;’’;<br>‘‘ ‘**elektroniese kommunikasie**’ elektroniese kommunikasie soos omskryf in die Wet op Elektroniese Kommunikasie;’’;<br>‘‘ ‘**elektroniese kommunikasie-diens**’ elektroniese kommunikasiediens soos omskryf in die Wet op Elektroniese Kommunikasie;’’; en<br>‘‘ ‘**elektroniese kommunikasie-dienslisensiehouer**’ elektroniese kommunikasiedienslisensiehouer soos omskryf in die Wet op Elektroniese Kommunikasie;’’; |

| No. and year of Act | Short Title | Extent of repeal or amendment |
|---|---|---|
| | | *(h)* by the substitution for the definition of ''broadcasting signal distribution licence'' of the following definition:<br>''**broadcasting signal distribution licence**'' means a electronic communications service licence where the holder of the electronic communications service licence provides a broadcasting signal distribution service;'';<br>*(i)* by the substitution for the definition of ''radio'' of the following definition:<br>''**radio**'' means radio as defined in the Electronic Communications Act.<br>3. Amendment of section 3 by the substitution in subsection (5)*(f)* for the word ''IBA Act'' of the word ''Electronic Communications Act''.<br>4. Amendment of section 5 by the substitution in subsection (3) for the words ''IBA Act'' of the words ''Electronic Communications Act''.<br>5. Amendment of section 21—<br>*(a)* by the substitution in subsection (1) for the words ''IBA Act or the Telecommunications Act, 1996 (Act No. 103 of 1996)'' of the words ''Electronic Communications Act'';<br>*(b)* by the substitution in subsection (2) for the words ''IBA Act'' of the word ''Electronic Communications Act''.<br>6. Amendment of section 22 by the substitution for the words ''IBA Act'' of the words ''Electronic Communications Act''.<br>7. Substitution for section 42 of the following section:<br><br>''**Application of Act**<br><br>**42.** (1) The Electronic Communications Act applies in relation to this Act, the ICASA Act, the Sentech Act and any other legislation applicable to broadcasting or electronic communications.<br>(2) In the event of a conflict between the provisions of this Act and any other law relating to broadcasting or electronic communications, the provisions of the Electronic Communications Act prevail.''.<br>8. Amendment of the long title by the deletion of the words ''to establish the frequency spectrum directorate in the department''. |

| No. en jaar van Wet | Kort titel | Mate van herroeping of wysiging |
|---|---|---|
| | | *h)* deur die omskrywing van ''uitsaaiseinverspreidingslisensie'' deur die volgende omskrywing te vervang:<br>'' '**uitsaaiseinverspreidingslisensie**' 'n elektroniese kommunikasie-dienslisensie waar die houer van die elektroniese kommunikasie-dienslisensie 'n uitsaaisein-verspreidingsdiens verskaf;'';<br>*i)* deur die omskrywing van ''radio'' deur die volgende omskrywing te vervang:<br>'' '**radio**' radio soos omskryf in die Wet op Elektroniese Kommunikasie;''.<br>3. Die wysiging van artikel 3 deur in subartikel (5)*(f)* die woord ''OUO-wet'' deur die woorde ''Wet op Elektroniese Kommunikasie'' te vervang.<br>4. Die wysiging van artikel 5 deur in subartikel (3) die woord ''OUO-wet'' deur die woorde ''Wet op Elektroniese Kommunikasie'' te vervang.<br>5. Die wysiging van artikel 21—<br>*a)* deur in subartikel (1) die woorde ''OUO-Wet of die Telekommunikasiewet, 1996 (Wet No. 103 van 1996)'' deur die woorde ''Wet op Elektroniese Kommunikasie'' te vervang;<br>*b)* deur in subartikel (2) die woorde ''OUO-Wet'' deur die woorde ''Wet op Elektroniese Kommunikasie'' te vervang.<br>6. Die wysiging van artikel 22 deur die woord ''OUO-wet'' deur die woorde ''Wet op Elektroniese Kommunikasie'' te vervang.<br>7. Die vervanging van artikel 42 deur die volgende artikel:<br>''**Toepassing van Wet**<br>**42.** (1) Die Wet op Elektroniese Kommunikasie is van toepassing met betrekking tot hierdie Wet, die OKOSA-wet, die Wet op Sentech en enige ander wetgewing van toepassing op uitsaai of elektroniese kommunikasie.<br>(2) In die geval van 'n botsing tussen die bepalings van hierdie Wet en enige ander wet wat met uitsaai of elektroniese kommunikasie verband hou, geld die bepalings van die Wet op Elektroniese Kommunikasie.''.<br>8. Die wysiging van die lang titel deur die woorde ''die Frekwensiespektrum-direktoraat binne die Departement in te stel'' te skrap. |

| No. and year of Act | Short Title | Extent of repeal or amendment |
|---|---|---|
| Act 63 of 1996 | Sentech Act, 1996 | 1. Amendment of section 1—<br>*(a)* by the substitution for the definition of ''broadcasting licensee'' of the following definition:<br>''**broadcasting service licensee**'' means broadcasting service licensee as defined in section 1 of the Electronic Communications Act;<br>*(b)* by the substitution for definition of ''broadcasting signal distribution'' of the following definition:<br>''**broadcasting signal distribution**'' means the process whereby the output signal of a broadcasting service is taken from the point of origin, being the point where such signal is made available in its final content format, from where it is conveyed, to any broadcast target area, by means of an electronic communications process and multi-channel distribution;<br>*(c)* by the insertion of the following definitions:<br>(i) ''**Broadcasting Act**'' means the Broadcasting Act, 1999 (Act No. 4 of 1999);<br>(ii) ''**Electronic Communications Act**'' means the Electronic Communications Act, 2005;<br>(iii) ''**ICASA Act**'' means the Independent Communications Authority of South Africa Act, 2000 (Act No. 13 of 2000);<br>(iv) ''**related legislation**'' means the Broadcasting Act, Electronic Communications Act and the ICASA Act;<br>*(d)* by the deletion of the definition of ''**Independent Broadcasting Authority Act**'';<br>2. Substitution for section 5 of the following section:<br>''**Main object and business of Company**<br>**5.** The main object and business of the Company shall be to provide electronic communications services and electronic communications network services in accordance with the Electronic Communications Act.<br>3. Insertion of the following section after section 8:<br>''**Application of Electronic Communications Act**<br>**8A.** (1) The Electronic Communications Act shall apply in relation to this Act, the Broadcasting Act and the ICASA Act and any other legislation applicable to broadcasting or electronic communications. |

| **No. en jaar van Wet** | **Kort titel** | **Mate van herroeping of wysiging** |
|---|---|---|
| Wet No. 63 van 1996 | Wet op Sentech, 1996 | 1. Die wysiging van artikel 1—<br>*(a)* deur die omskrywing van ''uitsaailisensiehouer'' deur die volgende omskrywing te vervang:<br>'' '**uitsaaidienslisensiehouer**' uitsaaidienslisensiehouer soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie;'';<br>*(b)* deur die omskrywing van ''uitsaaiseindistribusie'' deur die volgende omskrywing te vervang:<br>'' '**uitsaaiseinverspreiding**' die proses waardeur die uitgangsein van 'n uitsaaidiens geneem word van die punt van oorsprong, synde die punt waar sodanige sein in sy finale inhoudformaat beskikbaar gestel word, vanwaar dit na enige uitsaaiteikengebied gedra word deur middel van 'n elektroniese kommunikasieproses en veelkanaalverspreiding;'';<br>*(c)* deur die volgende omskrywings in te voeg:<br>(i) '' '**Uitsaaiwet**' die Uitsaaiwet, 1999 (Wet No. 4 van 1999);'';<br>(ii) '' '**Wet op Elektroniese Kommunikasie**' die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005;'';<br>(iii) '' '**OKOSA-wet**' die Wet op die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika, 2000 (Wet No. 13 van 2000);'';<br>(iv) '' '**verwante wetgewing**' die Uitsaaiwet, die Wet op Elektroniese Kommunikasie en die OKOSA-wet;'';<br>*(d)* deur die omskrywing van ''Onafhanklike Uitsaai-owerheid'' te skrap.<br>2. Die vervanging van artikel 5 deur die volgende artikel:<br>''**Hoofdoel en besigheid van Maatskappy**<br>**5.** Die hoofdoel en hoofbesigheid van die Maatskappy is om elektroniese kommunikasiedienste en elektroniese kommunikasie-netwerkdienste ooreenkomstig die Wet op Elektroniese Kommunikasie te lewer.''.<br>3. Die invoeging van die volgende artikel na artikel 8:<br>''**Toepassing van Wet op Elektroniese Kommunikasie**<br>**8A.** (1) Die Wet op Elektroniese Kommunikasie is van toepassing met betrekking tot hierdie Wet, die Uitsaaiwet en die OKOSA-wet en enige ander wetgewing van toepassing op uitsaai of elektroniese kommunikasie. |

| No. and year of Act | Short Title | Extent of repeal or amendment |
|---|---|---|
| | | (2) In the event of any conflict between the provisions of the Electronic Communications Act or any other law relating to the regulation of broadcasting or electronic communications the provisions of the Electronic Communications Act shall prevail.<br>4. The repeal of section 9. |
| Act 70 of 2002 | Regulation of Interception of Communications and Provision of Communication-related Information Act, 2002 | 1. Amendment of section 1—<br>*(a)* by the substitution for the words ''Telecommunications Act'' wherever they occur of the words ''Electronic Communications Act''.<br>*(b)* by the substitution for the definition of ''internet service provider'' of the following definition:<br>''internet service provider'' means any person who provides access to, or any other service related to, the Internet to another person, whether or not such access or service is provided under and in accordance with an **[telecommunication]** electronic communication service licence issued to the first-mentioned person under **[Chapter V of the Telecommunications Act]** Chapter 3 of the Electronic Communications Act;<br>*(c)* by the substitution for the definition of ''telecommunication service'' of the following definition:<br>''**electronic communications service**'' means electronic communications service as defined in the Electronic Communications Act;<br>*(d)* by the substitution for the definition of ''telecommunication service provider'' of the following definition:<br>''**electronic communication service provider**'' means any—<br>*(a)* person who provides an electronic communication service under and in accordance with a electronic communication service licence issued to such person under Chapter 3 of the Electronic Communications Act, and includes any person who provides— |

| **No. en jaar van Wet** | **Kort titel** | **Mate van herroeping of wysiging** |
|---|---|---|
| | | (2) In die geval van ’n botsing tussen die bepalings van die Wet op Elektroniese Kommunikasie en enige ander reg wat met die regulering van uitsaai of elektroniese kommunikasie verband hou, geld die bepalings van die Wet op Elektroniese Kommunikasie.’’.<br>4. Die herroeping van artikel 9. |
| Wet 70 van 2002 | Wet op die Reëling van Onderskepping van Kommunikasies en Verstrekking van Kommunikasie-verwante Inligting, 2002 | 1. Die wysiging van artikel 1—<br>*(a)* deur die woorde ‘‘Wet op Telekommunikasie’’ waar dit ook al voorkom, deur die woorde ‘‘Wet op Elektroniese Kommunikasie’’ te vervang;<br>*(b)* deur die omskrywing van ‘‘Internetdiensverskaffer’’ deur die volgende omskrywing te vervang:<br>‘‘ ‘**Internetdiensverskaffer**’ enigiemand wat toegang verskaf tot, of enige ander diens verskaf met betrekking tot, die Internet, aan iemand anders, hetsy sodanige toegang of diens verskaf word kragtens en ooreenkomstig ’n **[telekommunikasiedienslisensie]** <u>elektroniese kommunikasiedienslisensie</u> aan eersgenoemde persoon uitgereik kragtens **[Hoofstuk V van die Wet op Telekommunikasie]** <u>Hoofstuk 3 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie</u> of nie;’’;<br>*(c)* deur die omskrywing van ‘‘telekommunikasiediens’’ deur die volgende omskrywing te vervang:<br>‘‘ ‘**elektroniese kommunikasiediens**’ elektroniese kommunikasiediens soos omskryf in die Wet op Elektroniese Kommunikasie;’’;<br>*(d)* deur die omskrywing van ‘‘telekommunikasiediensverskaffer’’ deur die volgende omskrywing te vervang:<br>‘‘ ‘**elektroniese kommunikasiediensverskaffer**’ enige—<br>*(a)* persoon wat ’n elektroniese kommunikasiediens verskaf kragtens en ooreenkomstig ’n elektroniese kommunikasiedienslisensie aan so iemand uitgereik kragtens Hoofstuk 3 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie, en ook enigiemand wat— |

| No. and year of Act | Short Title | Extent of repeal or amendment |
|---|---|---|
| | | (i) a local access communication service, public pay-telephone service, value-added network service or private electronic communication network as defined in the Electronic Communications Act; or<br>(ii) any other electronic communication service licensed or deemed to be licensed or exempted from being licensed as such in terms of the Electronic Communications Act; and<br>*(b)* Internet service provider;<br>*(e)* by the substitution for the definition of ''telecommunications system'' of the following definition:<br>**''electronic communication system**'' means any system or series of electronic communication facilities or radio, optical or other electromagnetic apparatus or any similar technical system used for the purpose of electronic communication, whether or not such electronic communication is subject to re-arrangement, composition or other processes by any means in the course of their transmission or emission or reception;<br>*(f)* by the insertion of the following definition after the definition of ''Directorate'':<br>''**Electronic Communications Act**'' means the Electronic Communications Act, 2005.<br>2. Section 11 is amended by the substitution for that section of the following section:<br>**Monitoring of signal and radio frequency spectrum for purposes of managing radio frequency spectrum.**—Any person appointed as an inspector in terms of section **[98]** 17F of the **[Telecommunications]** Independent Communications Authority of South Africa Act and who is lawfully engaged in performing the functions of the Authority relating to the management of the radio frequency spectrum, as contemplated in section **[28(1)]** 30(1) of the Electronic Communications Act **[of that Act]**, may, in the ordinary course of the performance of those functions, monitor a signal or radio frequency spectrum relating to an indirect communication which is transmitted over radio, where it is reasonably necessary for that employee to monitor that signal or radio frequency spectrum for purposes of identifying, isolating or preventing an unauthorised or interfering use of such a signal or frequency or of a transmission. |

| **No. en jaar van Wet** | **Kort titel** | **Mate van herroeping of wysiging** |
|---|---|---|
| | | (i) ’n plaaslike toegang-kommunikasiediens, openbare betaaltelefoondiens, toegevoegde waarde-netwerkdiens of private elektroniese kommunikasie-netwerk soos in die Wet op Elektroniese Kommunikasie omskryf, verskaf; of<br>(ii) enige ander elektroniese kommunikasiediens verskaf wat ingevolge die Wet op Elektroniese Kommunikasie gelisensieer is of geag word gelisensieer te wees of vrygestel is om as sodanig gelisensieer te wees; en<br>*(b)* Internetdiensverskaffer;’’;<br>*(e)* deur die omskrywing van ‘‘telekommunikasiestelsel’’ deur die volgende omskrywing te vervang:<br>‘‘ ‘**elektroniese kommunikasiestelsel**’ enige stelsel of reeks elektroniese kommunikasiefasiliteite of radio-, optiese of ander elektromagnetiese apparaat of enige soortgelyke tegniese stelsel wat vir die doel van elektroniese kommunikasie gebruik word, hetsy sodanige elektroniese kommunikasie op enige wyse in die loop van die oorsending of uitsending of ontvangs daarvan aan herrangskikking, samestelling of ander prosesse onderworpe is al dan nie;’’;<br>*(f)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ‘‘Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad’’ in te voeg:<br>‘‘ ‘**Wet op Elektroniese Kommunikasie**’ die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005;’’.<br>2. Die wysiging van artikel 11 deur dit deur die volgende artikel te vervang:<br>‘‘**Meeluistering na sein en radiofrekwensiespektrum vir doeleindes van bestuur van radiofrekwensiespektrum.**— |

| **No. and year of Act** | **Short Title** | **Extent of repeal or amendment** |
|---|---|---|
| | | 3. Sections 30 and 32 are amended by the substitution for the words ''Telecommunications Act'' of the words ''Electronic Communications Act''<br>4. Section 56 is amended by the substitution for that section of the following section:<br>**Revoking of licence to provide electronic communication service.-** The Cabinet member responsible for communications, after consultation with the Authority, may, in the case of a second or subsequent conviction of an **[telecommunication]** electronic communication service provider of an offence referred to in section 51(3)*(a)*(ii) and notwithstanding the imposition of any penalty prescribed by section 51(3)*(b)*, revoke the licence issued to the **[telecommunication]** electronic communication service provider concerned under **[Chapter V of the Telecommunications Act]** Chapter 3 of the Electronic Communications Act, to provide an **[telecommunication]** electronic communications service. |

| No. en jaar van Wet | Kort titel | Mate van herroeping of wysiging |
|---|---|---|
| | | Enigiemand wat as 'n inspekteur aangestel is ingevolge artikel **[98]** 17F van die Wet op **[Telekommunikasie]** die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika en wat wettig besig is met verrigting van die werksaamhede van die Owerheid met betrekking tot die bestuur van die radiofrekwensiespektrum soos beoog in artikel **[28 (1)]** 30(1) van die Wet op Elektroniese Kommunikasie **[daardie Wet]**, kan, in die gewone loop van die verrigting van daardie werksaamhede, na 'n sein of radiofrekwensiespektrum met betrekking tot 'n onregstreekse kommunikasie wat oor radio versend word, meeluister waar dit redelikerwys nodig is vir daardie werknemer om na daardie sein of radiofrekwensiespektrum mee te luister vir die doeleindes van die identifisering, isolering of voorkoming van 'n ongemagtigde of steurende gebruik van sodanige sein of frekwensie of van 'n versending.''.<br>3. Die wysiging van artikels 30 en 32 deur die woorde ''Wet op Telekommunikasie'' deur die woorde ''Wet op Elektroniese Kommunikasie'' te vervang.<br>4. Die wysiging van artikel 56 deur dit deur die volgende artikel te vervang:<br>''**Intrekking van lisensie om elektroniese kommunikasiediens te verskaf.-**Die lid van die Kabinet verantwoordelik vir kommunikasie kan, na oorleg met die Owerheid, in die geval van 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding van 'n **[telekommunikasie-diensverskaffer]** elektroniese kommunikasiediensverskaffer aan 'n misdryf bedoel in artikel 51 (3) *(a)* (ii) en ondanks die oplegging van enige straf voorgeskryf by artikel 51 (3) *(b)*, die lisensie aan die betrokke **[telekommunikasie-diensverskaffer]** elektroniese kommunikasiediensverskaffer kragtens **[Hoofstuk V van die Wet op Telekommunikasie]** Hoofstuk 3 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie uitgereik om 'n **[telekommunikasiediens]** elektroniese kommunikasiediens te verskaf, intrek.''. |

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—100
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—100